# 'N EVALUERING VAN ' N SPANBENADERING BY DIE BEPALING VAN BEHEER EN TOESIG VAN KINDERS

**LAURIKA N. ROSSOUW**

Hons. B.A.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in Kliniese Psigologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

STUDIELEIER: MEV M. DE WAAL

POTCHEFSTROOM

November 1998

## *Prayer Before Birth*

***I am not yet born; O hear me***
***Let not the bloodsucking bat or the rat or the stoat or***
***the clubfooted ghoul come near me.***

***I am not yet born; console me***
***I fear that the human race may with tall walls wall me, with strong drugs dope me, with wise lies***
***lure me, on black racks rack me, in blood baths roll me.***

***I am not yet born; provide me***
***With water to dandle me, grass to grow for me, trees to talk to me,***
***Sky to sing to me, and white light in the back of my mind to guide me.***

***I am not yet born; forgive me***
***For the sins that in me the world shall commit, my words***
***When they speak me, my thoughts when they think me,***
***My treason engendered by traitors beyond me,***
***My life when they murder by means of my hands,***
***My death when they live me.***

***I am not yet born; rehearse me***
***In the parts I must play and the cues I must take when old men lecture me,***
***Bureaucrats hector me, mountains frown at me, lovers laugh at me, the white waves call me to folly***
***and the desert calls me to doom and the beggar refuses my gift and my children curse me.***

***I am not yet born; O hear me,***
***Let not the man who is beast or who thinks he is God come near me.***

***I am not yet born; O fill me***
***With strength against those who should freeze my humanity, would dragoon me onto lethal***
***automation, would make me a cog in a machine, a thing with no face, a thing, and against all those***
***who would dissipate my entirety, would blow me like thistledown hither and thither or hither and***
***thither like water held in the hands would spill me.***

***Let them not make me a stone and let them not spill me.***
***Otherwise kill me.***

***-LOUIS MACNEICE***

## DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering word aan die volgende persone betuig:

◊ Mev. M. de Waal as studieleier.

◊ Al die regters, prokureurs, maatskaplike werkers en sielkundiges wat goedgunstiglike die vraelyste ingevul het.

◊ Adv. B. Hechter, gesinsadvokaat, en mev. A.M. Wentzel vir hulp en advies.

◊ Die SWO vir hulle ondersteuning.

◊ Mev. C. van der Walt vir die taalversorging asook mnr. I. Rossouw, mee. M. Joubert en E. Dyson vir hulle bydraes.

◊ My familie: 'n spesiale woord van dank vir hulle hulp en nimmereindigende ondersteuning en belangstelling in die skripsie.

◊ Vriende, wie se motivering en ondersteunig altyd waardeer is, veral Roger, Alewyn en Maria, sonder wie se hulp dit nooit voltooi sou kon word nie.

◊ Rico, spesiale dank vir al sy aanmoediging, ondersteuning, geduld en liefde wat dit vir my moontlik gemaak het om vol te hou.

◊ My Hemelse Vader vir Sy krag en genade op my lewenspad.

◊ My moeder, Susan, aan wie ek in besonder hierdie skripsie opdra en sonder wie se liefde, leiding en voorbeeld ek nooit so ver in die lewe sou kom nie – 'n moeder soos u: sola gratia!

## INHOUDSOPGAWE


Dankbetuigings ..... ii

Lys tabelle ..... viii

Summary ..... xiii

**HOOFSTUK 1: PROBLEEM- EN DOELSTELLING** ..... 1

1.1 PROBLEEMSTELLING ..... 1

1.2 DOELSTELLING ..... 3

1.3 VOORUITSKOUING ..... 4

**HOOFSTUK 2: BEGRIPSOMSKRYWING EN AGTERGROND-GESKIEDENIS** ..... 5

2.1 BEGRIPSOMSKRYWING ..... 5

2.1.1 Huwelik ..... 5

2.1.2 Egskeiding ..... 6

2.1.3 Voog ..... 6

2.1.4 Psigologiese ouer ..... 10

2.1.5 Die beste belang van die kind ..... 10

2.1.6 Psigologiese toetsing ..... 10

2.2 AGTERGRONDGESKIEDENIS VAN EGSKEIDING ..... 11

2.3 GESKIEDENIS VAN TOESIG- EN BEHEERWETTE ..... 12

2.4 DIE TOESIG- EN BEHEERSITUASIE IN SUID-AFRIKA ..... 14

2.4.1 Beskerming van die minderjarige se belange ..... 14

2.4.2 Wetlike aspekte van toesig en beheer in Suid-Afrika ..... 15

2.4.3 Verandering in bestaande toesiguitsprake ..... 16

2.5 DIE "BESTE BELANG VAN DIE KIND"-KONSEP ........ 16

2.6 SAMEVATTING VAN DIE TOESIG- EN BEHEERKRITERIUM ........ 18

**HOOFSTUK 3: KRITERIA VIR TOESIG EN BEHEER IN DIE HOF** ........ 20

3.1 FAKTORE AANGAANDE DIE OUERS WAT DEUR DIE HOF GEBRUIK WORD ........ 21

3.1.1 Faktore by toesig- en beheerbesluite ........ 21

3.1.2 Faktore relevant vir evaluasie ........ 22

3.1.2.1 Ouers se betrokkenheid by hulle kinders ........ 22

3.1.2.2 Ouers se vermoëns teenoor die kind(ers) se behoeftes ........ 23

3.1.2.3 Gesinsdinamika ........ 23

3.1.2.4 Redes vir toesig- en beheersake ........ 23

3.2 KRITERIA VIR TOESIG EN BEHEER IN SUID-AFRIKA ........ 24

3.3 VERANDERLIKES WAT DIE KIND SE HANTERING VAN DIE EGSKEIDING BEÏNVLOED ........ 28

3.3.1 Invloede op kinders in verskillende ouderdomsgroepe ........ 28

3.3.2 Invloede op kinders in die algemeen ........ 30

3.3.3 Invloede op die ouers ........ 31

3.4 SAMEVATTING ........ 32

**HOOFSTUK 4: EVALUASIE AS HULPMIDDEL IN TOESIG- EN BEHEERSAKE** ........ 33

4.1 BENADERING TEN OPSIGTE VAN EVALUASIE ........ 34

4.1.1 Evaluasie van ouers ........ 35

4.1.2 Evaluasie van kinders ........ 36

4.2 INTERDISSIPLINÊRE SPANNE ..... 37
4.2.1 Voor- en nadele van'n interdissiplinêre spanbenadering ..... 37
4.2.2 Die Interdissiplinêre verhouding ..... 39

4.3 KRITIEK OP DIE SIELKUNDIGE BENADERING ..... 40

4.4 INTERVENSIE ..... 41

4.5 TEGNIESE SAKE IN TOESIGEVALUASIES ..... 41

4.6 SAMEVATTING ..... 42

**HOOFSTUK 5 : 'N MODEL VIR TOESIG- EN BEHEEREVALUASIES** ..... 43

5.1 VERANDERLIKES WAT DIE MEESTE BY EVALUASIES GEBRUIK WORD ..... 43

5.2 METODES GEBRUIK BY EVALUASIE ..... 44
5.2.1 Selfrapporterende metodes ..... 44
5.2.1.1 Aanvanklike onderhoud ..... 44
5.2.1.2 Individuele onderhoude met ouers ..... 45
5.2.2 Direkte observasie ..... 45
5.2.3 Psigologiese toetsing ..... 46
5.2.3.1 Vraelyste ..... 46
5.2.4 Kollaterale data ..... 47

5.3 'N WERKMODEL VIR EVALUASIE ..... 47

5.4. SAMEVATTING ..... 48

**HOOFSTUK 6: METODE VAN ONDERSOEK** ..... 49

6.1 DIE ONDERSOEKGROEP ..... 50

6.2 NAVORSINGSPROSEDURE ..... 50

6.3 MEETINSTRUMENT ........ 51
6.3.1 Selfopgestelde vraelys deur die ondersoeker (1996) ........ 52
6.3.1.1 Rasionaal ........ 52
6.3.1.2 Aard, administrasie en interpretasie ........ 52
6.2.1.3 Betroubaarheid en geldigheid ........ 52

6.4 DIE STATISTIESE PROSEDURE ........ 52

6.5 DATAVERWERKING ........ 53

6.6 SAMEVATTING ........ 53

**HOOFSTUK 7: BESPREKING VAN DIE TOETSRESULTATE ........ 54**

7.1 RESULTATE ........ 54
7.1.1 Demografiese gegewens ........ 54
7.1.1.2 Samevatting ........ 57
7.1.2 Respondente se mening aangaande die verslae ........ 57
7.1.2.1 Samevatting ........ 68

7.2 ALGEMENE MENING VAN DIE RESPONDENTE OOR TOESIG EN BEHEER ........ 70
7.2.1 Samevatting ........ 79

**HOOFSTUK 8: GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN SLOT ........ 81**

8.1 ORIËNTERING ........ 81
8.1.1 Doelstelling ........ 81
8.1.2 Literatuuroorsig ........ 81
8.1.3 Bespreking van toetsresultate ........ 82
8.1.3.1 Demografiese gegewens ........ 82
8.1.3.2 Respondente se mening aangaande die verslae ........ 82

8.1.3.3 Algemene mening oor toesig en beheer ........ 82

8.2 GEVOLGTREKKINGS ........ 83

8.3 LEEMTES IN DIE ONDERSOEK ........ 85
8.3.1 Leemtes ten opsigte van die navorsingsmetode ........ 85
8.3.2 Leemtes ten opsigte van die meetinstrumente ........ 85

8.4 AANBEVELINGS ........ 85

8.4 SLOT ........ 87

**BIBLIOGRAFIE** ........ 88

**BYLAES** ........ 95

**Bylaag A** : Die sielkundige span-verslag ........ 96

**Bylaag B** : Die enkelsielkundige-verslag ........ 118

**Bylaag C** :Die vraelys aan die regters, prokureurs, maatskaplike werkers en sielkundiges ........ 169

**Bylaag D**: Wet op egskeiding, no 70 van 1979 ........ 190

**Bylaag E**: Wysigingswet op egskeiding, no.70 van 1979 ........ 200

**Bylaag F** :Wet op voogdy no. 192 van 1993 ........ 203

## LYS TABELLE

TABEL 7.1

Responskoerse van vraelyste ........................................................................ 54

TABEL 7.2

Geslag .......................................................................................................... 55

TABEL 7.3

Ouderdom.................................................................................................... 55

TABEL 7.4

Taalverband.................................................................................................. 56

TABEL 7.5

Huwelikstatus .............................................................................................. 56

TABEL 7.6

Voorheen toesig- en beheersake behartig? ............................................... 56

TABEL 7.7

Was die evaluasie objektief of subjektief?.................................................. 57

TABEL 7.8

Die finale besluit met betrekking tot toesig en beheer was ten gunste van:................. 58

TABEL 7.9

Respondente se reaksie op die finale besluit van die verslae...................................... 58

TABEL 7.10

Respondente se siening oor die noodsaaklikheid om die evalueerder se besluit aan die partye oor te dra ................................................................................ 59

TABEL 7.11

Aanbeveling van ondersteuningsnetwerke ................................................ 59

TABEL 7.12

Vertroue in die evalueerders se professionele mening.................................................. 60

TABEL 7.13

Word die kinders aan die onskuldige partye toegesê?................................................ 61

TABEL 7.14

Word die kinders se wense in ag geneem? .................................................................. 61

TABEL 7.15

Geestelike en fisiese gesondheid van die individue .................................................... 62

TABEL 7.16

Minimum ontwrigting vir die kinders .......................................................................... 62

TABEL 7.17

Impak van spanning ...................................................................................................... 63

TABEL 7.18

Is die terme in die verslag aan hulle bekend/verstaanbaar?........................................ 63

TABEL 7.19

Word die verslag word in die geheel gelees of slegs die opsomming? ....................... 64

TABEL 7.20

Tydperk van evaluasie.................................................................................................... 64

TABEL 7.21

In die beste belang van die kind .................................................................................... 65

TABEL 7.22

Interaksie tussen ouers, kinders en sibbe ...................................................................... 66

TABEL 7.23

Die rol van die sielkundiges .......................................................................................... 66

TABEL 7.24

Hoe logies was die verslae? .......... 67

TABEL 7.25

Afleidings met betrekking tot toesig en beheer .......... 68

TABEL 7.26

Is die ouderdomme van die kinders aanvaarbaar vir hul plasing? .......... 68

TABEL 7.27

Watter toesig- en beheerooreenkoms staan u voor? .......... 70

TABEL 7.28

Partye betrokke by die evaluasie .......... 71

TABEL 7.29

Namens wie getuig die evalueerders in die hof? .......... 71

TABEL 7.30

Die evaluasie sluit die volgende aspekte in: .......... 71

TABEL 7.31

Word 'n bydrae van maatskaplike werkers vereis? .......... 72

TABEL 7.32

Word die aanbeveling gebruik al is dit teen die party wat verteenwoordig word? .......... 72

TABEL 7.33

Word toesig- en beheerevaluasies by u kliënte aanbeveel? .......... 73

TABEL 7.34

Is die evaluasie uiteindelik ten gunste van die kinders? .......... 73

TABEL 7.35

Is die evalueerders genoegsaam opgelei vir hierdie span-situasie? .......... 73

TABEL 7.36

Word die sielkundiges in sommige gevalle gebruik om 'n party se saak te versterk of die teenparty se saak te benadeel? .......... 74

TABEL 7.37

Word die verandering in die toesig- en beheerreëlings as ontwrigtend of voordelig vir die kind beskou? .......... 74

TABEL 7.38

Word die sielkundiges as meer deskundig op die gebied van ouer-kindverhoudinge beskou? .......... 75

TABEL 7.39

Wat is die belangrikste by die evaluasie? .......... 75

TABEL 7.40

Word die aanpassing by huis, skool en gemeenskap in ag geneem? .......... 76

TABEL 7.41

Die respondente se begrip van psigometriese toetse .......... 76

TABEL 7.42

Is die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n persoon van fundamentele belang in toesig- en beheergevalle? .......... 76

TABEL 7.43

Sienings oor sielkundiges se betrokkenheid by toesig- en beheersake .......... 77

TABEL 7.44

Deur wie moet referente genader word? .......... 77

TABEL 7.45

Speel die kinders se ouderdomme 'n rol in waar hulle geplaas word tydens die toesig-en beheerevaluasie? ........................................................................ 78

TABEL 7.46

Moet ouers se finansiële posisie in ag geneem word by die evaluasie?....................... 78

TABEL 7.47

Wie moet die finansiële koste van die evaluasie dra? ................................................ 79

# SUMMARY

## THE PSYCHOLOGICAL TEAM APPROACH TO THE CUSTODY OF CHILDREN

The purpose of this research is to compare the meaningfulness of the team approach with regard to the evaluation of custody of children with that of a single psychologist. The main hypothesis is that the contribution of the team approach in determining child custody is more meaningful than that of the single psychologist.

The purpose of the study was to establish whether the other professions (judges, attorneys, social workers and psychologists that were possibly involved in similar evaluations) found the team approach more meaningful as opposed to the evaluation done by a single psychologist. Chapter 2 discusses the terminology and background history of divorce and child custody. Chapter 3 focuses on the criteria for the evaluation of custody. The team approach is emphasized. In the discussion the multi-disciplinary relationship is highlighted and considered.

Chapter 5 considers the model for the evaluation of child custody. Various methods are considered and a working model is provided.

Chapter 6 discusses the qualitative research with reference to the *ex post facto* method.

In chapter 7 the results obtained from the questionnaire are expounded. The results are compared in accordance with the focus of the study: Which of the approaches is more meaningful for the different professions - the team or the single psychologist?

From the results the following can be deduced:

- the final recommendation of the team approach is considered more acceptable;
- the team approach is more aware of the trauma and tension of the family members;
- the reports from the team are more understandable and clear;
- the decisions made by the team are more focused on the best interest of the child;
- the team contribution is perceived to be more positive;

- all suppositions affecting attitudes regarding cases of child custody are still used as standard;
- the evaluation is for the benefit of the children;
- the evaluation appears to be very objective.

General conclusions and recommendations are considered in Chapter 8.

# HOOFSTUK 1

# PROBLEEM- EN DOELSTELLING

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Egskeiding staan nie totaal los van die samelewing nie. Die toenemende voorkoms van egskeiding reflekteer en beïnvloed die veranderende verhouding tussen mans en vrouens en bring in baie gevalle verhoogde vlakke van angs by mans en vrouens, kinders en ouers te weeg. Egskeiding is nie 'n enkele losstaande gebeurtenis nie, maar 'n komplekse reeks veranderinge in gesinsverhoudings. Dit begin by die mislukking van die huwelik en strek oor talle jare van wanbalans binne die gesin heen (Wallerstein, 1991).

Die modifikasie van die wetlike struktuur, veranderinge in tradisionele en stereotipe ouerrolle, veranderende ekonomiese omstandighede asook kontemporêre sosiale en geloofsveranderinge het alles daartoe bygedra dat egskeidings meer algemeen en aanvaarbaar geword het (Charnas, 1983). As gevolg van die verhoogde egskeidingsyfer het 'n groter behoefte aan toesig- en beheerevaluasies ontstaan. Die psigologiese impak van egskeidings op elke individu wat daarby betrokke is, het die afgelope jare van groter belang geword. 'n Belangrike motivering vir toesig- en beheerevaluasie was die afwesigheid van 'n sistematiese evaluasiebenadering om die sosiale probleem te kan oplos (Jackson, Warner, Hornbein, Nelson & Fortescue, 1980).

In Suid-Afrika alleen neem egskeidings groot afmetings aan en is die persone wat die meeste daardeur geraak word, die kinders. Zarski, Knight & Zarski (1985) meen dat die toenemende voorkoms van egskeidings, hoë regskoste en die emosionele trauma van kinders wat deur onaangename hofsake gesleep word, 'n mensliker metode vereis om toesig en beheer vas te stel. Groter klem moet gelê word op die ontwikkeling van 'n omvattende metode van evaluasie, soos die sielkundige spanbenadering, sodat die sterk- en swakpunte van ouers, asook die behoeftes van kinders geëvalueer kan word. Dit blyk dan ook dat die psigologiese gesondheid van die kinders verband hou met die besluit wat geneem word ten opsigte van toesig en beheer, omdat die ouer wat toesig verkry, 'n groter impak het op die kind(ers) as die ouer wat net besoekregte ontvang.

Hierdie ouer-kindverhouding kan die kind(ers) se aanpassing in die toekoms beïnvloed (Cumes en Lambaise, 1987a). Verder beïnvloed egskeiding die kind(ers) se primêre bande met die ouers en veroorsaak dit stres wat weer inmeng met die normale ontwikkeling van die kind(ers). Die besluit oor toesig en beheer moet gevolglik so vinnig as moontlik geneem word om die negatiewe impak van die egskeiding op die ouers en op veral die kinders te beperk (Trombetta, 1982).

Die toesig- en beheerevaluasie by egskeidings word deur die hof en die sielkundige benader vanuit die "beste belang van die kind"-konsep (Robinson, 1992; Charnas, 1983; Watson, 1981). Hierdie benadering poog om te fokus op die kind en sy/haar behoeftes - emosioneel, kognitief, fisies en sosiaal - om tot 'n besluit te kom wat gebaseer is op watter ouer die beste in die kind(ers) se behoeftes sal voorsien. Die evaluasie vir toesig en beheer word deur die evaluasie van die psigologiese aspekte en gedrag in die beste belang van die kind(ers) gedoen. Daar het oor die jare 'n nuwe alliansie tussen die geestesgesondheidsprofessie en die regsprofessie ontstaan, wat gebaseer is op die gedragswetlike model van kinderontwikkeling en wat 'n rasionele basis vir evaluasie vorm (Trombetta, 1982).

'n Probleem by die toesig- en beheerevaluasie is dat die sielkundige dikwels slegs één party tydens die egskeiding verteenwoordig . Sodoende word die kinders benadeel. Die sielkundige se eerste verantwoordelikheid is die kind(ers) en dit is dus nodig dat die sielkundige op gelyke voet met albei die ouers moet verkeer. As die sielkundige deur 'n spesifieke ouer of advokaat genader word, beperk sekere faktore die resultate van die evaluasie. Dit sluit in dat een ouer dalk weier om mee te doen aan die evaluasie, wat tot gevolg het dat die evaluasie van slegs een ouer en die kind(ers) plaasvind. Die sielkundige se aanbeveling bereik moontlik nie die hof nie, omdat die kliënt se prokureur moontlik kan besluit dat die resultate alleenlik gebruik sal word as dit tot sy/haar kliënt se voordeel strek. Indien hy/sy sou besluit dat dit nie tot sy kliënt se voordeel strek nie, kan hy/sy dit verwerp (Trombetta, 1982; Derdeyn, 1975).

Die spanbenadering ('n span bestaande uit twee of meer sielkundiges wat elkeen 'n spesialis op sy/haar gebied is), help om sekere vooroordele en probleme soos eensydigheid, subjektiwiteit en wedersyde beskuldigings en verwyte die hoof te bied.

Deur 'n gedetailleerde proses van 'n omvattende evaluering, waarby albei die partye sowel as die kind(ers) betrokke is, kan die span dan 'n redelik goeie begrip van die kind(ers) en sy/hul verhouding tot sy/hul ouers verkry (Musetto, 1978; Derdeyn, 1975).

As die sielkundige optree op versoek van die hof of gesinsadvokaat (wat die kind(ers) se belange beskerm), kan hy/sy as 'n neutrale deskundige beskou word (Karras &Berry, 1985; Musetto, 1982). Die evaluerende sielkundige dien as 'n deskundige ten opsigte van kinderontwikkeling en neem die kind(ers) se psigo-sosiale ontwikkelingstadium, die aard van hul verhouding met die kompeterende ouers en enige ander belangrike mediese of emosionele probleme van die kind(ers) of ouers in ag. Dié aspekte word in ag geneem wanneer aanbevelings aan die gesinsadvokaat gemaak word oor watter ouer die beste in die kind(ers) se ontwikkelingsbehoeftes sal voorsien. Alhoewel die sielkundige nie die regsbesluite neem nie, maak hy/sy deel uit van die debatsarea deurdat hy/sy sekere faktore beklemtoon en deskundige menings gee wat die hof help om konstruktiewe besluite te neem (Cumes & Lambaise, 1987b).

**Uit die literatuur blyk dit dat 'n spanbenadering die ideale wyse is om toesig en beheer te bepaal, maar verder ook dat 'n spanbenadering te selde by sulke evaluasies gebruik word. Die vraag ontstaan of 'n spanbenadering se bydrae by die bepaling van toesig en beheer van kinders vir die verskillende professies meer betekenisvol (soos gemeet deur die vraelys) is as dié van die enkelsielkundige alleen.**

## 1.2 DOELSTELLING

Die doelstelling van hierdie ondersoek is om die betekenisvolheid van die spanbenadering met betrekking tot die evaluasie van toesig en beheer by kinders te vergelyk met dié van 'n enkelsielkundige. Daar sal nagegaan word of beoefenaars van die ander professies - regters, prokureurs, maatskaplike werkers en sielkundiges - wat by soortgelyke evaluasies betrokke mag gewees het, die spanbenadering se evaluasie meer betekenisvol vind as dié wat deur 'n enkelsielkundige gedoen is.

## 1.3 VOORUITSKOUING

Hierdie ondersoek bestaan uit 'n teoretiese asook empiriese komponent. Die teoretiese uiteensetting is die literatuuroorsig wat saamgestel is uit boeke, proefskrifte en tydskrifartikels rakende die onderwerp. Die empiriese komponent is inligting wat verkry is uit vraelyste soos uiteengesit in Bylaag C.

In die onderhawige hoofstuk word die probleemstelling, doelstelling en basiese hipoteses van die huidige ondersoek uiteengesit. In hoofstukke 2 tot 5 word die basiese riglyne rakende die spanbenadering soos in die literatuur uiteengesit, bespreek. Die empiriese ondersoek sal in hoofstuk 6 uiteengesit word met verwysing na die ontwerp, ondersoekgroep, meetinstrument, prosedure en wyse van statistiese analise. In hoofstuk 7 sal die resultate en die interpretasie daarvan beskryf word. Gevolgtrekkings en aanbevelings sal in Hoofstuk 8 gemaak word.

# HOOFSTUK 2

# BEGRIPSOMSKRYWING EN AGTERGRONDGESKIEDENIS

***"Divorce changes the relationship between the parents, it does not end it."***

Hess & Camara (1979:80)

Die rol van die sielkundige binne die veld van die wet is besig om drasties te verander. Waar die sielkundige altyd op sy/haar eie gewerk het, begin hy/sy nou 'n deel uitmaak van 'n multi-dissiplinêre span. Een van die gebiede waarop hierdie bedrywighede van die span prominent na vore kom, is toesig- en beheersake van kinders. Vanweë die verband tussen egskeidings en toesig- en beheersake word daar eerstens 'n oorsig oor die agtergrondgeskiedenis van en teoretiese aannames ten opsigte van hierdie aspekte gegee. Die kriteria en modelle sal in latere hoofstukke uitgelig word. 'n Ondersoek na die geldigheid van 'n sielkundige spanbenadering sal dan deur die literatuur én die navorsing vasgestel word.

## 2.1 BEGRIPSOMSKRYWING

### 2.1.1 Huwelik

Volgens die HAT (1994) word die huwelik beskryf as 'n wettige verbintenis tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag om lewenslank as man en vrou saam te leef, óf 'n plegtigheid waarop so 'n verbintenis aangegaan word, óf die toestand van gehuud, in die eg verbind te wees.

Steyn, Van Wyk en Le Roux (1989:27) definieer die huwelik soos volg: "Die stel norme en gedragspatrone wat in die meeste samelewings as die instelling van die huwelik bekend staan, het in essensie betrekking op die maatskaplike goedkeuring van die verhouding tussen die man en die vrou tussen wie daar 'n geslagsverhouding bestaan, en op die aard van die wedersydse regte en verpligtinge wat tussen die betrokke paar uit die geslagtelike verhouding voorspruit."

### 2.1.2 Egskeiding

Wesenlik kan egskeiding beskou word as die wettige ontbinding van die huwelik tussen die partye deur die hof wat lei tot die verandering in die huweliksverhouding, maar nie noodwendig 'n verandering in die ouer-kindverhouding nie. Die redes vir egskeiding is besonder gevarieerd en net die primêre redes word in die wetgewing vervat. Voor 1979 was slegs een party in die huwelik as skuldig beskou en is die verbreking van die huwelik hieraan toegeskryf. Sedert 1979 word egskeiding meestal aan die onherstelbare verbrokkeling en geen kans op herstel tot 'n normale huwelik nie, toegeskryf (Murray, 1993). Ingevolge die Wet op Egskeiding 70 van 1979 (sien Bylaag D) is daar drie egskeidingsgronde:

- onherstelbare verbrokkeling van die huwelik;
- ongeneeslike geestesongesteldheid; en
- voortdurende afwesigheid van huweliksparty.

### 2.1.3 Voog

Volgens die HAT (1994) verwys die term voog na iemand wat aangestel is om die belange van 'n ander te behartig, veral dié van 'n minderjarige. **Voogdy** verwys na die mag of gesag van iemand in sy hoedanigheid as voog. Volgens Hoffman en Pincus (1989) is toesig en beheer 'n komponent van voogdy (voogskap).

As voog sal die ouer die kind bystaan byvoorbeeld in die aansoek om 'n paspoort, om 'n kontrak te teken, by die verandering van 'n naam en soortgelyke aktiwiteite. Voor 1993 is die vader oor die algemeen beskou as die voog maar sonder toesig oor die minderjarige kind(ers). Hierdie status kon alleenlik verander indien die moeder in die egskeidingsgeding die voogskap aangevra het. As die betrokke partye sou instem dat die moeder voogskap én toesig en beheer kry, sou die hof dit so beslis. As die vader voor die egskeiding geen belang gehad het by die kind(ers) nie, sou die moeder sterk gronde gehad het om aansoek te doen om beide toesig en beheer en voogskap (Murray, 1993; Hoffman & Pincus, 1989). In 1993 is die wetgewing gewysig, nl. dat beide ouers

voortaan toesig oor minderjarige kinders sal hê. Die moeder se voogskap is dus nou gelykwaardige aan dié van die vader. Dit behels dat enige van die ouers selfstandig en sonder die toestemming van die ander in belang van sy/haar kinders kan optree (sien Bylaag F).

◊ **Toesig en Beheer** (Sole Custody)

Foster (1983) dui daarop dat toesig en fisiese besit van 'n kind verskillende konsepte is. Toesig en beheer kan vanuit 'n wetlike perspektief gesien word as die besit van regte en verantwoordelikhede deur die ouer met betrekking tot die kind(ers). Die ouer wat toesig en beheer oor die kinders het, het die reg om te besluit hoe die kind opgevoed kan word, waar hy/sy sal gaan, met wie hy/sy sal assosieer, wat hy/sy sal doen, wanneer hy/sy mediese hulp sal ontvang ensovoorts. Ouers het ook die verantwoordelikheid om na die kind se behoefte aan voedsel, beskerming, en opvoeding om te sien. By toesig en beheer is die kind dan gewoonlik by die ouer woonagtig wat volgens die hof aangewys is as die toesighoudende ouer, maar nie noodwendig die voog nie (Ackerman, 1995; Herman, 1990; Weiner, 1985).

Kortliks gestel is toesig en beheer 'n konsep wat daarop neerkom dat slegs een ouer toesig oor die kind(ers) het, en wat sekere regte behels soos reeds bespreek. Die ander ouer kry ook dan besoekregte waartydens hy/sy die kind dan naweke en 'n paar weke gedurende vakansies sien.

Soos hieruit blyk, is besoekregte een van die aspekte wat saamhang met toesig en beheer. Dit blyk ook een van die moeilikste aspekte te wees waaroor regters moet besluit. Dit blyk dat daar tussen die regs- en sielkundeprofessie groot verskille ten opsigte van opvattings rakende besoekregte tot kinders voorkom. Die algemeenste is die vraag of besoekregte positief is of nie en hoe dit aangedui moet word. Vier tipes besoekregte kom voor:

- **Onbeperkte besoekregte**

  Dit dui op onbeperkte toegang en besoekregte tussen die kind(ers) en die nie-toesighoudende ouer.

- **Gereguleerde besoekregte**

  Dit verwys na situasies waarin die kind die nie-toesighoudende ouer op 'n gereelde basis, soos oor naweke of op alternatiewe naweke sien en besoek.

- **Ongereelde besoekregte**

  Dit verwys na 'n situasie waarin daar geen patroon ten opsigte van die besoeke voorkom nie, maar waar die nie-toesighoudende ouer en die kind mekaar net sporadies sien. Die redes daarvoor kan wees dat die ouer of die kind of beide teësinnig is om kontak te behou, die toesighoudende ouer se houding teenoor besoeke negatief is of dat een van die ouers verhuis het.

- **Geen besoekregte**

  Dit dui daarop dat die kontak tussen die nie-toesighoudende ouer en die gesin heeltemal verbreek is. Somtyds vind dit plaas omdat die nie-toesighoudende ouer die gesin verwerp het (Rosen , 1977). Andersyds kan die hof dit so beslis.

◊ **Gesamentlike Toesig** (Joint Custody)

Hierdie konsep behels dat beide ouers 'n aansienlike hoeveelheid tyd saam met die kind(ers) deurbring asook dat hulle by sy/haar daaglikse versorging betrokke is. Alhoewel die definisie nie spesifiek is nie, beteken dit dat albei ouers gewoonlik weeksdae en naweke tyd saam met die kinders deurbring. Tyd saam met die kind word nie beperk tot naweke en 'n paar weke tydens vakansies nie. Dit beteken ook dat albei die ouers gelyke regte het ten opsigte van belangrike besluite wat die kind(ers) se lewe raak (Ackerman, 1995; Racusin, Albertini, Wishik, Schnurr & Mayberry, 1989; Shäfer, 1987; Atkinson, 1983).

Die konsep van gesamentlike toesig dui daarop dat, in sekere omstandighede, albei ouers die reg behou om belangrike besluite met betrekking tot die kind se lewe te maak, met ander woorde om die kind se fisiese toesig te deel alhoewel die kind nie op twee

verskillende plekke kan woon nie. Gesamentlike toesig het dus twee aspekte, nl. besluitneming en fisiese toesig.

Ackerman (1995) en Herman (1990) sit kriteria uiteen vir gedeelde toesig wat daarop dui dat die sukses van hierdie tipe toesig afhang van albei die ouers se geskiktheid en albei se wens om voortdurend betrokke by hul kind(ers) te wees. Beide moet deur die kind(ers) beskou word as 'n bron van sekuriteit en liefde. Beide moet die kind(ers) se beste belang op die hart dra, en met mekaar kan kommunikeer en saamwerk om die kind(ers) se belange te bevorder. Gesamentlike toesig kan tot voordeel van beide die kind(ers) en die ouers wees. Die uitvoerbaarheid word bepaal deur die ouers se samewerking en praktiese oorweging van elke saak. Weiner (1985) lewer kritiek op gesamentlike toesig, naamlik dat dit tot verdere verwardheid en trauma by die kind(ers) lei. Kommer word uitgespreek dat die kind(ers) wisselend aan twee verskillende lewenstyle en houdings met betrekking tot dissipline, sosio-ekonomiese status en geloof blootgestel word.

Dus, om gesamentlike toesig te laat werk, moet albei die ouers daartoe verbind wees om dit te laat werk. Dit behels die opsyskuif van vorige verskille wat gelei het tot die egskeiding, en die bereidwilligheid en vermoë om te kommunikeer oor sake wat die kind(ers) raak.

◊ **Gedeelde toesig**

In gesinne waar die kinders en ouers verdeel is in verskillende vegtende kampe en versoening onmoontlik lyk, is gedeelde toesig die enigste oplossing - hoewel 'n onbevredigende een. Die skeiding van kinders is in uiterste omstandighede 'n oplossing. Letterlik word die gesin in twee geskeur, waar nie net die ouers skei nie, maar sibbe ook geskei en by verskillende ouers groot word. Die algemene indeling is dat die dogter(s) na die moeder gaan en die seun(s) na die vader. Dit is veral by ouer kinders dat daar 'n sterk voorkeur bestaan om by 'n sekere ouer te woon, gepaard met 'n vyandigheid teenoor die ander ouer, dat hierdie keuse uitgevoer word. Die sibbe in so 'n verdeelde

gesin het gewoonlik ook nie 'n naby-verhouding nie en die moontlikheid van die ontwikkeling daarvan is skraal (Cumes & Lambiase, 1987b).

### 2.1.4 Psigologiese Ouer

Goldstein, Freud en Solnit (1973) se konsep van psigologiese ouerskap blyk 'n innoverende wyse te wees om die beste belang van die kind en welsyn van kinders duideliker te definieer. Die psigologiese ouer is die een wat positief reageer op die kind(ers) se emosionele, fisiese en kognitiewe behoeftes. Charnas (1983) dui aan dat die konstantheid en betroubaarheid van gedrag, asook versorging, kritieke aspekte van hierdie ouer-kindverhouding is. In die praktyk kan hierdie aspekte in die verhouding tussen die ouer en die kind waargeneem word. Evaluasie kan dan die hegte tipe verhouding wat bestaan, aandui.

### 2.1.5 Die Beste Belang van die Kind

Volgens Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther (1989) en Musetto (1981) is die wetsontwerp gerig op die beste belang van die kind(ers), naamlik dat die kind se verhouding met die ouer, wat toesig ontvang, van die grootste belang is en dat die toesigvorm uiteindelik net sal strek tot die kind se fisiese, emosionele en psigologiese voordeel. Die hof kyk na die spesifieke behoeftes en vereistes van die kind en besluit dan watter van die twee ouers, in ag genome hulle persoonlikheid en karakter, moontlik die beste in staat is om in die kind se behoeftes en vereistes te voorsien (Hoffman & Pincus, 1989). Die meeste howe neem dit in ag en indien geeneen van die ouers deur die hof geskik geag word nie, word die kinders in die sorg van 'n derde party, bv. die grootouers, geplaas (Murray, 1993).

### 2.1.6 Psigologiese Toetsing

Psigologiese toetsing is 'n gestandaardiseerde stel stimuli (soos vrae, probleme of stellings) wat deur 'n groep of individu beantwoord word, ten einde die graad van aanwesigheid of afwesigheid van sekere vaardighede, eienskappe, vermoëns of kennis te evalueer. Dit word gebruik vir die meting en evaluering van 'n verskeidenheid

veranderlikes soos intelligensie, aanleg, prestasie, houding, persoonlikheidseienskappe, emosies ens. Enige stimulus of situasie wat bepaalde gedrag uitlig, of dit nou tipies van die individu is of nie, kan as 'n toets beskou word. Om hierdie rede word 'n vraelys, of 'n opname van houding, dikwels as 'n toets gereken, hoewel dit nie aan die streng vereistes van 'n toets voldoen nie. In die praktyk word toetse gebruik as hulpmiddels by die ontleding, verklaring en voorspelling van gedrag (Plug et al., 1987).

## 2.2 AGTERGRONDGESKIEDENIS VAN EGSKEIDING

◊ **Die Romeinse Wet**

Die konsep van "*libertas matrimoni*" (die vryheid van die huwelik) het in die Romeinse Wet voorgekom. Die beginsel van die vryheid van die huwelik het ingesluit die reg om die huwelik te enige tyd deur wederkerige toestemming te beëindig. Alhoewel die huwelik in Ou Rome 'n siviele kontrak was en vrylik verbreek kon word, het dit selde plaasgevind. Geen wetlike intervensie *per se* was volgens Romeinse wetgewing benodig nie (Phillips, 1991).

Die huwelik in die vroeë periode was 'n formele proses. Dit was belangrik dat die mense moes weet of die huwelik bestaan of nie. Hierdie huwelik het bestaan op die beginsel van "*cum manu*". Dit kon alleenlik nietig verklaar word deur die formele verklaring van die man omdat beheer oor sy vrou deur die wet, synde die hoof van die gesin (*manus),* aan hom toegesê is (Phillips, 1991; Foster, 1983).

◊ **Die Middeleeue**

Uit reaksie teen die gebruik wat in die Romeinse tydperk gegeld het, het die pendule na die ander kant geswaai. Die Christendom, die skeppers van die Middeleeue, en dus ons moderne wêreld, het die huwelik vasgestel as sakrament en dus onvernietigbaar deur die mens. Die huweliksverhouding is dus verhef tot 'n geestelike vlak en die hertoetrede tot 'n huwelik was alleenlik moontlik na die afsterwe van die eggenoot. Later het sekere uitsonderings ingetree en teen die tyd van die Reformasie het die nietigverklaring van sogenaamde "vals huwelike" bygedra tot groot skandale. Egskeiding in die sin van

fisiese skeiding van man en vrou het nie die huweliksband geraak nie en is hulle steeds as getroud beskou (Phillips, 1991).

◊ **Die Protestantse Reformasie**

In die tweede helfte van die 16de eeu het daar verskuiwings in die politiek plaasgevind. Mense was in opstand teen die kerk se mag, en die algemene siening aangaande egskeidings het verander. Die sakrosante aard van die huwelik is verwerp, en in Westerse lande het die wetgewing ten opsigte van die gesinne oorgegaan na die siviele howe. Egskeiding was egter slegs op grond van owerspel en kwaadwillige verlating toegestaan (Foster, 1983).

◊ **Huidige Suid-Afrika**

Alhoewel die Romeins-Hollandse wetsisteem reeds sedert die einde van 1809 nie meer in Nederland in gebruik is nie, vorm dit steeds die fondament van die Suid-Afrikaanse regsisteem (Murray, 1993). Die regsisteem is tans besig om te verander, maar geen definitiewe veranderings ten opsigte van die egskeidingswet is al in werking gestel nie. Tans geld die Wet op Egskeiding no. 70 van 1979 (sien Bylaag D) nog steeds.

## 2.3 GESKIEDENIS VAN TOESIG- EN BEHEERWETTE

Die toenemende egskeidingsyfer, groter getalle werkende moeders en die veranderende rol van vader as ouer, het gelei tot 'n dramatiese verandering met betrekking tot toesig en beheer. Die wet het op verskeie wyses gereageer op hierdie toenemende probleem, waarvan die grootste aanpassing dié van die klemverskuiwing van die regte van die ouers na die behoefte van kinders is (Foster, 1983).

In die Engelse en oorspronklike Romeinse reg het vaders absolute reg oor kinders gehad en derhalwe toesig ontvang. In beide die Romeinse en Engelse wet is dit oorspronklik, en tot en met die laaste deel van die 19e eeu, aanvaar dat die vader as ouerlike mag en voog die bepaler van mag en rykdom is. Dus is daar voorkeur aan die vader as voog gegee. Vaders het totale outoriteit oor hulle kinders gehad, tot so 'n mate dat hulle hulle

kon verpand of hul lewens kon neem (Phillips, 1991; Wiener, 1985). Hierdie tradisie het tot die 19e eeu onveranderd gebly, maar daarna het die vaders se gedrag die hof genoop om hierdie wet te herroep (Herman, 1990; Derdeyn, 1976).

In die twintigerjare begin wetgewing verskuif ten gunste van materne toesig, gebaseer op die *"tender years doctrine"* (Derdeyn, 1983). Dit dui op die kwesbare jare van kinders onder 10 jaar waartydens kinders eerder deur die moeder opgevoed moet word, behalwe as die moeder as ongeskik vir die taak bewys kan word (Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989; Musetto, 1981). Hierdie beginsel is gebaseer op die geloof dat moeders beter as vaders sorg en liefde kan betoon, en oor variasies van ouerlike kenmerke beskik weens hulle biologiese band met die kinders. In bogenoemde tydperk het bekommernis oor praktiese implikasies geheers soos die tekort aan ouerlike beskibaarheid weens die Industriële Revolusie en die verskuiwing van die werksplek weg van die huis af. In die geval van egskeiding is die moeder as die primêre versorger van die kinders beskou en is toesig nie teëgestaan nie. Terselfdertyd het die vader altyd die voogskap ontvang, maar geen toesig nie (Murray, 1993). Selfs in die ekstreemste gevalle is toesig aan die moeder gegee, al was sy minimaal bevoeg - die vader se vermoëns en ander faktore was irrelevant.

Hierdie vooroordeel het tot onlangs toe bly voortbestaan ten spyte daarvan dat vaders in sekere gevalle poog om wetlik te bewys dat die moeder moreel, ekonomies of psigies onbevoeg is (Charnas, 1983). Die huidige groter betrokkenheid van vaders by hul kinders maak dit makliker om te verstaan waarom hulle hul daaglikse betrokkenheid selfs na die egskeiding wil voortsit en waarom die howe nie meer gewillig is om te aanvaar dat moeders noodwendig die primêre voorsieners in die kinders se behoeftes is nie. Dr. Mary C. Howell (in Atkinson, 1983:15), 'n professor in pediatrie aan die Harvard Medical School, meld: ***"It should be noted immediately that many/most of essential aspects of mothering might better be considered aspects of parenting...We should therefore remember that the childcare usually performed by mothers might just as well be carried out by fathers."***

Tans word van die standpunt uitgegaan dat die beste belang en welsyn van die kind gedien moet word. Die fokus word gerig op die kind(ers) en hul behoeftes -

emosioneel, kognitief, fisies en sosiaal - om tot 'n besluit te kom wat gebaseer is op watter ouer die beste in hierdie behoeftes kan voorsien. Dit sluit sekere kriteria in soos in Hoofstuk 3 bespreek word. Hierdie standaarde word oor die algemeen aanvaar, alhoewel dit steeds ondergeskik is aan die waarnemende regters se waardesisteme.

Soos dit dus blyk, het die hof vroeërjare nie aan die vader as toesigouer oorweging gegee nie, tensy die moeder as moreel, fisies of emosioneel ongeskik bewys kon word. Die hedendaagse regstelsel is minder rigied met betrekking tot toesig oor jong kinders. Die keuse van toesig en beheer hang af van die individuele ouer se vermoëns in verhouding tot die kind(ers) se behoeftes en begeertes (Hoffman & Pincus, 1989; Foster, 1983).

## 2.4 DIE TOESIG- EN BEHEERSITUASIE IN SUID-AFRIKA

In die RSA is toesig alleenlik 'n aspek van voogskap wat insluit die sorg en beheer van minderjariges en die administrasie van sy/haar sake. Vroeër kon ouers gedeelde toesig hê, maar nie gelyke voogskap nie. Tans is voogskap gelykwaardig tussen die moeder en die vader (Sien Bylaag F). By egskeiding is voogskap en toesig geskei. Die vader het vroeër oor die algemeen die voogskap verkry, terwyl die moeder die toesig ontvang het. Voogskap is oor die algemeen aan die vader toegesê behalwe as dit om praktiese redes onttrek is, soos in die geval van nalatigheid of dat hy die land verlaat het. Toesig kan tans betwis word as albei ouers toesig oor die minderjarige se sorg en sake verlang.

### 2.4.1 Beskerming van die minderjarige se belange

Die Wet op Egskeiding no. 70 van 1979, Seksie 6, het daarvoor voorsiening gemaak dat die belange van die minderjarige kind in die egskeidingsproses beskerm sal word deur:

- die vasstelling van bevredigende reëlings met betrekking tot die versorging van die kind(ers) voor 'n egskeiding toegestaan word,
- die aanvra van 'n ondersoek deur die hof om te verseker dat die bes moontlike reëlings vir die kind(ers) getref is,

- die mag van die hof om enige versoek te rig wat bevredigend sou wees vir die onderhoud, voogskap en toesig en beheer van die kind(ers), en
- die hof se mag om 'n verteenwoordiger vir die kind(ers) ten koste van een of albei ouers aan te vra.

### 2.4.2 Wetlike aspekte van toesig en beheer in Suid-Afrika

Die huidige regsisteem bevat inherente tekortkominge wat voortspruit uit die vaagheid van die "beste belang van die kind"-kriterium wat tot verskillende interpretasies lei. Dit bring wetgewing mee waardeur albei ouers toesig oor die kind(ers) kan ontvang. Wetgewing binne die stryd is emosioneel veeleisend en finansieel duur en word veral tydens die post-egskeidingsaanpassing van die kinders negatief ervaar.

Hahlo (1985:389) sê die volgende: ***"the powers of the court under S6(3) of the Divorce Act (and S5 (I) of the Matrimonial Affairs Act) with regard to guardianship and custody are so wide that it is difficult to think of any order the court cannot make. It may grant guardianship or sole guardianship to one spouse and custody or sole custody to the other; joint custody to both spouses; or guardianship or custody to a third person say the father, uncle or sister of the wife."***

Die "beste belang van die kind"-beginsel (sien 2.1.5, p.10) bring emosies, sosiale en materiële faktore in balans. As gevolg van die uitgebreidheid van die definisie is dit onduidelik en teenstrydig. Gewoonlik (op enkele uitsonderings na) word toesig aan een ouer toegestaan terwyl die ander ouer besoekreg ontvang, behalwe as daar direkte gevaar is vir die kind, in welke situasie die kind dan deur die bevel van die hof in die sorg van 'n derde party geplaas word (Derdeyn, 1976).

Die toesighoudende ouer het gewoonlik regte en verantwoordelikhede ten opsigte van besluitneming met betrekking tot die kind se opvoeding, wat die nie-toesighoudende ouer moet aanvaar, behalwe as die hofbevel anders bepaal. Die toesigbevel mag verander word as die reëling nie meer in die beste belang van die kind(ers) is nie en die verandering beter vir die kind sou wees.

Interpretasie van die "beste belang van die kind"-kriterium en die ondersoekprosedure word beïnvloed deur die teoretiese oriëntasie, opleiding en persoonlike waardes van die sielkundiges. Sake met betrekking tot toesig en beheer word verder gekompliseer deur kulturele en/of sosio-politiese veranderlikes. Dit bring aspekte mee wat nie "normaalweg" geassosieer word met die kind se beste belang nie.

### 2.4.3 Verandering in bestaande toesiguitsprake

Algemene redes vir verandering van die toesigbevel sluit in die hertrou van ouers; die behoefte van die kind om meer tyd saam met die nie-toesighoudende ouer deur te bring; die verandering in omstandighede wat daartoe lei dat daar beter in die kinders se behoeftes deur die nie-toesighoudende ouer voorsien word; of die agteruitgang van die gesondheid van een van die ouers (Schultz , Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

'n Algemene bepaling in die wet is dat die toesigbevel nie verander word nie, behalwe as die kind se huidige omgewing ernstige gevaar inhou vir sy/haar psigiese, fisiese, morele of emosionele gesondheid (Hahlo & Sinclair,1990).

Die party wat aansoek doen om die verandering van toesig is daarvoor verantwoordelik om te bewys dat die huidige toesighouer nie geskik is nie. Hahlo en Sinclair (1990) waarsku teen die onnodige verandering van die toesigbevel, aangesien dit net verdere verwarring en trauma vir die kind(ers) kan meebring.

## 2.5 DIE "BESTE BELANG VAN DIE KIND"-KONSEP

◊ **Geskiedkundige agtergrond**

Tot die twintigerjare is geen probleem ondervind ten opsigte van die toesig en beheer van kinders nie. Daar is aanvaar dat die kinders aan die vader, wat as die hoof van die gesin beskou is, toegesê word. Die moeder het geen wetlike bestaansreg gehad nie (Foster <u>in</u> Watson, 1981). Met verloop van tyd het die rol van die moeder egter

verander en is dit meer geredelik aanvaar dat 'n kind by die moeder hoort. Daar is dus in die afgelope jare meer in terme van die "tender years doctrine" besluite geneem. Gepaardgaande met die toenemende gebruik onder die howe om die moeders te verkies, is daar al hoe meer voorstanders van die opvatting dat 'n meer gebalanseerde oplossing gevind moet word by 'n aansoek om toesig en beheer (Watson, 1981).

Die "beste belang van die kind"-kriterium is een van die standaarde waarvolgens hedendaagse toesig en beheer beslis word. Wetlike aspekte is baie vaag met betrekking tot toesig en beheer weens die groot hoeveelheid vae en valse informasie wat verkry word van die partye betrokke by toesig- en beheeraangeleenthede. Verder neig toesig- en beheersake om die uniekheid en kompleksiteit van die gesin heeltemal mis te kyk (Shultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

Met die "beste belang van die kind"-konsep en die kriteria wat daarmee gepaard gaan in gedagte, vra al hoe meer vaders om toesig oor hulle kinders. In die literatuur, en in 'n mindere mate ook in die praktyk, is die "beste belang van die kind"-konsep besig om die aanname dat die moeder noodwendig toesig moet verkry, te verdring (Musetto,1981).

◊ **In die praktyk**

Howe neem veral in ag die wense van die ouers met betrekking tot toesig; die wense van die kind met betrekking tot die beherende voog; die interaksie en verhouding van die kind met sy/haar ouers, sibbe en ander betekenisvolle persone; die kind se aanpassing by sy huis, skool en gemeenskap; en die psigiese en fisiese gesondheid van alle individue betrokke (Ackerman, 1995; Murray, 1993; Weiner, 1985; Foster, 1983; Derdeyn, 1976). Alhoewel die model gedeeltelik of in die geheel deur die regstelsel aanvaar word, is die implementering van die standaard bemoeilik deur die stryd om gevestigde opvattings van die gemeenskap te verander.

Met in agneming van die verandering wat voorgestaan word, begin howe nou toesig aan die een of die ander ouer toestaan volgens die kriterium van die "beste belang van die kind". Indien nodig, sal toesig aan 'n derde party gegee word indien nie een van die

ouers in die beste belang van die kind kan optree nie. 'n Kind ouer as 12 jaar, wat in staat is om intelligent te redeneer, se keuse ten opsigte van 'n voogouer sal in die hof oorweeg word. Die toesigreëling sal alleenlik verander of aangepas word as dit tot die voordeel van die kind sou geskied. Deur die beslissing van die hof sal besoekregte geredelik aan die ouers en enige persoon wat in die kind se gesondheid belang stel verskaf word, behalwe as dit daarop dui dat dit nie die beste belang van die kind dien nie (Watson, 1981).

Deurdat howe nou die "beste belang van die kind"-kriterium toepas, kan meer buigsame en objektiewe evaluerings gedoen word, sodat alternatiewe aanbevelings gemaak kan word in gevalle waar die moeder as alleentoesighouer beskou word. As howe volgens die "beste belang van die kind"-benadering optree, is dit belangrik dat toesig- en beheersake verwys word na regters wat kennis dra van gedragswetenskappe en belangstelling toon in verwante literatuur.

## 2.6 SAMEVATTING VAN DIE TOESIG- EN BEHEERKRITERIUM

Die "beste belang van die kind"-konsep word beskou as 'n oplossing vir toesig- en beheersake. Gepaard met ouerlike samewerking word die betrokke kind(ers) se belange deur middel van hierdie konsep bevorder. 'n Samewerkende houding tussen ouers bevorder die kind(ers) se gevoel van lojaliteit en bevorder voortgesette verhoudings met albei die ouers. Toesig en beheer *per se* moet aan die kind 'n psigologiese ouer verskaf (Lowery, 1985). Die doel van toesig en beheer is nie om die kind uit te buit deur hom/haar ten onregte te betrek by sy/haar ouers se onopgeloste huweliksprobleme nie. Indien nodig moet die ouers of die hof professionele hulp aanvra om die geskil rakende toesig so gou moontlik te besleg (Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

Daar moet verder in ag geneem word dat die kind(ers) tyd nodig het om aan te pas by die egskeiding en die veranderinge wat dit meebring. Soos later sal blyk, moet 'n kind die geleentheid gegun word om seer gevoelens verbaal uit te druk in plaas daarvan om fisies uiting daaraan te gee.

Samevattend kan dus gesê word dat die wette aangaande toesig en beheer gevorder het van waar vaders die alleenreg op toesig en beheer van die kind(ers) gehad het, tot tans waar die kind se beste belang die swaarste weeg. Dit word duidelik dat howe poog om alle moontlike faktore in ag te neem om die effek van die traumatiese ervaring van egskeiding by kinders te minimaliseer.

# HOOFSTUK 3

## KRITERIA VIR TOESIG EN BEHEER IN DIE HOF

***"Custody resolution counseling rests on the following psychological foundations: Parents are forever."***

Zarski, Knight & Zarski (1985:98)

Uit die literatuur blyk dit dat dit nie altyd maklik is om die onderskeie aspekte met betrekking tot toesig en beheer met mekaar te versoen nie. Regshulp kan een toesig- en beheersaak nie met 'n volgende vergelyk nie, aangesien elke saak gekenmerk word deur 'n unieke ouer-kindverhouding, en dan ook net solank die omstandighede binne daardie verhouding nie verander nie. Verder is dit belangrik om in ag te neem dat die kenmerke van die ouer-kindverhouding met betrekking tot die toesighoudende ouer 'n groter impak op die kind se sosiale, emosionele en kognitiewe ontwikkeling het as dié met die nie-toesighoudende ouer (Lowery, 1985; Hess & Camara, 1979).

Howe bepaal toesig en beheer volgens die beste belang van die kind(ers) en die aspekte wat in ag geneem word, is:

- die wense van die ouers;
- die wense van die kind(ers);
- die interaksie en verhouding van die kind met sy ouers, met sibbe en met enige ander betekenisvolle persoon;
- die kind se aanpassing by die huis, skool en samelewing; en
- die psigiese en fisiese gesondheid van alle individue betrokke.

## 3.1 FAKTORE AANGAANDE DIE OUERS WAT DEUR DIE HOF GEBRUIK WORD

### 3.1.1 Faktore by toesig- en beheerbesluite

Atkinson (1983) het 10 faktore genoem waarvolgens 'n ouer as 'n primêre versorger geïdentifiseer kan word en wat insluit: die voorbereiding en beplanning van maaltye; die bad en aantrek van die kind; die aankoop, skoonmaak en versorging van klere; mediese versorging; die reël van sosiale interaksie met ouderdomsgroep; die reël van alternatiewe sorg as die ouer nie beskikbaar is nie; die kind in die bed sit en opstaan in die middel van die nag; die kind wek in die oggend; dissiplinering en opvoeding.

As na bogenoemde faktore gekyk word, kan besef word waarom toesig gewoonlik aan die moeders toegesê word. Hierdie faktore word gewoonlik geassosieer met die rol wat die moeder in die gesin vervul. Twee redes wat wel aangevoer word waarom toesig meestal aan moeders toegesê word, is dat vaders makliker deur hul prokureurs aangeraai word om nie te appelleer teen 'n toesigbeslissing nie, en die Appélhofregter die toestaan van toesig aan moeders as roetine beskou en minder geneig sal wees om daarvan af te wyk (Ackerman, 1995; Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

Die faktore wat swaar weeg in toesig- en beheersake is menigvuldig. Tog skaal die literatuur dit af tot sekere aspekte wat meer gewig dra as ander en dit sluit in: die ouderdom en geslag van die kind(ers), veral onder 6 jaar, wat 'n groot rol speel; die aanpassing van die kind by die omgewing; die kind se behoefte aan spesiale emosionele of fisiese sorg; die finansiële status van die verskillende partye; die opvoedkundige behoefte van die kind(ers); die ooreenkoms tussen die ouers; die vyandigheidsvlak tussen ouers; die buigsaamheid van ouers in hulle oortuigings; algemene ouerlike vermoëns; geloofsapekte; versorgingsreëlings voor en na vervreemding; moontlikheid dat die ouer die kind uit die jurisdiksie van die hof sal verwyder of die kind van die ander ouer sal vervreem (Ackerman, 1995; Chasin & Grunebaum, 1981; Lowery, 1985).

Sleutelkonsepte wat veral negatief beskou word en wat meebring dat 'n onbevoegde ouer die risiko loop om 'n kind met gedragsprobleme te vorm, is: enige gevalle van

kinder- of eggenote-mishandeling; die psigiese en fisiese gesondheid van die ouers; die skeiding van sibbe; en enige substansmisbruik deur die ouers.

Die wet vereis net dat die volgende faktore by die verwesenliking van die "beste belang van die kind"-kriterium oorweeg word, nl. 'n positiewe verhouding tussen die ouer en die kind(ers) op die meeste vlakke; die vermoë van elke ouer om in die kind se behoeftes te kan voorsien; die tydperk waarin die kind in die toesighouer se huis woon, hoewel dit nie beteken dat die kind in die finale beslissing nog steeds in dieselfde huis moet woon nie (Hoffman & Pincus,1989); die permanensie van enige voorgestelde woning; die moraliteit en die gesondheid van die ouers; die kinders se sosiale aanpassing; die bereidheid van ouers om die kind se verhouding met die ander ouer te bevorder of aan te moedig; en enige ander faktore wat die hof as relevant beskou (Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989; Lowery, 1985; Derdeyn, 1976).

### 3.1.2 Faktore relevant vir evaluasie

Derdeyn en sy kollegas (1983) het die *"American Psychiatric Association's Task Force on Clinical Assessment in Child Custody"* gestig. Hulle stel voor dat 'n toesig- en beheerevalueerder relevante inligting ten opsigte van die volgende areas moet versamel:

#### 3.1.2.1 Ouers se betrokkenheid by hulle kinders

Ouers moet in staat wees om die kind te beskou as 'n aparte individu wat net tydelik van die ouers afhanklik is. Hulle moet ondersteuning en riglyne bied ter versterking van die kind se onafhanklikheid en nie gedurende die egskeiding die kind sy verworwe onafhanklikheid ontneem nie. Ouers moet bewus wees van die kind se individuele sterk- en swakpunte asook ander karaktereienskappe. Ouers moet aktief en positief betrokke wees by die kind se lewe, bewus wees van die kind se behoeftes en bereid wees om die kind in aanmerking te neem wanneer daaglikse en toekomsplanne gemaak word. Empatie asook die vermoë om met die kind te kommunikeer, is van die allergrootste belang.

#### 3.1.2.2 Ouers se vermoëns teenoor die kind(ers) se behoeftes

Ouers moet bybly met die kind se ontwikkelingsbehoeftes. Hulle moet as rolmodelle kan optree asook die perke daarstel vir die kind(ers). Ouers van jong kinders moet in staat wees om gepaste liggaamsfunksies, taal en individualiteit van die kind(ers) te hanteer. Ouers moet kinders se spesiale behoeftes herken en daarop reageer.

#### 3.1.2.3 Gesinsdinamika

Die toesighoudende ouer moet die kind se behoeftes aan die teenwoordigheid van die nie-toesighoudende ouer erken en hierdie behoefte aanmoedig. In die literatuur is daar verteenwoordigende sleutelkonsepte wat 'n bevoegde ouer van 'n onbevoegde ouer onderskei. Die bevoegde ouers het positiewe emosionele bande met die kind waardeur die ouer met die kind kommunikeer (Hess & Camara, 1979). Die vermoë van die ouers om die kind(ers) as totaal aparte persoon/one te erken, en sy/haar outonomiteit te bevorder en om die kind(ers) se behoeftes voor dié van die ouers te plaas is 'n belangrike eienskap. 'n Positiewe selfbeeld lei tot selfversekerdheid by die ouer in sy/ haar hantering van die kind. Nog 'n faktor is die bereidwilligheid en vermoë om aanpasbaar en buigsaam te wees in hul reaksie op die kind(ers) se gedrag. Oop kommunikasiepatrone word gekenmerk deur duidelikheid, respek asook konstante versterking van gepaste reëls en standaarde.

#### 3.1.2.4 Redes vir toesig- en beheersake

Daar is 4 primêre redes vir hierdié tipe hofgeding, soos uiteengesit deur Musetto (1982):

- Weerwraak: Deur middel van versigtige intervensie kan die sielkundige aan die ouers uitwys watter skade hulle onderliggende redes die kinders aandoen. Hierdie intervensie kan daartoe lei dat die ouers 'n kompromie aangaan met betrekking tot die kinders en dit kan weer daartoe lei dat die argumente afneem. Dit skep vir die kind 'n lojaliteitsprobleem as hy/sy teen ouers moet kant kies. Dit is 'n verloorsituasie vir die kind, ongeag watter ouer hy/sy ook al kies.

- Deur aansoek te doen om toesig, kry sekere individue die mag om 'n kwynende verhouding aan die gang te hou of om 'n ongeïnteresseerde eggenoot weer by die verhouding betrokke te kry. Toesig is vir sekere ouers 'n teken van hulle persoonlike bevoegdheid, 'n bewys van hulle waarde as mens.

- 'n Emosionele behoefte aan kinders se ondersteuning: Ouers wat die rol van ouers op hulle kinders oordra, het self as kind die rol vervul. By die verbrokkeling van 'n huwelik wend sommige ouers hulle tot hulle kinders vir emosionele ondersteuning. Dit is baie belangrik vir die sielkundige om in ag te neem wat in die ouers se lewens gebeur het om sodoende die probleem te kan oplos.

- Opregte besorgdheid oor die kind(ers).

## 3.2 KRITERIA VIR TOESIG EN BEHEER IN SUID-AFRIKA

Literatuur dui daarop dat die keuse van 'n voog verreikende implikasies vir die psigologiese gesondheid van die kind(ers) inhou. Die wetlike betekenis van toesig en beheer is dat die ouer met *"alles"* vetrou word, wat die versorging en opvoeding van minderjarige kinders insluit. Dit sluit in alles wat deel is van die kind(ers) se gewone dag - beskerming, versorging en opleiding (Ackerman, 1995; Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

Watson (in Pearson, Munson & Thoennes, 1983) het in 1969 die konsep van die *"Psychological best interest of the child"* daargestel. Oorsigtelik handel sy definisie nie alleen oor die standaarde en kriteria van die evaluerings nie, maar ook oor die wyse of prosedure waarop dit verkry word. Die benadering wat die meeste by besluitneming oor toesig gebruik word, het voorheen berus op die onbevoegdheid van een ouer. Hierdie "toets" is deur die ouers tot een se voordeel manipuleerbaar. Om die ouer te etiketteer as onbevoeg, is onvanpas en plaas meer spanning op die kind.

Woody ( 1977) het 'n meer positiewe benadering toegepas deur die klem van die *"onbevoegde ouer"* te verplaas na die *"meer bevoegde"* ouer. Hierdie benadering behou die integriteit van albei die ouers. Die doel is om te bepaal watter ouer die kind se

geleentheid tot groei, ontwikkeling en lewenstyl sal optimaliseer, sonder die konnotasie dat een ouer onbevoeg is. Die doel met die verskillende aspekte van geskiktheid is nie om 'n ouer te straf vir sy onvermoë nie, maar om eenvoudig te evalueer watter aspekte direk verband hou met die persoon se ouerlike vermoë, en in verhouding met die kind, vanuit die kind se perspektief (Wilcox in Landman, 1983).

Navorsing dui op die belangrikheid van die korrekte besluit met betrekking tot toesig- en beheerbesluite. Hetherington, Cox & Cox (1985) rapporteer dat die karaktertrekke van die voogouer 'n baie sterker invloed op die kind se post-egskeidingsaanpassing het (sosisaal, emosioneel en kognitief), as dié van die nie-toesighoudende ouer. Die kwaliteit van die ouer-kindverhouding is ook bevind voorspellend te wees van die kind se aanpassing. In Suid-Afrika vereis die wet dat die regter die besluit neem wat in die beste belang van die kind sal wees. Die konsep "beste belang van die kind" kan nie deur die wet gedefinieer word nie en het dus verskillende betekenisse vir die verskillende regsberoepe. Alhoewel die kennis van kinderontwikkeling binne die grense van die sielkundeprofessie val, is die kriteria wat gebruik word, deur die regsprofessie bepaal (Awad, 1978).

Cumes & Lambaise (1987a) het kriteria met betrekking tot Suid-Afrikaanse howe saamgestel. Die kriteria wat deur die regsprofessie gebruik word, verskil van dié van die sielkundeprofessie. Die tydsduur van 'n ouer se tydelike toesig en beheer van die kinders is een so 'n verskil. Alhoewel albei die professies saamstem dat die kind by die ouer by wie hy/sy geplaas is, moet woon, erken die wet nie die moontlikheid dat dié ouer nie die psigologiese ouer kan wees nie. Hierteenoor beskou die klinici die tydsduur van die kind se verblyf by 'n ouer as ondergeskik aan die feit dat hierdie ouer juis die psigologiese ouer moet wees.

Sielkundiges meen, aan die eenkant, dat die bymekaar hou van die kind en sy/haar sibbe as noodsaaklik beskou moet word. Die egskeiding is traumaties genoeg vir die kind weens die skeiding van die kind van een van die ouers. Om die kind ook van sy/haar sibbe te skei sal enige gevoel van sekuriteit nog verder fragmenteer (Murray, 1993). Hierteenoor meen die wet dat die skeiding van sibbe in sekere gevalle toelaatbaar is.

Cumes & Lambaise (1987b) meen dat die finansiële vermoë van elke ouer wel in ag geneem moet word. Hulle is die mening toegedaan dat in hulle poging om nie teen die ouer wat finansieel swakker daaraan toe is te diskrimineer nie, die howe dalk nie genoeg aandag skenk aan die implikasie wat dit vir die kind ten opsigte van verlies aan finansiële sekuriteit kan hê nie.

'n Groot verskil tussen die kriteria van die regs- en sielkundeprofessie kom veral na vore in die aspek van die wense van die kind(ers) onder 12 jaar. Literatuur wys op hoe min die regsprofessie die kind se gevoelens en sieninge in ag neem. Sielkundiges redeneer dat die kind se gevoelens op die een of ander wyse uitgespreek behoort te word, al word dit uiteindelik nie noodwendig in die besluit gebruik nie. Oor die algemeen word gemeen dat kinders jonger as 12 jaar se wense nie deur die hof in ag geneem word nie, omdat hulle nie oor die redeneringsvermoë beskik om te kan besluit nie, derhalwe besluit die hof namens hulle. Soos reeds uitgewys, kry die moeder meestal toesig en beheer deur die huidige regstelsel, alhoewel die moeder dan nie altyd die psigologiese ouer is nie (Garrison, 1991).

Nog 'n verskil tussen die kriteria van die regs- en sielkundeprofessie kom voor met betrekking tot die ouer se vermoë en die voorneme om 'n huis met twee voltyds teenwoordigende ouers te verskaf. Die hof beskou 'n volledige gesinsopset as beter vir die kind, maar die sielkundiges se bevindinge ondersteun nie hierdie siening nie omdat die ouer se toetrede tot 'n nuwe huwelik verdere stres op die kind(ers) plaas (Wallerstein, 1991). By die vermoë of voorneme van elke ouer om 'n stabiele omgewing te skep, werk die hof volgens die geografiese omgewing, terwyl die sielkundiges die psigologiese omgewing beskryf (Ackerman, 1995; Herman, 1990; Lowery, 1985).

Teenoor die hof se siening, naamlik dat jong kinders by die moeder moet bly, is die sielkundiges s'n dít dat die voog van die kind sy/haar *"psigologiese ouer"* moet wees. Die biologiese bande of geslag van die ouer word as ondergeskik daaraan gestel. Lowery (1985) wys daarop dat daar tans van hierdie neiging om jong kinders slegs by die moeder te plaas, weg beweeg word.

Aspekte waaroor die verskillende professies geredelik saamstem, is die morele karakter van elke ouer. Die ouer se morele karakter moet bydra tot sy/haar vermoë om in die daaglikse lewe vir die kind te kan sorg terwyl die ouer deur die norme en waardes wat hy/sy huldig, as rolmodel vir die kind dien (Murray, 1993). Die karakter van die ouer kan wel teen hom/haar gebruik word as dit bygedra het tot die verbrokkeling van die huwelik.

Ten opsigte van die wense van die kinders ouer as 12 jaar word geredeneer dat hy/sy reeds in die proses van wegbreek van sy/haar gesin verkeer, om daardeur 'n selfstandige lewe tot stand te bring en geregtig is om sy/haar eie besluite te neem (Hoffman &Pincus, 1989). 'n Toenemende aantal sake het al voorgekom waarin kinders se keuse 'n rol in die finale aanbeveling gespeel het (Freed &Walker in Hoffman & Pincus, 1989).

Albei die professies slaan die geestesgesondheid van die toesighoudende ouer hoog aan. 'n Gesonde ouer hanteer die werklikheid op 'n positiewe en konstruktiewe wyse en help dus die kind met ontwikkeling en groei wat dan 'n groot rol in die stabiliteit van die kind se lewe speel (Hoffman & Pincus, 1989).

Alhoewel al hierdie veranderings en kriteria in werking tree, blyk dit steeds oorsigtelik en vaag te wees en dat die howe steeds op tradisionele aannames en prosedures konsentreer. Hierdie veralgemenings kom steeds in Suid-Afrikaanse howe voor, alhoewel wetgewing tans aan die verander is. Aannames wat steeds oor die algemeen gehandhaaf word, is dat die kind op 'n jong ouderdom aan die moeder toevertrou word; toesig van 'n seun aan die vader toegesê word, en dié van 'n dogter aan die moeder, sodat beter leiding aan die kind(ers) gegee kan word; toesig nie aan die immorele ouer gegee word nie; antagonistiese gevoelens van 'n kind teenoor 'n spesifieke ouer in ag geneem sal word; en die kind se bestaande omgewing nie onnodig versteur sal word nie (Hahlo & Sinclair, 1990; Sornarajah, 1973).

## 3.3 VERANDERLIKES WAT DIE KIND SE HANTERING VAN DIE EGSKEIDING BEÏNVLOED

Die kinders van ouers wat geskei is, maak deel uit van 'n kontinuum wat begin by die punt waar die ouer faal in sy rol om liefde en toewyding aan die kind te gee. Hierdie kinders gaan deur die emosionele verwardheid van 'n egskeidingsproses en ervaar jare daarna nog steeds psigologiese gevolge daarvan. Bykomstig tot die gewone taak van grootword word hulle dan ook deur hierdie sielkundige las wat deur die egskeiding op hulle geplaas is, geraak. 'n Betekenisvolle hoeveelheid kinders ervaar langtermyneffekte van egskeiding en ander se probleme kom jare later eers na vore. Gesien vanuit die perspektief van die kind is egskeiding 'n voortgaande toestand binne die gesinsopset wat aanleiding gee tot 'n aantal ervaringe en veelvoudige lewensveranderinge deur die kinderjare, adolessensie, en dikwels tot op 'n volwasse ouderdom (Schoettle & Cantwell, 1980).

Die aanpassing van die kind na die egskeiding word beïnvloed deur faktore eie aan die kind(ers), wat verband hou met interpersoonlike verhoudinge met die ouers asook faktore met betrekking tot die omgewing. Hierdie faktore kan óf die spanning van die egskeiding vererger, óf dien as 'n buffer daarteen. Die kind(ers) se vermoë om die egskeiding te hanteer, word beïnvloed deur veranderlikes soos die ouderdomme van die kind(ers); die geslag van die kind(ers); die kind(ers) se differensiële behoefte aan die moeder of die vader; en die houdings teenoor die egskeiding. Veranderlikes met betrekking tot die voog sluit in die vermoë om in die emosionele behoeftes van die kind(ers) te voorsien, ouerlike bevoegdheid, emosionele aanpassing en stabiliteit.

### 3.3.1 Invloede op kinders in verskillende ouderdomsgroepe

Plunkett, Schaefer, Kalter, Okla & Schreier (1986) het bevind dat ouers se aanpassing dié van die kind bëinvloed. Die aanpassing van kinders in verskillende ouderdomsgroepe kan gemeet word teen hulle ontwikkelingsgroei.  In langtermynstudies is bevind dat kinders van ouers wat geskei is, simptome van psigopatologie en sosiale wanaanpassing ervaar (Caplan, 1989).

◊ **Voorskoolse jare**

Dit is baie belangrik dat 'n jong kind 'n gevoel van stabiliteit en konstantheid ervaar, daarom word daar gemeen dat jong kinders nie by die besoekende ouer moet oorslaap nie, maar dat hy/sy eerder besoek moet aflê. Goffman & Forsiber-Kotz (in Wallerstein, 1991) het bevind dat egskeiding die vlak van spel, interaksie en gesondheid van die kind negatief beïnvloed. 'n Mate van vyandigheid wat teen die ouers en sibbe gerig word, kom ook voor.

◊ **Primêre Skooljare**

Tussen die ouderdomme 6 tot 8 jaar voel die kind bedreig deur die verliese wat hy ervaar en is hy/sy nie in staat om dit te hanteer nie. Tussen die ouderdomme 9 tot 12 jaar word woede veral ervaar en as dié hanteringstrategie nie reggestel word nie sal dit op latere jare oorgedra word. Shybunko (in Wallerstein, 1991) se navorsing toon dat die kind in hierdie tydperk minder oplettend, meer aggressief en sosiaal onpopulêr in die skool is. Dit blyk uit die literatuur dat kinders in die latente ouderdom (gemiddeld tussen 6 en 12 jaar oud) beter by dieselfde geslag ouer vaar en dat 'n stiefouer van dieselfde geslag tot 'n mate hierdie gaping kan vul.

◊ **Sekondêre Skooljare**

In hierdie fase het die adolessent reeds onafhanklik van sy/haar ouers begin raak. Dit is baie belangrik om eerlik met die kind te wees oor die egskeiding. Probleemoplossing is baie belangrik, anders sal die egskeiding die kind se vermoë ten opsigte van interaksie en heteroseksuele verhoudinge beïnvloed. Frost & Pakiz (in Wallerstein, 1991) het bevind dat dogters meer probleme op emosionele en gedragsgebied ontwikkel as seuns. Fauber en Long (1991) het die verhouding tussen konflik, ouerlike vermoë en psigologiese aanpassing by adolessente van geskeide en nie-geskeide gesinne getoets. Hulle het 'n verband gevind tussen konflik en gedragsprobleme by kinders, wat primêr gesien word as die adolessent se verwerping van of onttrekking aan die ouers.

Aggressiewe gedrag manifesteer in anti-sosiale gedrag, alkoholisme, dwelmverslawing en, onder meisies, in die vorm van seksuele promiskuïteit (Wallerstein, 1991). Ander kinders toon goeie aanpassingsvermoë, maar gee toe aan narsissistiese en manipulerende

gedrag - veral as hulle in huise woon waar ouers konstant kwaad of geïrriteerd is (Hetherington, Cox & Cox, 1985). Tydens adolessensie blyk dit dat beide geslagte kinders die behoefte het aan 'n vader of 'n vadersurrogaat (Wallerstein, 1991; Schoettle & Cantwell, 1980).

◊ **Studente / Jong volwassenes**

Navorsing deur Glenn & Kramer (1985) toon dat volwassenes en studente wat egskeiding as kind ervaar het, die volgende eienskappe toon, nl. dat die persone gekant is teen egskeiding en dat hulle vermoë om vriendskapsverhoudinge te onderhou, swak is. Verder lyk dit volgens Mueller en Pope (1977) asof die kinders van ouers wat geskei is as volwassenes eerder ook sal skei. McLanaha & Bumpass (in Fauber & Long, 1991) het bevind dat dogters van ouers wat geskei is vroeër sal trou en kinders hê, of swanger sal raak voor die huwelik. Al hierdie aspekte word geassosieer met 'n lae opvoedkundige vlak en inkomste. Wallerstein en Blackslee (in Black & Pedro-Carolle, 1993) beweer dat 'n ouer se egskeiding 'n langtermyn newe-effek op die gebied van volwasse verhoudings het. Studente blameer eerder die vaders as die moeders vir egskeidings. Bonkowski (in Wallerstein, 1991) het bevind dat daar steeds hartseer in die persone voorkom, maar dat persoonlike ontwikkeling nogtans plaasvind. Groter onafhanklikheid van die ouers kom voor by jongmense wie se ouers geskei is.

### 3.3.2 Invloede op kinders in die algemeen

Hahlo & Sinclair (1990) het bevind dat kinders wat deur die egskeidingsproses gegaan het, sukkel om betekenisvolle verhoudinge te sluit. Hulle ervaar ook nie die lewe op 'n positiewe en ontwikkeling-georiënteerde wyse nie. Dit is ook moeilik om sulke kinders positief te benader weens die feit dat hulle die wêreld met agterdog bejeën. Dit blyk ook dat sulke kinders meer vatbaar is vir stres.

Hoffman & Pincus (1989) het bevind dat skuldgevoelens by ouers tot oorbetrokkenheid by hul kinders lei. Dit belemmer die kind se vermoë om verantwoordelikheid vir hom-/haarself te aanvaar en outonoom te funksioneer. Dit blyk dat kinders van ouers wat geskei is, met kommunikasie sukkel en dus met interpersoonlike verhoudinge. Angs,

depressie en ander skuldgeassosieerde probleme is aan die orde van die dag. Sekere kinders internaliseer probleme en ontwikkel psigosomatiese kwale. Hierdie kinders ontwikkel probleme op skool met betrekking tot prestasie en verhoudinge. Hulle vrees verwerping, en het geen vertroue in hul ouers nie. Die kinders voel self verantwoordelik vir probleme tuis en verdere probleme onstaan as nuwe persone soos stiefouers of -sibbe op die toneel verskyn (Hoffman & Pincus, 1989).

Aspekte wat die meeste navorsers meen, by kinders gedurende en na 'n egskeiding voorkom, is: verwerping, hulpeloosheid/magteloosheid, onsekerheid, regressiewe gedrag by jong kinders, repeterende gedrag, skuldgevoelens en depressie. 'n Bevredigende verhouding met die afwesige ouer lei tot die goeie aanpassing van die kind(ers) na die egskeidingsproses. Greef & De Maris (in Schoettle & Cantwell, 1980) vind by gedeelde toesig die optimale omstandighede waar die ouers saamwerk aan ouerskap tot die voordeel van die kind(ers), alhoewel sekere nadele ook hierby voorkom, onder andere dat kinders onder gedeelde toesig meer depressie en ontrekking getoon het as hulle eweknie onder enkeltoesig; hetsy by die vader of die moeder (Schoettle & Cantwell,1980).

### 3.3.3 Invloede op die ouers

Hahlo & Sinclair (1990) en Hoffman & Pincus (1989) het bevind dat die egskeidingsperiode vir die ouers erg traumaties is. Die persone raak probleem-georiënteerd en omstandigheidsgedrewe. Ouers in hierdie situasie neig om die lewe in 'n negatiewe lig te beskou, en dit dien weer as rolmodel vir die kind. Die ouers is dikwels verward met betrekking tot prioriteite en vaag oor die toekoms. Ongeordendheid kom in hulle daaglikse lewe voor. Hulle het 'n lae selfesteem en blyk vasgevang te wees in ambivalente gevoelens teenoor die gewese eggenoot. 'n Wye verskeidenheid emosionele en psigosomatiese simptome kom by die ouers voor. Volgens die literatuur neem dit tot 'n jaar voordat die ewewig herstel is.

## 3.4 SAMEVATTING

Samevattend kan dus gesê word dat die kriteria wat deur die howe in ag geneem moet word gevarieerd en vaag is. Die "beste belang van die kind"-konsep varieer van geval tot geval. Alhoewel die wet aangaande toesig en beheer reeds verander, blyk dit dat die houding van die regsisteem nog deur ou aannames onderhou word. Dit word duidelik dat die sielkunde en regsprofessie verskillende opvattings het ten opsigte van wat die "beste belang vir die kind" behels. Verder moet faktore eie aan die kind, sy interpersoonlike verhoudinge en sy omgewing ook in ag geneem word om die stresvolle ervaringe van die egskeiding te beperk. In sy totaliteit is die besluit oor toesig en beheer 'n uiters komplekse aangeleentheid.

# HOOFSTUK 4

## EVALUASIE AS HULPMIDDEL IN TOESIG- EN BEHEERSAKE

***"Every current of our lives flows through [custody cases].***
***They engage our most deeply held beliefs, recall our most poignant experiences."***

Judge Edmund Spaeth Jr (in Atkinson, 1983:3)

Buxton (1976) dui daarop dat 'n kind se ontwikkeling deur 'n uitgerekte evaluasie in gevaar gestel word. Die rede daarvoor is dat elke dag se gebeure 'n groter impak op die individu se persoonlikheid, gesondheid of psigopatologie gedurende sy kinderjare het as op enige ander tydstip in sy lewe.

Pogings word gedurende die evaluasie aangewend om die ouers se houding en vermoëns, die psigologiese band tussen die ouer en die kind en die impak van stres wat deur die egskeidingsproses meegebring word, op elke individuele gesinslid te evalueer. Gedurende dié tydperk word onderhoude met al die gesinslede gevoer. Die spanlede wat die evaluasie behartig, poog om as 'n neutrale party in die wetlike proses te dien (Ackerman, 1995; Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

Die benadering tot evaluasie sluit verskeie modelle in wat wissel tussen dié waarin 'n enkele persoon die evaluasie behartig en dié waarby meer as een sielkundige betrokke is.

Goldstein, Freud & Solnit (1973) het in *"Beyond the Best Interest of the Child"* die volgende riglyne met betrekking tot die plasing van die kinders neergelê:

- Die plasing moet die kind se behoefte aan kontinuïteit in die verhouding verseker.
- Die besluit moet die kind se sin van tyd respekteer.
- Die kind se plasing moet die hof se onvermoë om interpersoonlike verhoudings te evalueer en beperkte vermoë om langtermynvoorspellings te maak, in aanmerking neem.
- Die plasing moet as alternatief vir die kind se groei en ontwikkeling die mins bedreigende wees.

- Die kind moet tydens enige egskeidingsgeding beskou word as 'n party wat verteenwoordig moet word.

## 4.1 BENADERING TEN OPSIGTE VAN EVALUASIE

Volgens Jackson, Warner, Hornbein, Nelson & Fortescue (1980) kan die verskuiwing in benaderings ten opsigte van evaluasie tuisgebring word by die groter behoefte aan evaluerings en hoër eise wat daargestel word weens 'n hoër egskeidingsyfer, asook die verhoogde erkenning wat aan emosionele gevolge vir die kinders weens egskeidings gegee word. Die faktore wat deur die hof in ag geneem en ingesluit word, is in Hoofstuk 3 bespreek.

Jackson, Warner, Hornbein, Nelson & Fortescue (1980) meen dat die spanbenadering bruikbaar is omdat dit 'n volledige en duidelike evaluasie van die ouers en die kinders meebring. Van nog groter belang is dat dit die enkelsielkundige help om die verantwoordelikheid te deel en 'n groter mate van objektiwiteit verskaf. Noodsaaklik by hierdie spanbenadering is dat die ouers en die kinders afsonderlike evalueerders moet hê. Warner & Elliot (1979) meen egter hierteenoor dat dieselfde evalueerders albei ouers moet ondervra omdat 'n enkelpersoon slegs 'n gedeeltelike indruk van die gebeure vorm en dan kant kies vir die ouer wat hy/sy verteenwoordig. Dit is belangrik om nie net te let op die feite nie, maar ook op die psigologiese evaluering (Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

Dit is belangrik om al die betrokke partye te ondervra, asook enige ander volwassene wat 'n belangrike rol in die opvoeding van die kind speel, om sodoende elke moontlike alternatief wat aan die kind se individuele behoeftes voldoen te evalueer en die mees betekenisvolle en stabiele psigologiese binding daar te stel (Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

Evaluasie is meer bruikbaar wanneer spesifieke aanbevelings aan die hof gemaak word, ingeslote aanbevelings soos psigoterapie, mediese sorg, asook spesifieke besoekregte wat herstrukturering met die oog op oornag- of weeksnagkuiers vir jong kinders insluit.

Die aanbevelings is 'n besluit wat deur die hele span gesteun moet word (Ackerman, 1995 ; Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

'n Interpretasie-uur word afgestaan waarin die bevindinge en aanbevelings aan elke ouer afsonderlik meegedeel word. Dit gebeur voordat die verslag na die hof gestuur word. Daar word gemeen dat die gesin die reg het om die aanbevelings van die evalueerders aan te hoor en die geleentheid te hê om daarop te reageer.

Oor die algemeen sluit die individuele verslag 'n evaluering van elke lid van die gesin, elke ouer se verhouding met die kind(ers) en die kind(ers) se verhouding met die ouers in. Elke evalueerder maak voorlopige aanbevelings ten opsigte van plasing van die kind(ers). Die evaluering van die ouers sluit in hulle potensiaal vir die herkenning van en voorsiening in die kinders se individuele en ontwikkelende behoeftes en vir die verskaffing van kontinuïteit van gepaste psigologiese bande (Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

'n Aanbeveling is dat die span gelei word deur 'n professionele persoon wat nie kontak met enige lede van die gesin het nie, om sodoende totale objektiwiteit te verseker (Warner,1979).

**4.1.1 Evaluasie van ouers**

Elke ouer en versorger word so ver moontlik deur een evalueerder ondervra. Die sentrale fokus is die bepaling van elke versorger se ouerlike styl en vermoë en sy/haar houding teenoor, en persepsie en begrip van die kind(ers) betrokke by die geskil. Faktore soos empatie, emosionele beskikbaarheid en die kapasiteit om gepaste interaksie te stimuleer en die vaslegging en onderhouding van die bande van affeksie met die kind word via onderhoude en observasie van die ouer-kindinteraksie geëvalueer. Ook word die ouers se algemene funksionering, hulle behoeftes en hoe dit bevredig word, geëvalueer, asook hulle stabiliteit, aanpassingsvermoë en egofunksionering (Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

Aangesien die persone aangemoedig word om hulle gevoelens te deel, moet die span in staat wees om die vrees, wantroue, antagonisme asook die manipulasie wat in die onderhoude voorkom te hanteer (Ackerman, 1995).

Die evaluasie van die ouer is net so belangrik soos dié van die kind. Die ouer word beskou as 'n persoon met 'n geskiedenis en lewenspatrone. Hierdie patrone herhaal in die huweliksverhouding en in dié met die kinders. Die wyse waarop die verhouding ontwikkel en die kwaliteit van die verhouding asook die ouer se doelwitte, behoeftes en onderhouding hiervan word geëvalueer. Die stabiliteit en konstantheid van die verhoudings en die bewyse van konstruktiewe en aanpasbare gedrag word geëvalueer. Houdings teenoor hulle eie ouers word genoteer omdat dit in hulle eie ouerskap kan reflekteer, deur óf bewuste besluite óf onbewuste neigings tot herhaling (Ackerman, 1995).

Die literatuur meld dat die ouers gevra word om iets oor hul kind(ers) te vertel. Die span soek na 'n balans tussen die positiewe en die negatiewe gevoelens asook die gepastheid van reaksies tydens die beskrywing. Daar word ook gelet op hulle geneigdheid om oor die kind(ers) te praat.

Daar word verder gelet op die ouer se houding teenoor sy/haar eggenoot, en die ontkenning van woede en moontlike projeksie daarvan is baie belangrik. Vrae oor die vermoë om dit te laat vaar, kan voorkom en die rigiditeit en vermoë tot selfrefleksie word ondersoek (Ackerman, 1995).

**4.1.2. Evaluasie van kinders**

Die evaluasie word gerig op die verkryging van 'n algemene idee van die kind. Sekere dinge word waargeneem, soos:

- die kind se interaksie met die ouer in die wagkamer, beide met aankoms en vertrek;
- die vermoë om met die evalueerder in interaksie te tree;
- sy/haar vermoë om te verbaliseer en affek te ervaar;
- huidige verhoudinge en aktiwiteite; en
- onbewuste materiaal soos uitgewys deur fantasieë.

Oor die algemeen kan spelaktiwiteit en interaksie met die evalueerder die kind se bewuste of onbewuste voorkeure beklemtoon. Dit dui dikwels op teenstrydige lojaliteite

en onsekerhede en die wens om die keuse wat hulle moet uitoefen te vermy. In die evaluering van die kind word klem geplaas op sy/haar huidige aanpassing. As dit nie goed gaan nie, word daar aandag geskenk aan die potensiaal vir verandering en hoe om dit te bewerkstellig (Ackerman, 1995; Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

Oor die algemeen word die evaluering voltooi met die toesighoudende ouer teenwoordig, soms met albei ouers teenwoordig. Die evaluering ondersoek veral die ouer-kindinteraksie asook spesifiek die ouer se vermoë om die kind te erken as 'n individu. Die ouer-kindobservasie is veral betekenisvol by baie jong kinders. Dit verskaf direkte inligting oor die kind se bindinge. Die ouer se gedrag met betrekking tot empatie en die inividualisering van die kind kan ook waargeneem word. Faktore waarna ook opgelet kan word, is aandag gee teenoor selfgesentreerdheid; respek vir die kind se selfstandigheid teenoor ouerlike oorheersing en inmenging; uitdrukking van affeksie of geduld teenoor irritasie.

## 4.2 INTERDISSIPLINÊRE SPANNE

### 4.2.1 Voor- en nadele van interdissiplinêre spanbenaderings

Die spanbenadering waarby elke professie sy deskundigheid met betrekking tot die kind gebruik, geniet groot aanhang (Bentovim & Gilmour,1981; Warner & Elliot, 1979; Duquette, 1978; Woody, 1977). Sekere probleme bly egter steeds inherent aan hierdie ideale benadering. 'n Groot struikelblok is dat die betrokke professies verskillende filosofieë, oriëntasies, tradisies en waardes huldig. Verder is daar 'n gebrek aan vertroue in mekaar en neig die professies om verskillende einddoele na te streef (Steinberg in Hoffman & Pincus, 1989).

Sielkundiges is nie opgelei om wetlike prosedures en filosofieë te verstaan nie en prokureurs is nie opgelei in psigologiese aspekte, tegnieke en interpretasies nie. Prokureurs sien terapie as medisyne en kliniese evaluasie as x-strale (Alexander in Hoffman & Pincus, 1989).

Die sielkundiges se probleem in die hof het nie te make met hulle opleiding nie maar met hulle beperkte blootstelling aan howe en die regsisteem in die RSA. Hoffman en Pincus

(1989) meen dat professionele persone gehuur word as "deskundige getuies" sonder enige kennis van of blootstelling aan wetlike prosedures.

Daar is egter ook 'n groot aantal voordele aan die benadering verbonde, waarna Steinberg (in Hoffman & Pincus, 1989) in groot detail verwys. Opsommend is die voordele soos volg:

- Inligting word beter verkry en kan op 'n selektiewe wyse gedeel word om insig te verbeter.

- Verwysings word beperk aangesien een interdissiplinêre span alles behartig. Verwysing lei ook tot beter professionele potensiaal omdat prokureurs nie die emosionele sake hoef te hanteer wat wetlike vereistes kompliseer nie en omdat sielkundiges kliënte met huweliksprobleme na 'n prokureur verwys wat meebring dat 'n mate van realiteitstoetsing voorkom.

- Tyd word beter deur die span benut sodat die proses nie onnodig uitgerek word tot 'n stadium waarin die individue betrokke dit emosioneel nie kan hanteer nie.

- Ondersteuning word aan die gesinslede gegee en dit beskerm die kliënt se vooruitgang en beperk die gevoel van isolasie.

- Dit vervang die siniese verwagtinge ten opsigte van die regsisteem en die terapeutiese proses wat grootliks geraak word deur stereotipering, abstraksie en onkunde, met behulp van ander professies wat kennis dra, ondervinding het en ondersteuning bied.

- Die blootstelling van een professie aan die ander lei tot 'n voortgaande proses van onderrig van en sensitiwiteit vir ander se waardes en vermoëns en waardering van mekaar se funksies.

- Kreatiewe veranderinge word aangebring binne die interdissiplinêre span deur kliënte wat lei tot 'n verandering in sosiale waardes wat, as dit algemeen aanvaar word, in die wetlike sisteem ingewerk kan word.

Bentovim en Gilmour (1981) beklemtoon dat die ondersteuning en verantwoordelikhede van die verskillende professionele rolle tot spanning binne die verskeie professies kan lei.

### 4.2.2 Die Interdissiplinêre verhouding

Die sielkundige professie bied 'n diens aan, gebaseer op kennis van menslike emosionele krisis, op 'n nie-raadgewende wyse. Die prokureurs bied 'n diens aan gebaseer op die wet en die wetlike gevolge, en weet vooraf watter tipe ooreenkoms die regter sal goedkeur en watter nie. Meestal kombineer interdissiplinêre spanne hulle sterkpunte om sodoende emosionele struikelblokke te oorkom in 'n effektiewe beslissing waar die regsprofessie die gesin adviseer ten opsigte van hulle wetlike regte en die nodige dokumentasie opstel. Sodoende kry die gesin die voordeel van die kundigheid van beide professies (Zarski, Knight & Zarski, 1985).

Litwack, Gerber & Ferster (in Zarski, Knight & Zarski, 1985) identifiseer 3 hooffunksies by toesig- en beheerwetgewing waar die sielkundeprofessie 'n positiewe bydrae lewer en dus gebruik moet word naamlik die ontdekkings-, artikulasie- en uitligfunksies.

- **Die ontdekkingsfunksie**

Deur middel van onderhoude en toetse, word die sielkundige bewus van gevoelens, houdings en persoonlikheidstrekke van beide die ouers en die kinders asook relevante patrone van interaksie wat nie tydens die hofverrigtinge bespeur sal word nie, en kan hy dit onder die aandag van die hof bring.

- **Die artikulasiefunksie**

Die sensitiewe onderhoudvoerder kan 'n bydrae lewer tot die gesin se uitdrukking van diep gevoelens en gedagtes. Tydens hofsake beskik mense soms nie oor die vermoë om onderliggende aspekte te verbaliseer nie. Die sielkundige kan deur interaksie met die persone hierdie gevoelens en gedagtes na vore bring.

- **Die uitligfunksie**

Die funksie vereis geen spesiale kundigheid nie, maar dui eenvoudige onderwerpe aan wat die gevolge in soortgelyke sake kan uitlig, en fokus dus die hof se aandag op faktore en oorwegings wat relevant is, maar andersins nagelaat of as onbelangrik beskou sou word.

Die toenemende toesig- en beheersake bring mee dat deskundige insette van sielkundiges in die vorm van evaluasie, ondersoeke en veral aanbevelings gelewer word.

## 4.3 KRITIEK OP DIE SIELKUNDIGE BENADERING

Tot onlangs toe is die sielkundige beskou as 'n evalueerder van die bevoegdheid van die ouers. 'n Besluit is geneem met betrekking tot watter ouer bevoeg is en watter een nie. Die benadering is as 'n diagnose gesien. 'n Evaluering is gedoen van 'n persoon se geestesgesondheid en enige tekens van psigopatologie. Op grond van wat uit onderhoude verkry is, het die sielkundiges aanbevelings gemaak. Die probleme wat voortspruit uit dié model is die feit dat elke ouer graag toesig wil hê, wat ook al sy/haar redes mag wees. Die wyse waarop te werk gegaan word om die geskil te besleg, voed net die vyandigheid en konflik. Nog 'n vraag wat na vore kom, is of psigopatologie noodwendig op onbevoegdheid om na die kind(ers) om te sien, dui. Die teenwoordigheid van emosionele probleme dui nie noodwendig daarop dat jy 'n swak ouer is nie (Musetto, 1982).

Die model suggereer dat die betrokke sielkundige objektief is, nie bevooroordeeld is nie en aanbevelings vir die betrokke saak aan die regter maak. Daar bestaan geen bewyse dat 'n sielkundige of regter se siening beter as enigiemand anders s'n is nie. Deur 'n besluit op die gesin af te dwing, ontneem die hof en die sielkundiges die gesin die reg en verantwoordelikheid om self die konflik te ontlont. Die gesin moet eers die geleentheid gegun word om die probleme self te identifiseer en dán alleen, op hulle versoek, kan die besluit vir hulle geneem word (Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

Die metode, ongeag die bevoegdheid van ouers, lei tot 'n wen-en-verloorsituasie – 'n situasie waarin die een ouer die ander nie wil laat wen nie en die sielkundige dikwels by die gesinsisteem betrokke raak.

Musetto (1982) meen dat die sielkundige wat toesig- en beheersake evalueer die beste inslag vind as hy dit as 'n gesinsprobleem hanteer. Met die toename in toesig- en beheersake waarby kinders betrokke is, kan sake regverdig verloop of vyandig en konflikbelaai vir die kinders wees. Dit is noodsaaklik dat die samelewing nie die kinders van ouers wat geskei is, tydens toesig- en beheersake uitbuit nie, sodat hulle vertroue in menslike verhoudings nie geskend word nie.

## 4.4 INTERVENSIE

Buigsaamheid is baie belangrik vir die sielkundige. 'n Groot verskeidenheid tegnieke kan gebruik word, solank die sielkundige die grondslag van vertroue en regverdigheid in sy/haar verhouding met die gesin lê. Die motief agter die sielkundige se intervensie is om die ouers so ver te kry om weg te beweeg van hulle eie behoeftes om toesig te verkry, wat ook al die rede, sonder om onregverdig teenoor die eggenoot op te tree. As die ouers se doelwitte na dié van die kinders geherdefinieer kan word, word 'n mylpaal behaal. Die moeilikste situasie is seker om reëls vir die evaluering van toesig- en beheersake neer te lê, wat ook aanpasbaar is by individuele sake. Dit is belangrik om te onthou dat elke saak uniek is en diensooreenkomstig hanteer moet word.

## 4.5 TEGNIESE SAKE BY TOESIGEVALUASIES

'n Toesigevaluasie moet beskou word as 'n voorkomingsmaatreël in dié sin dat dit verdere en toekomstige psigologiese probleme van die gesin beperk. Die bron en vroeë bestuur kan verdere probleme laat toeneem of afneem.

Dit is hoogs onwaarskynlik dat 'n geloofwaardige aanbeveling gemaak kan word as slegs een party van die gesin deur die sielkundige ondervra word. Die doel van die toesigevaluasie is om te besluit watter ouer die beste na die kind se psigologiese groei en ontwikkeling kan omsien (Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989).

Die kind se persepsie van die situasie moet ook in ag geneem word, asook sy/haar keuses. By adolessente kan dit alleenlik verkry word deur middel van individuele onderhoude. Met jonger kinders moet addisionele onderhoude waarby die ouers teenwoordig is, ook ingesluit word om die ouer-kindverhouding te kan evalueer.

Besonderhede van ander familielede, psigiaters, pediaters en skole moet verkry en in ag geneem word.

Na die voltooiing van die evaluering moet die aanbevelings met die ouers en die kinders bespreek word.

Die verslag wat na die regter en die prokureur gestuur word, moet die volgende inligting insluit:

- die hoeveelheid persone teenwoordig en die huidige kwessies;
- bronne van informasie, insluitende 'n skedule van die onderhoude en 'n lys verslae van ander bronne;
- elke party se weergawe van die geskiedenis van die huwelik, vervreemding en die huidige situasie;
- 'n persoonlike evaluasie van elke party;
- 'n formulering; en
- aanbevelings en die redes waarop dit gebaseer is.

## 4.6 SAMEVATTING

Samevattend kan dus gesê word dat die evaluasie as hulp by toesig- en beheersake uit talle aspekte bestaan. Die belangrikste daarvan is seker die ouer-kindverhouding wat geobserveer moet word. Elke ouer en kind moet die kans gegun word om as individu geëvalueer te word. Albei die professies betrokke by interdissiplinêre spanne moet leer om aanvullend op te tree tydens hierdie evaluasies, in plaas van teenstrydig. Dit is belangrik dat elke professie die ander se deskundigheid erken en kans gee om sy rol te vervul. Samewerking is die enigste wyse waarop die evaluering tot die beste voordeel van almal teenwoordig by toesig- en beheersake kan geskied.

# HOOFSTUK 5

## 'N MODEL VIR TOESIG- EN BEHEEREVALUASIES

***"Trying to decide disputed child custody presents a dilemma of conflicting interests, confusing information, and an unprecise legal standard."***

Musetto (1981:51)

Gedurende enige evaluasie speel veranderlikes in die lewe van die persoon of persone betrokke 'n groot rol. Byna enige veranderlike in die kind se lewe kan gebruik word om te bepaal of die ouer in die beste belang van die kind(ers) optree. Veranderlikes kan onderverdeel word in groepe met betrekking tot die ouer en die kind soos reeds in vorige hoofstukke uiteengesit is.

### 5.1 VERANDERLIKES WAT DIE MEESTE BY EVALUASIES GEBRUIK WORD

Ackerman (1995) en Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther (1989) dui aan dat die veranderlikes waaraan die geskikte ouer by die evaluasie moet voldoen, die volgende is:

- Die verhouding tussen die ouers word deur navorsing aangedui as een van die bepalende veranderlikes. Die vlakke van konflik kan die kind se funksionering bevoordeel of benadeel en inperk.
- By die evaluering van ouerlike vermoë moet daar gelet word op die evaluering van psigopatologie, spesifiek die vasstelling van aspekte wat betrekking het op onbevoegde ouers soos byvoorbeeld substansmisbruik, skisofrenie, ernstige depressie en anti-sosiale persoonlikheidsversteuring.
- Die geskiedenis en die toekomstige potensiaal om die kind te verwaarloos, is belangrik. Dit sluit die gedrag van die ouers in wat 'n negatiewe impak op die kind se ontwikkeling kan hê.
- Die ouer se geskiedenis as primêre versorger word in ag geneem omdat gemeen word dat veral jong kinders by hierdie persoon moet bly en nie net omdat die persoon die rol as ouer beter vervul nie.

- Die ouer moet in die toekoms geredelik beskikbaar wees.

Binne die sosiaal-wetlike sisteem moet die evaluasie van die ouers se sterk- en swakpunte asook die beste belang van die kind(ers) die sielkundige se prioriteit wees.

Een bepaler van suksesvolle alternatiewe toesig is die voorafbetrokkenheid van die ouers by die kinders en veral dié van die vader. Ouers se belangstelling in alternatiewe tipes toesig, anders as die tradisionele (sole custody), is ook 'n belangrike bepaler van die sukses van toesig en beheer. As ouers suksesvol kan onderhandel oor alternatiewe toesig te midde van dié spanning, is die kanse op die suksesvolle voortbestaan daarvan ná die egskeiding goed.

## 5.2 METODES GEBRUIK BY EVALUASIE

### 5.2.1 Selfrapporterende Metodes

#### 5.2.1.1 Aanvanklike onderhoud

Dit word aanbeveel dat albei ouers teenwoordig moet wees by die aanvanklike onderhoud sodat hulle kan vasstel dat die evalueerder 'n onpartydige deskundige is wat albei die ouers uit die staanspoor regverdig en gelyk behandel. Indien 'n geskiedenis van gesinsgeweld voorkom, sal dit dalk aangewese wees om die ouers afsonderlik te ondervra. Hierdie onderhoud word beskou as 'n besigheidsonderhoud en geskied ter verduideliking van die werkswyse van die span. Tydens hierdie onderhoud word die rol van die evaluering en die model wat gebruik word, verduidelik. Die totale evaluering word in volgorde en detail bespreek. Die perke van vertroulikheid en die voordele van die evaluering word uitgelig. Dit word aanbeveel dat die gelde, insluitende die persentasie vir elke party bespreek word, asook die betaaldatums. Vind by die ouers uit hoe die evaluasie aan die kinders verduidelik is en kry die ouers se toestemming vir die neem van video-opnames en verduidelik die rede waarom die video-opname van die evaluering gemaak word (die belangrikheid van voldoende rekordvaslegging kan nie genoeg beklemtoon word nie). Doen navrae oor die huidige toesig- en besoekregte en

stel datums vir die onderhoude vas. Indien nodig, rig 'n brief aan beide die prokureurs waarin veranderinge aan die besoekskedule wat gedurende evaluering aanbring is, aangedui word.

Schultz, Dixon, Lindendberg & Ruther (1989) sê dat by toesig- en beheersake daar soveel op die spel is dat die verskeie partye moontlik sal poog om hul beste voet voor te sit en daardeur die ander party in 'n slegte lig te stel.

**5.2.1.2 Individuele onderhoude met ouers**

Die individuele onderhoude sluit in die ouer se persoonlike en huweliksgeskiedenis, die ouer se ouerskap en toesig- en besoekregte. Verslae word van ander betrokkenes by die kind(ers) (wat insluit onderwysers, dokters, predikante ens.) aangevra. Daarby word nog gevoeg enige ander sielkundige verslae, insluitende psigiatriese of sielkundige evaluerings van die ouer of kind(ers). Daarbenewens moet enige bykomende bestaande verslae van die polisie, hof of maatskaplike werker verkry word. Die wet met betrekking tot verslae en aan wie dit beskikbaar gestel mag word, deur wie en hoe dit verkry kan word, moet eerbiedig word. Die ouers se onderskeie prokureurs word gevra na die prosedure en die aanstuur van hierdie rekords, omdat hulle by magte is om dit te doen. Die onderhoud verskaf 'n ryke bron van inligting oor 'n wye gebied met betrekking tot toesig en kan vergelyk word met die ander metodes.

**5.2.2 Direkte Observasie**

Binne die opset van die evaluasie word spesifieke data met betrekking tot spesifieke interaksie verkry. Die veranderlikheid van die geobserveerde gedrag word beperk, gevolge van gebeure kan meer effektief geëvalueer word en normatiewe data word ingesamel.

Direkte observasie word beklemtoon omdat dit die algemene siening van die ontwikkelingskenner is dat die mag van gesinsinteraksie byna alle aspekte van die kind se ontwikkeling beïnvloed.

Gedrag wat vir toesig en beheer geobserveer word, is kompleks en gevarieerd. Ackerman (1995) noem die volgende kriteria vir 'n goed gestruktureerde

observasiesisteem, naamlik *die **direkte monster** van kriteria-gedrag wat in 'n **laboratorium** onder spesifieke **omstandighede** op 'n tydstip wanneer gedrag voorkom, uitgevoer word, wat deur opgeleide en onpartydige **observeerders** waar- en opgeneem word, gewoonlik met 'n **koderingsisteem** met duidelik gedefinieerde **reëls en prosedures**. Operasionele **definisies** van teikengedrag vereis 'n minimale hoeveelheid **verskille** wat gevolglik lei tot 'n **kwantiteit van data** wat lei tot pre- en postintervensie en intra- en inter-individuele vergelykings.*

Hy waarsku dat die persoon wat geëvalueer word geen leidrade moet ontvang met betrekking tot die teikengedrag wat gemeet word nie. Die observasie moet so ongemerk as moontlik plaasvind, byvoorbeeld met behulp van videobande en agter eenrigtingglas. Observasies moet gedoen word deur roterende groepe wat uit verskeie spanne saamgestel is. Spanne is noodsaaklik sodat elke observeerder alleenlik vir 'n gedeelte van die gedrag wat kodeer word, verantwoordelik is. Videobande verhoog akkuraatheid van kodering. Observeerders moet met betrekking tot betroubaarheid deur 'n onafhanklike evalueerder gemonitor word en moet van die span onttrek word indien nodig.

### 5.2.3 Psigologiese Toetsing

Grisso (in Schultz, Dixon, Lindenberg & Ruther, 1989) gebruik sy model van vaardighede of bekwaamheidsevaluering met behulp van psigologiese toetsing as forensiese evalueringsinstrumente. Die bydrae van psigologiese toetsing tot toesig- en beheerevaluasies is dat dit die graad van kongruensie tussen die funksionele vermoë van die ouer en die spesifieke behoefte van die kind meet.

#### 5.2.3.1 Vraelyste

Alle vraelyste moet in die kantoor ingevul word. Alhoewel die evalueerder nie teenwoordig hoef te wees nie, is supervisie deur 'n assistent noodsaaklik om seker te maak dat die vraelyste onafhanklik ingevul word. Ruimtes vir handtekeninge en datums word op die vraelyste voorsien en die evalueerder moet seker maak dat dit geteken word.

### 5.2.4. Kollaterale Data

Daar is 2 tipes kollaterale bronne:

- Iemand wat inligting verskaf oor die ouers en kind(ers). Geskrewe verslae word van ander bronne as die ouers of kinders - bronne soos onderwysers, dokters, polisie, maatskaplike werkers ens.- verkry.

- Iemand soos 'n stiefouer of grootouer (inwonend) of 'n vriend wat tans vir die kind(ers) sorg. Indien die stiefouer die primêre versorger van die kind is, moet hy/sy as 'n ouer geëvalueer word.

## 5.3 'N WERKMODEL VIR EVALUASIE

Chasin en Grunebaum (1981) verstrek sekere elemente wat hulle as noodsaaklik beskou vir 'n werkmodel. Die hoofdoel van die model is dat die sielkundige moet poog om 'n neutrale posisie ten opsigte van albei die ouers te handhaaf. Oor die algemeen, soos telkemale voorgestel, word daar gepoog om die evaluasie van slegs een ouer te vermy. Deur slegs een ouer te evalueer, word verwarring geskep en die deskundige tree dan destruktief op omdat hulle net 'n gedeelte van die geheel ken. Daar word gemeen dat die evaluasie slegs gedoen moet word as daar 'n *guardian ad litem* vir die kinders aangestel is sodat die kinders nie betrokke raak by die proses waar een ouer se belange bevoordeel word nie. Daar word verwag dat die ouers en hulle prokureurs die evalueerder as onpartydig sal beskou. Daar word van die onderskeie partye verwag om 'n ooreenkoms te teken wat die evaluasieproses omlyn en die kriteria uiteensit wat vir die aanbevelings gebruik word. Daar word verkies dat die partye die finansiële verpligtinge sal deel behalwe as die situasie van so 'n aard is dat dit nie moontlik is nie. Die span verkies vooruitbetalings aangesien dit moontlik is dat die evaluering en aanbeveling nie tot een van die partye se voordeel strek nie, en dié dus ongeneë sal wees te betaal (Chasin & Grunebaum, 1981).

Die werklike prosedure begin wanneer die kontrak vir die evaluasie gesluit word. Aan die ouers word gestel dat onderhoude met hulle gevoer sal word, asook dat enige

materiaal wat hulle as informasie sal wil indien, gelees of nagegaan sal word. Albei die ouers sal die geleentheid gegun word om hulle siening van die saak te stel. Nadat daar ooreengekom is oor die kontrak word daar met die ouers en die kind(ers) gepraat. Die onderhoude begin met elke ouer afsonderlik en uiteindelik elke kind. Daar is geen spesifieke formule waarvolgens tydens die onderhoude met die ouers en kinders gewerk word nie, alhoewel die literatuur ander spanne aandui wat volgens 'n spesifieke model werk. 'n Algemene los tipe formule wat gevolg word, is eers elke ouer afsonderlik; dan die kinders tesame; elke ouer afsonderlik saam met elke kind; elke ouer weer afsonderlik. Meer gekompliseerde situasies vereis meer onderhoude.

Daar word ook met die betekenisvolle ander partye gepraat soos reeds genoem. Dit sluit in onderhoude op kantoor, oor die foon of huisbesoeke. Indien dit lyk asof die ouers die saak wil skik, sal daar ten laaste met die ouers en hulle prokureurs samesprekings gehou word.

## 5.4 SAMEVATTING

Opsommend blyk dit dat toesig- en beheerevaluasie die inhoud moet anker in relevante wetgewing en sosiaal-wetlike literatuur oor die ouer-kindinteraksie. Veelsydige metodes en geldige benaderings, insluitende kliniese onderhoude, direkte observasies van die ouer-kindinteraksie in die kantoor en tuis, psigologiese toetsing en kollaterale data moet gebruik word om 'n volledige evaluasie te verkry. Talle prosedurele veiligheidsreëlings moet gevolg word om die verskeidenheid foute en voorveronderstellings te beperk. Genoegsame detail om duplisering vir verdere navorsing van die prosedure toe te laat, moet ook verskaf word.

# HOOFSTUK 6

# METODE VAN ONDERSOEK

*"Neither this training nor any other type of clinical training easily lends itself to evaluating these types of situations and being able to predict outcomes."*

Derdeyn (1983:386)

In hierdie hoofstuk word die navorsingsomvang en die ondersoekmetode uiteengesit. Eerstens word die ontwerp en die ondersoekgroep bespreek. Daarna word die meetinstrument en die verwerking van die statistiese gegewens aangebied en laastens word die resultate uiteengesit.

Spesifieke probleme kom by die uitvoering van 'n ondersoek na 'n spanbenadering by toesig- en beheergevalle na vore. Die volgende probleme is met betrekking tot die spesifieke ondersoek teëgekom:

- Data rakende die gesinne word deur die wet beskerm en is moeilik bekombaar. Die enigste manier waarop met gesinne in aanraking gekom kan word, is deur hulle onderskeie sielkundiges, wat weer opvolging daarvan verder bemoeilik.

- Die hoeveelheid gesinne wat vir 'n spanbenaderde evaluering verwys word, is nog gering.

- Die emosionele ontwrigting wat gepaard gaan met egskeiding maak dit vir persone betrokke by egskeidings moeilik om op navorsing te reageer.

- Die onderskeie persone in die ondersoekgroep wat ingestem het om aan die ondersoek deel te neem, het nie noodwendig hulle vraelyste ingevul nie. Redes hiervoor is moontlik die onderskeie professionele persone se werkslas en beperkte tyd.

## 6.1 DIE ONDERSOEKGROEP

Vir die doel van hierdie ondersoek word van 'n *ex post facto*–ontwerp en dus van die vergelykende metode gebruik gemaak om die gegewens van die totale groep te bespreek. Die ondersoekgroep het uit 4 groepe bestaan wat verteenwoordig is deur:

Groep 1: Regters

Groep 2: Prokureurs

Groep 3: Maatskaplike werkers

Groep 4: Sielkundiges

'n Ondersoekgroep is saamgestel om die professionele verskeidenheid van die multi-dissiplinêre span te verteenwoordig. Sodoende kon verskeie professionele menings rakende dieselfde toesig- en beheersake verkry word, wat dan 'n breë spektrum van inligting verskaf.

Die onderskeie groepe is uit Gauteng en die Noordwesarea gekies. Die **sielkundiges** se name is verkry uit die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad se register vir sielkundiges (SAGTR, 1997). **Maatskaplike werkers** se name is verkry uit die register van die Nasionale Maatskaplike Raad van Suid-Afrika (1997). **Prokureurs en regters** se name is verkry uit die Jaarlikse Dagboek 1996 van die regsprofessies. 'n Ewekansige steekproef is uitgevoer op al die lyste en 5 name is uit elke lys verkry. Hierdie persone is telefonies genader waartydens hulle die nodige inligting aangaande die ondersoek verkry het. Op hierdie wyse is hulle toestemming tot en deelname aan die ondersoek bekom.

## 6.2 NAVORSINGSPROSEDURE

Om 'n objektiewe mening van die ondersoekgroep te verkry, is aan hulle 'n inligtingstuk, twee verslae en 'n vraelys gestuur. Die doelwit was om 'n objektiewe mening van die onderskeie persone rakende 'n spanbenadering en 'n enkelsielkundige benadering te kry. 'n Vraelys is opgestel wat die nodige aspekte, soos uiteengesit in die literatuur, dek. Hierdie vraelys is opgestel aan die hand van die riglyne soos deur Ebersohn (1982) voorgestel en met inagneming van aspekte soos deur Jacobs (1991)

aangedui. Vir die ondersoek het hulle elkeen twee afsonderlike verslae ontvang om te evalueer. Die toetsresultate moet bepaal of die spanbenadering 'n meer betekenisvolle bydrae tot die toesig- en beheeraangeleentheid lewer as wat die geval sal wees met 'n enkelsielkundige-benadering.

Die navorsingsprosedure vir die studie kan meer spesifiek soos volg uiteengesit word:

- Twee verslae oor toesig- en beheersake wat hanteer is: een van die spanbenadering en een van 'n enkelsielkundige is vir gebruik verkry.
- 'n Ewekansige steekproef is gedoen op die onderskeie naamregisters waaruit die nodige hoeveelheid ondersoekpersone gekies is.
- Die persone is telefonies genader waartydens hulle inligting rakende die studie ontvang het, en hulle deelname aan die ondersoek bekom is.
- Alle dokumentasie is per geregistreerde pos aan die persone gestuur. 'n Gefrankeerde koevert vir terugsending is ingesluit. 'n Brief is daarmee saamgestuur ter verduideliking van die ondersoek. Dit is ook benadruk dat inligting streng vertroulik hanteer word.

## 6.3 MEETINSTRUMENT

Die doel van die studie is om te bepaal of 'n spanbenadering 'n meer betekenisvolle bydrae lewer tot toesig- en beheersake. Aangesien daar geen psigologiese toets bestaan wat hierdie aspek meet nie, is daar een tweetalige vraelys (sien Bylaag A) deur die ondersoeker opgestel. Die vraelys is aan 'n paneel beoordelaars bestaande uit die sielkundiges van die Departement Psigologie aan die PU vir CHO voorgelê ten einde die gesigsgeldigheid en lewensvatbaarheid van die vraelys te toets. Nadat kommentaar daarop gelewer is, is sekere aanpassings ten opsigte van die vraelys gemaak en foute reggestel. Die vraelys is afgerond en ook in Engels vertaal.

By die vraelys is twee verslae ingesluit (sien Bylaag A & B). Relevante name en inligting is verwyder om die partye te beskerm. Toestemming is van die betrokke partye deur die span en 'n enkelsielkundige verkry. Hierdie verslae is saam met die vraelys aan die ondersoekgroep gestuur.

### 6.3.1 Selfopgestelde vraelys deur die ondersoeker (1996)

Die vraelys het die volgende gedek:

Afdeling A: Demografiese gegewens van die respondent

Afdeling B: Die respondent se opinie aangaande die onderskeie verslae

Die respondent se opinie oor toesig- en beheersake in die algemeen

#### 6.3.1.1 Rasionaal

Die evalueringskaal is saamgestel om die ondersoekgroep se mening oor toesig- en beheeraangeleenthede vas te stel - spesifiek gerig op 'n vergelyking tussen 'n spanbenadering en 'n enkelsielkundige benadering. Die toets is opgestel deur definitiewe riglyne wat in die literatuur voorkom te gebruik, en te evalueer hoeveel van die ondersoekgroep saamstem met hierdie vereistes.

#### 6.3.1.2 Aard, administrasie en interpretasie

Die vraelys is 'n evaluering van twee verskillende verslae. Die administrasie van die skaal is eenvoudig en die instruksies wat op die vraelys voorkom is maklik verstaanbaar. Daar word geen tydsbeperking gestel nie.

#### 6.3.1.3 Betroubaarheid en geldigheid

Geen betroubaarheids- of geldigheidsaanduidings is tans vir die evalueringskaal beskikbaar nie.

## 6.4 DIE STATISTIESE PROSEDURE

Vir die doel van die ondersoek sal daar na aanleiding van die ***ex post facto*-benadering,** van die **beskrywende metode** gebruik gemaak word om die gegewens te bespreek. Dit behels die opsomming van die numeriese beskrywing en grafiese voorstelling van die data (Louw, 1990). Aangesien daar met persentasies in die skripsie gewerk word, kan daar nie eksakte hipoteses gestel word nie. Tendense kan wel bespreek word.

## 6.5 DATAVERWERKING

By die verwerking van die data is daar gelet op die verskille tussen die span- en enkelsielkundige-benadering asook die voorkeure van die professionele persone by toesig- en beheersake.

## 6.6 SAMEVATTING

Eerstens is die *ex post facto*-ontwerp en ondersoekgroep bespreek. Probleme met betrekking tot die uitvoer van die ondersoek is uitgelig. Die navorsingsprosedure is uiteengesit. Die meetinstrument en die statistiese prosedure is bespreek.

# HOOFSTUK 7

## BESPREKING VAN DIE TOETSRESULTATE

***"The legal event is undoubtedly much less traumatic to all involved than the emotional divorce which has inevitably preceded it."***

McDermott (1968)

In hierdie hoofstuk word die navorsingsbevindings uiteengesit en bespreek. Die resultate word globaal onder die volgende drie indelings bespreek:

- Demografiese gegewens
- Respondente se evaluasie van die verslae
- Respondente se algemene mening oor toesig en beheer

'n Globale beeld van die spanbenadering by toesig en beheer in Suid-Afrika sal gevorm word deur die response van die 4 beroepsgroepe as eenheid aan die hand van die bogenoemde drie indelings te bespreek.

### 7.1 RESULTATE

#### 7.1.1 Demografiese gegewens

- **Responskoerse van die vraelyste**

| Vraelyste gerig aan | Aantal vraelyste uitgestuur | Aantal vraelyste ontvang | % |
|---|---|---|---|
| Regters | 5 | 2 | 40 |
| Prokureurs | 5 | 1 | 10 |
| Maatskaplike werkers | 5 | 2 | 40 |
| Sielkundiges | 5 | 2 | 40 |
| **Totaal** | 20 | 7 | 35 |

**Tabel 7.1 Responskoerse van vraelyste**

Vanuit Tabel 7.1 blyk dit dat van die 20 vraelyste wat uitgestuur is, net 7 terug ontvang is. Dit verteenwoordig 'n responskoers van 35%. 'n Responskoers van 35% word as swak beskou. Kerlinger (1973) wys egter daarop dat 'n responskoers laer as 40% algemeen is in ondersoeke waar posvraelyste as meetinstrumente gebruik word en 'n responskoers van minder as 40% steeds as verteenwoordigend beskou kan word. Ebersohn (1983) het self 'n responskoers van 33% gekry en sodanige responskoers is tog bruikbaar en selfs bevredigend (Ebersohn, 1982).

- **Geslag**

| Geslag | Aantal vraelyste ontvang | % |
|---|---|---|
| Manlik | 3 | 43 |
| Vroulik | 4 | 57 |
| **Totaal** | 7 | 100 |

**Tabel 7.2 Geslag**

Dit blyk uit Tabel 7.2 dat meer vrouens as mans op die navorsing gereageer het; moontlik weens die feit dat meer vrouens in die sielkundige en maatskaplike beroepe staan. Volgens Jacobs (1991) vervul meer vrouens die rol van sielkundige. 'n Moontlike aanname is dat meer mans in die regsprofessie poste beklee.

- **Ouderdom**

| Ouderdom | Aantal vraelyste ontvang | % |
|---|---|---|
| 20-29jr | 0 | 0 |
| 30-39jr | 1 | 14.29 |
| 40-49jr | 2 | 28.57 |
| 50+ | 4 | 57.14 |
| **Totaal** | 7 | 100 |

**Tabel 7.3 Ouderdom**

Dit blyk dat die meerderheid persone wat gerespondeer het, ouer as 50 jaar is. 'n Moontlike afleiding wat gemaak kan word, is dat die totale groep van 57.14% ouer is as 50 en die res almal ouer as 30.

- **Taalverband**

| Taalverband | Aantal vraelyste ontvang | % |
|---|---|---|
| Afrikaans | 4 | 57.14 |
| Engels | 3 | 42.86 |
| **Totaal** | 7 | 100 |

**Tabel 7.4 Taalverband**

Die verhouding tussen die twee taalgroepe soos in Tabel 7.4 opgeneem, dui daarop dat Afrikaans en Engels as gebruikstaal ongeveer gelykop verteenwoordig is, wat moontlik toegeskryf kan word aan die land se veranderende konstitusionele struktuur. Interessant is dat slegs een respondent 'n swart taal magtig was en dit op regsgebied gebruik het. Hierdie aspek bevestig enersyds die feit dat daar 'n kritieke tekort aan opgeleide persone uit die swart bevolking is en andersyds dat 'n swart taal gepaard met tersiêre onderwys al hoe belangriker vir die algemene bevolking word.

- **Huwelikstatus**

| Huwelikstatus | Aantal vraelyste ontvang | % |
|---|---|---|
| Getroud | 7 | 100 |
| **Totaal** | 7 | 100 |

**Tabel 7.5 Huwelikstatus**

Uit Tabel 7.5 kom na vore dat al die respondente getroud is en geeneen binne enige ander huwelikstatusgroep val nie.

**Voorheen toesig- en beheersake behartig?**

| Gewerk | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 2 | 1 | 1 | 1 | 5 | 71.43 |
| Nee | | | 1 | 1 | 2 | 28.57 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.6 Voorheen toesig- en beheersake behartig?**

Uit Tabel 7.6 blyk dit dat 71.43% van al die respondente alreeds aan toesig- en beheersake gewerk het terwyl 28.57 % nog nie daarmee te doen gehad het nie. Die

aanname kan gemaak word dat toesig- en beheersake meer in die regsberoep voorkom, maar stadig besig is om in die ander hulpprofessies, en veral die sielkunde, voor te kom.

### 7.1.1.2 Samevatting

Uit die demografiese gegewens blyk dit dat die meerderheid respondente vroulik (58%) en Afrikaanssprekend (57%) was. Dit strook met die algemene tendens in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die rol van vroue in die ekonomie word al hoe groter, terwyl ongeveer 58% van die land se blankes Afrikaanssprekend is (Rapport, 1992). Daarby blyk dit dat die meeste respondente ouer as 40 jaar is.

### 7.1.2 Respondente se mening aangaande die Verslae

Hierdie afdeling handel oor die respondente se mening aangaande die sielkundige span se verslag en die enkelsielkundige s'n.

- **Was die evaluasie objektief of subjektief?**

| SPAN | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werkers** | **Sielkundiges** | **N** | **%** |
| Objektief | 1 | 1 | 2 | 1 | 5 | 71.43 |
| Subjektief | | | | 1 | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 1 | 1 | 2 | 2 | 6 | 85.71 |
| | | | | | | |
| **ENKEL** | | | | | | |
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werkers** | **Sielkundiges** | **N** | **%** |
| Objektief | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100.0 |
| Subjektief | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100.0 |

**Tabel 7.7 Was die evaluasie objektief/subjektief?**

Dit blyk uit Tabel 7.7 dat die meeste respondente gemeen het dat die evaluasie deur beide die span en die enkelsielkundige objektief gedoen is. Daar was slegs 14.28% wat gemeen het dat die evaluering van die span subjektief was. Die klem op objektiwiteit kom deurgaans in die literatuur voor as een van die belangrike oorwegings by die toesig- en beheerbenadering, omdat dit eensydigheid en subjektiwiteit uitskakel.

- **Die finale besluit met betrekking tot toesig en beheer was ten gunste van:**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
| Kinders | 1 | 1 | 2 | 1 | 5 | 71.43 |
| Ouers | 1 | | | | 1 | 14.28 |
| Sisteem | | | | 1 | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| ENKEL VERSLAG | | | | | | |
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
| Kinders | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Ouers | | | | | | |
| Sisteem | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.8 Die finale besluit oor toesig en beheer was ten gunste van:**

Uit tabel 7.8 blyk dit dat die respondente almal gemeen het dat die enkelsielkundige-verslag ten gunste van die kinders was. 71.43% het gemeen dat die sielkundige span ten gunste van die kinders besluit het, 14.28% het gemeen dat die span ten gunste van die ouers besluit het en 14.28% het gemeen dat ten gunste van die sisteem besluit is. Die respondente dui aan dat die besluit in die meeste gevalle ten gunste van die kinders is, wat 'n bewys is dat Goldstein, Freud en Solnit (1973) se ideaal om in die beste belang van die kind op te tree, in die praktyk begin verwesenlik word.

- **Respondente se reaksie op die finale besluit van die verslae**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
| Aanvaar | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Verwerp | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| ENKELVERSLAG | | | | | | |
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
| Aanvaar | | 1 | 2 | 2 | 5 | 71.43 |
| Verwerp | 2 | | | | 2 | 28.57 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.9 Respondente se reaksie op die finale besluit van die verslae**

Dit blyk dat al die respondente die span se finale besluit ten volle aanvaar het. By die enkelsielkundige blyk dit dat 71.43% die besluit aanvaar het terwyl 28.57% dit verwerp het. Dit is juis die regters wat die enkelsielkundige se besluit verwerp. Dit is van groot

belang aangesien die regter die persoon is wat die finale besluit kan aanvaar of verwerp. Dit ondersteun die doel wat Cumes & Lambaise (1987b) uiteensit vir die spanbenadering waarin deskundiges sekere faktore en opinies aan die hof verskaf om dit te help om konstruktiewe besluite te neem.

- **Respondente se siening oor die noodsaaklikheid om die evalueerder se besluit aan die partye oor te dra**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | 2 | | 2 | 1 | 5 | 71.43 |
| Nee | | 1 | | 1 | 2 | 28.57 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| ENKELVERSLAG | | | | | | |
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | 2 | | 2 | 2 | 6 | 85.72 |
| Nee | | 1 | | | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.10 Respondente se siening oor die noodsaaklikheid om die evalueerder se besluit aan die partye oor te dra**

Oor die algemeen meen die regters en maatskaplike werkers in albei gevalle dat die finale beslissing aan die partye oorgedra moet word. In totaal meen 71.43% by die span en 85.72% by die enkelverslag dat die finale beslissing oorgedra moet word. 14.28% meen waarskynlik dat die beslissing oor toesig- en beheerevaluasie handel en nie oor terapie nie.

- **Aanbeveling van ondersteuningsnetwerke**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regters | Prokureurs | M/Werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | 1 | | 2 | 1 | 4 | 57.15 |
| Nee | 1 | 1 | | 1 | 3 | 42.85 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| ENKELVERSLAG | | | | | | |
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | 2 | | 2 | 2 | 6 | 85.72 |
| Nee | | 1 | | | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.11 Aanbeveling van ondersteuningsnetwerke**

Vanuit Tabel 7.11 blyk dit dat die meeste respondente uit die geestesgesondheidsprofessie meen dat ondersteuning aanbeveel moet word of dat ondersteuning verleen moet word terwyl dié uit die regsprofessie eerder daarteen gekant is (42.85%). Die literatuur spreek verskillende menings uit rakende hierdie aspek. Sekere skrywers meld dat dit noodsaaklik is om ondersteuning te bied en dat dit dan ook dien as 'n opvolgwyse om te bepaal hoe die kinders die situasie daarna hanteer én of die regte besluit dus geneem is. Ander meen weer dat terugvoer alleenlik in die hof gegee moet word (Bentovim & Gilmour, 1981).

Redes vir aanbeveling, volgens die respondente, is:

> " Die gesinslede het amper almal probleme wat hulle persoonliksheidsgroei gaan beïnvloed en in later jare verdere probleme kan skep - hulle kan hulp kry- gee dit aan hulle"

> " Ja, dit kan die gesin of die enkelpersoon in die krisis tyd onderskraag"

> "Dit is belangrik dat die ouers en kinders toegang tot ondersteuningbronne moet hê met die klem op eie keuse en natuurlik beskikbaarheid van finansies daarvoor, wat dikwels nie beskikbaar is vir al die partye nie"

- **Vertroue in die evalueerder(s) se professionele mening**

| SPAN VERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Regters** | **Prokureur** | **M/werkers** | **Sielkundige** | **N** | **%** |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| **ENKELVERSLAG** | | | | | | |
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werkers** | **Sielkundige** | **N** | **%** |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.12 Vertroue in die evalueerders se professionele mening**

Dit blyk dat die meeste respondente oor die algemeen vertroue het in die professionele persoon se mening. Trombetta (1982) dui daarop dat deur die jare heen 'n alliansie

ontwikkel tussen die geestesgesondheidsprofessie en die regsprofessie, gebaseer op die gedragswetlike model van kinderontwikkeling en rasionele evaluasie.

- **Word die kinders aan die onskuldige partye toegesê?**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | 1 | | 1 | 1 | 4 | 57.14 |
| Nee | | 1 | 1 | 1 | 3 | 42.86 |
| **Totaal** | 1 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| ENKELVERSLAG | | | | | | |
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | | | 1 | 1 | 2 | 28.57 |
| Nee | 1 | 1 | 1 | 1 | 5 | 71.43 |
| **Totaal** | 1 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.13 Word die kinders aan die onskuldige partye toegesê?**

Daar blyk verskillende menings te wees oor die twee verslae. By die spanverslag blyk dit dat die meerderheid (57.14%) meen dat die kinders aan die onskuldige partye toegesê is, terwyl by die enkelsielkundige-verslag die minderheid van 28.57% so meen. By die enkelsielkundige-verslag meen die meerderheid dus dat die kinders nie aan die onskuldige party toegesê is nie.

- **Word die kinders se wense in ag geneem?**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| ENKELVERSLAG | | | | | | |
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.14 Word die kinders se wense in ag geneem?**

Dit blyk vanuit Tabel 7.14 dat die mening oor die hele spektrum heen is dat die kinders se wense in beide die verslae in ag geneem is. Die inagneming van kinders se wense is

een aspek waaroor die sielkundiges en die regslui gewoonlik verskil (vergelyk 3.2, p.24).

- **Geestelike en fisiese gesondheid van die individue**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| Totaal | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| ENKELVERSLAG | | | | | | |
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| Totaal | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.15 Geestelike en fisiese gesondheid van die individue**

By al die respondente en by beide die verslae word een van die belangrikste kriteria in gedagte gehou, naamlik die inagneming van die geestelike en fisiese gesondheid van die individue (Sien 3.1.1, p.21). Enige probleme daarmee kan daartoe lei dat die kind tot 'n volwassene met gedragsprobleme ontwikkel.

- **Minimum ontwrigting vir die kinders**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | 1 | 1 | 2 | 2 | 6 | 85.72 |
| Nee | 1 | | | | 1 | 14.28 |
| Totaal | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| ENKELVERSLAG | | | | | | |
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | 1 | 1 | 2 | 2 | 6 | 85.72 |
| Nee | 1 | | | | 1 | 14.28 |
| Totaal | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.16 Minimum ontwrigting vir die kinders**

Dit blyk dat 85.72% van die respondente in albei gevalle meen dat die minimum ontwrigting van die kinders vooropgestel moet word. Die aanname kan gemaak word dat dit een van die primêre aspekte is waarop die evalueerders let. Die bepaling van die wet is dat die toesigbevel nie verander sal word nie, behalwe as die kind in gevaar gestel word (sien 2.4.3, p.16). Hahlo en Sinclair (1990) maan ook teen die onnodige

verandering van die toesigbevel, aangesien dit net verdere verwarring en trauma vir die kind(ers) meebring.

- **Die impak van spanning**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regters | Prokureurs | M/werker | Sielkundige | N | % |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| ENKELVERSLAG | | | | | | |
| | Regters | Prokureurs | M/werker | Sielkundige | N | % |
| Ja | 1 | 1 | 2 | 2 | 6 | 85.72 |
| Nee | 1 | | | | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.17 Die impak van spanning**

Volgens die respondente blyk dit dat die spanbenadering die impak van spanning ten volle in ag neem by die gesinne wat geëvalueer word. By die enkelsielkundige- verslag meen egter net 85.72% dat daar ag geslaan word op die gesinne se spanning. Egskeiding bly 'n baie traumatiese ervaring vir die ouers sowel as vir die kinders, daarom is dit belangrik dat die spanning wat daarmee gepaard gaan, in ag geneem moet word.

- **Is die terme in die verslag aan hulle bekend/verstaanbaar?**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regters | Prokureurs | M/werker | Sielkundige | N | % |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| ENKELVERSLAG | | | | | | |
| | Regters | Prokureurs | M/werker | Sielkundige | N | % |
| Ja | 1 | 1 | 2 | 2 | 6 | 85.72 |
| Nee | 1 | | | | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.18 Is die terme in die verslag aan hulle bekend/verstaanbaar?**

Volgens Tabel 7.18 meen 100% van die respondente dat die terme wat in die sielkundige span-verslag gebruik word, verstaanbaar is, terwyl slegs 85.72% gemeen het dat die terme in die enkelsielkundige-verslag aan hulle bekend is. Terme is baie belangrik

omdat dit die verslag verstaanbaar of onverstaanbaar maak. Aangesien mense uit verskeie professies die verslae lees en gebruik, is dit nodig dat almal dit verstaan, anders bring dit onnodige misverstande en konflik op die werksgebied mee.

- **Word die verslag in die geheel gelees of slegs die opsomming?**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werker** | **Sielkundige** | **N** | **%** |
| In geheel | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Opsomming | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| **ENKELVERSLAG** | | | | | | |
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werker** | **Sielkundige** | **N** | **%** |
| In geheel | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Opsomming | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.19 Word die verslag in die geheel gelees of slegs die opsomming?**

Die verteenwoordigers van al die professies meen dat die verslag in die geheel gelees moet word om die volle beeld rakende die gesin en sy evaluering te verkry. Weens die onsekerheid wat heers rakende die professies se beleid oor die lees van aanbevelings, is dit bemoedigend om te besef dat die lees van die hele verslag deur die lede van al die professies as belangrik beskou word.

- **Tydperk van evaluasie**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werker** | **Sielkundige** | **N** | **%** |
| Ja | 1 | | 2 | 1 | 4 | 57.14 |
| Nee | | 1 | | 1 | 2 | 28.56 |
| **Totaal** | 1 | 1 | 2 | 2 | 6 | 85.7 |
| | | | | | | |
| **ENKELVERSLAG** | | | | | | |
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werker** | **Sielkundige** | **N** | **%** |
| Ja | 1 | | 2 | 1 | 4 | 57.14 |
| Nee | | 1 | | 1 | 2 | 28.56 |
| **Totaal** | 1 | 1 | 2 | 2 | 6 | 85.7 |

**Tabel 7.20 Tydperk van evaluasie**

Die algemene mening ten opsigte van die enkelsielkundige- en sielkundige span-verslae is dat die tydperk van die evaluasie aanneemlik is vir 57.14% van die respondente terwyl 28.56% dit onaanvaarbaar vind. Redes wat daarvoor gegee word, is:

"Die evaluering is te lank en integrasie van die toetsresultate kon beter gewees het."

" Evaluasie neem langer as net een-en-'n half uur."

"Trauma met egskeiding is baie erger as wat algemeen aanvaar word. Dit is baie moeilik om te evalueer binne die jaar rondom die egskeiding. Ek verstaan die dilemma."

- **In die beste belang van die kind**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werkers** | **Sielkundige** | **N** | **%** |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| **ENKELVERSLAG** | | | | | | |
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werkers** | **Sielkundige** | **N** | **%** |
| Ja | 1 | | 2 | 2 | 5 | 71.43 |
| Nee | 1 | 1 | | | 2 | 28.57 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.21 In die beste belang van die kind**

Uit Tabel 7.21 blyk dit, volgens die respondente, dat die beste belang van die kind(ers) ook in ag geneem word. 100% van die respondente meen dat die sielkundige span vir die beste belang van die kind(ers) werk teenoor 71.43% van die enkel sielkundige-verslag wat so meen. 'n Groot aantal respondente uit die regsprofessie meen dat die beste belang van die kind nie in die enkelsielkundige-verslag nagestreef word nie.

Kommentaar hierop was dat dit wel die teoretiese oogmerk is, maar dat dit nie noodwendig in die praktyk realiseer nie, tog bly dit steeds een van die standaarde waarvolgens hedendaagse toesig en beheer besluit word (sien 2.5, p.16).

- **Interaksie tussen ouers, kinders en sibbe**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| ENKELVERSLAG | | | | | | |
| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundige | N | % |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.22 Interaksie tussen ouers, kinders en sibbe**

In albei gevalle blyk dit uit Tabel 7.22 dat die interaksie tussen ouers, kinders en sibbe as baie belangrik beskou word, en dit kom in albei die verslae na vore. Derdeyn (1975) dui daarop dat die aard en intensiteit van verhoudinge baie belangrik is. Die kwaliteit van die ouer-kindverhouding is bevind voorspellend te wees van die kind se aanpassing na die egskeiding (sien 3.3, p.28).

- **Die rol van die sielkundiges**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Regters | Prokureurs | M/werker | Sielkundige | N | % |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| Verwarrend | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| ENKELVERSLAG | | | | | | |
| | Regters | Prokureurs | M/werker | Sielkundige | N | % |
| Ja | 1 | 1 | 2 | 2 | 6 | 85.72 |
| Nee | | | | | | |
| Verwarrend | 1 | | | | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.23 Die rol van die sielkundiges**

Uit Tabel 7.23 blyk dit dat die respondente van die span gemeen het dat die rol van die sielkundiges deur al die respondente as belangrik beskou word, terwyl net 85.72% van die respondente gemeen het dat die bydrae van die sielkundige 'n rol gespeel het in die enkelsielkundige-verslag. Steinberg (in Hoffman & Pincus, 1989)

verwys in groot detail na die voordele van die sielkundige in 'n spanbenadering (sien 4.2.1, p.37). Daarenteen dui Cumes en Lambaise (1987a) aan dat sielkundiges nie altyd deur howe aangestel word nie en dat howe soms huiwerig is om sielkundiges se mening te vra.

- **Hoe logies was die verslae?**

| **SPANVERSLAG** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werker** | **Sielkundiges** | **N** | **%** |
| Logies | 2 | 1 | 2 | 1 | 6 | 85.72 |
| Onverstaanbaar | | | | 1 | 1 | 14.28 |
| Vaag | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| **ENKELVERSLAG** | | | | | | |
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werker** | **Sielkundiges** | **N** | **%** |
| Logies | 2 | 1 | 2 | | 5 | 71.43 |
| Onverstaanbaar | | | | 1 | 1 | 14.28 |
| Vaag | | | | 1 | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.24 Hoe logies was die verslae?**

85.72% van die respondente het gemeen dat die span se verslag meer logies was teenoor die 71.43% van die respondente wat die enkelsielkundige-verslag verstaanbaar gevind het. Die meeste kritiek het dan ook gekom van mede-sielkundiges wat die enkelsielkundige-verslag onverstaanbaar en vaag gevind het.

- **Afleidings met betrekking tot toesig en beheer**

| **SPANVERSLAG** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werkers** | **Sielkundiges** | **N** | **%** |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| **ENKELVERSLAG** | | | | | | |
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werkers** | **Sielkundiges** | **N** | **%** |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.25 Afleidings met betrekking tot toesig en beheer**

Volgens Tabel 7.25 het die respondente gemeen dat genoeg inligting in beide die verslae voorkom om voldoende afleidings te kan maak met betrekking tot toesig en beheer, aan die hand waarvan die verskillende professies dan kan werk. Die verslag is een van die

wyses waarop die sielkundige sy deskundige mening gee. Uit die verslag blyk dit noodsaaklik te wees dat die leser die nodige afleidings kan maak rakende relevante aspekte van die saak wat hanteer word (sien 4.5, p.41).

- **Is die ouderdomme van die kinders aanvaarbaar vir hul plasing?**

| SPANVERSLAG | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werkers** | **Sielkundiges** | **N** | **%** |
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| | | | | | | |
| **ENKELVERSLAG** | | | | | | |
| | **Regters** | **Prokureurs** | **M/werkers** | **Sielkundiges** | **N** | **%** |
| Ja | 1 | | 2 | 2 | 5 | 71.43 |
| Nee | 1 | 1 | | | 2 | 28.57 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.26 Is die ouderdomme van die kinders aanvaarbaar vir hul plasing?**

Dit blyk dat al die respondente positief gevoel het oor die kinders se ouderdomme in die toesig- en beheerreëling van die span. Daarenteen het slegs 71.43% van die respondente positief gereageer op die kinders se ouderdomme in die toesig- en beheeraanbeveling van die enkelsielkundige. Negatiewe reaksie het veral vanuit die regsprofessie gekom. Redes wat hiervoor aangevoer is, is:

> "Ek verskil met sekere reëlings. Ek meen dit sal gesinsbande benadeel en dissipline verswak (veral in/by/van moontlike wedywering tussen ouers later)."

> "Ek het gedink die seun, met sy behoefte om groter kontak met sy pa te hê, behoort eerder aan pa se sorg oor gelaat te word in die lig van groter rolidentifikasie."

### 7.1.2.1 Samevatting

Dit blyk dat die enkelsielkundige-verslag as meer objektief beskou is as dié van die sielkundige span-verslag (Tabel 7.7). 14.28% van die respondente het gemeen die span is subjektief. Dit blyk dat die enkelsielkundige se aanbevelings deur meer respondente as ten gunste van die kinders gesien is, terwyl daar meer gemengde gevoelens oor die spanbenadering se beslissing was (Tabel 7.8). Die span se finale besluit is meer

aanvaarbaar, terwyl die enkelsielkundige-verslag veral vir die regsprofessie (28.51%) onaanvaarbaar was (Tabel 7.9). By die enkelsielkundige-verslag het 85.71% van die respondente gemeen dat die oordra van die finale besluit aan al die partye belangrik is, terwyl 71.43% van die respondente by die spanverslag gemeen het dis belangrik (Tabel 7.10).

Die respondente het gemeen dat die aanbeveling van ondersteuningsnetwerke nodig is alhoewel daar teenkanting van spesifiek die prokureurs was (Tabel 7.11). Sekere respondente het gemeen dat dit noodsaaklik is om ondersteuning te bied en dat dit as 'n wyse van kontrole kan dien. In albei gevalle het 'n vertroue in die professionele mening van die evalueerders voorgekom (Tabel 7.12). Die meeste respondente uit die span het gemeen dat die kinders aan die onskuldige partye toegesê word (Tabel 7.13). Die kinders se wense is deur al die evalueerders in ag geneem, so ook die fisiese en geestelike gesondheid van al die individue betrokke (Tabel 7.15). Al die respondente het gemeen dat aandag aan die minimum ontwrigting van die kinders by beide evaluasies voorkom (Tabel 7.16). Dit blyk dat die span meer ag geslaan het op die impak van spanning op die gesinne as die enkelsielkundige (Tabel 7.17).

Albei die verslae is volledig deur die respondente gelees en die mening was dat die span se verslag meer verstaanbaar was ten opsigte van die gebruik van die terme (Tabel 7.24). Dit blyk dat die spanverslag meer logies is met minder onverstaanbare dele as die enkelsielkundige-verslag. In albei gevalle was die verslae van so 'n aard at die nodige afleidings oor toesig en beheer gemaak kon word (Tabel 7.25).

Die tydperk van die evaluasie is aanneemlik gevind alhoewel daar kritiek gelewer is op die feit dat die evaluasie te lank geduur het en dat die traumatiese ervaring rondom die egskeiding evaluering binne 'n jaar bemoeilik (Tabel 7.20). Daar was die mening dat die span eerder in belang van die kind optree met minder negatiewe reaksie as wat die geval by die enkelsielkundige was (Tabel 7.21). By die sielkundige span blyk dit dat die toesig- en beheerbesluit meer aanvaarbaar is ten opsigte van die ouderdomme van die kinders as by dié van die enkelsielkundige (Tabel 7.26).

'n Algemene gevolgtrekking kan gemaak word dat, alhoewel die span asook die enkelsielkundige die faktore betrokke by toesig en beheer goed hanteer, die

spanbenadering in die geheel 'n meer volledige en daadwerklike praktyk stel. Die spanbenadering kry van die hele ondersoekgroep meer ondersteuning en positiewe reaksie.

## 7.2 ALGEMENE MENING VAN DIE RESPONDENTE OOR TOESIG EN BEHEER

- **Watter toesig- en beheerooreenkoms staan u voor?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Alleen | 2 | 1 | 1 | | 4 | 57.14 |
| Gedeelde | | | 1 | 1 | 2 | 28.57 |
| Ander | | | | 1 | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.27 Watter toesig- en beheerooreenkoms staan u voor?**

Dit blyk dat die meeste respondente (57.14%) en veral die regsprofessie, alleentoesig verkies, gevolg deur gedeelde toesig met 28.57%. Daar word wel gemeen dat in die meeste gevalle die tipe toesigooreenkoms afhang van die saak of omstandighede. Aan albei gevalle is daar voor- en nadele verbonde soos in die literatuur uiteengesit (sien 2.1.3, p.6).

- **Partye betrokke by die evaluasie**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Almal | 1 | 1 | 2 | 1 | 5 | 71.43 |
| 1Ouer&Kind | | | | | | |
| Ander partye | | | | | | |
| Almal & ander | 1 | | | 1 | 2 | 28.57 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.28 Partye betrokke by die evaluasie**

Die mening van 71.43% van die respondente is dat die hele gesin betrokke moet wees by die evaluasie terwyl daar slegs 28.57% is wat meen dat die hele gesin asook ander belangrike partye 'n rol moet speel in die evaluasie. Dit blyk dat die literatuur daarop

wys dat veral die ouers (of primêre versorger) en die kind(ers) die belangrikste komponente is wanneer dit kom by die toesig- en beheerevaluasie.

- **Namens wie getuig die evalueerders in die hof?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Een party | | | | | | |
| Kinders | 2 | | 2 | 2 | 6 | 85.71 |
| Sisteem | | 1 | | | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.29 Namens wie getuig die evalueerders in die hof?**

85.71% van die respondente meen dat die evalueerders meestal namens die kinders in die howe getuig terwyl 14.28% (prokureurs) meen dat daar namens die sisteem getuig word. Die mening oor die algemeen is dat daar deesdae minder vir 'n party as sodanig in howe getuig word. Die sielkundige tree deesdae meestal op die versoek van die hof of gesinsadvokaat op en word beskou as 'n neutrale deskundige wat in die belang van die kind(ers) optree (Karras & Berry,1985).

- **Die evaluasie sluit die volgende aspekte in:**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Toetsing | | | 1 | | 1 | 14.28 |
| Onderhoude | | | | | | |
| Inligting | 1 | | 1 | | 2 | 28.57 |
| Eerste twee | | 1 | | 1 | 2 | 28.57 |
| Al drie | 1 | | | 1 | 2 | 28.57 |
| | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.30 Die evaluasie sluit die volgende aspekte in:**

Dit blyk dat die algemene mening onder die respondente is dat die evaluasie uit toetsing, onderhoude en opvolging van inligting bestaan en dan blyk dit tog dat die toetsing en die resultate wat daaruit verkry word as die belangrikste geag word.

- **Word 'n bydrae van maatskaplike werkers vereis?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 2 | 2 | 6 | 85.71 |
| Nee | 1 | | | | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.31 Word 'n bydrae van maatskaplike werkers vereis?**

Dit blyk uit Tabel 7.31 dat die meeste van die respondente, insluitende die maatskaplike werkers, meen dat maatskaplike werkers se bydraes in die evaluasie verkies word teenoor slegs 14.28% uit die regsprofessie wat meen dit is onnodig.

- **Word die aanbeveling gebruik al is dit teen die party wat verteenwoordig word?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 2 | 2 | 6 | 85.71 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 1 | 1 | 2 | 2 | 6 | 85.71 |

**Tabel 7.32 Word die aanbeveling gebruik al is dit teen die party wat verteenwoordig word?**

'n Baie moeilike aspek wat na vore kom, is die vraag of die persoon die aanbeveling sal gebruik al is dit teen die party wat die persoon verteenwoordig. 85.71% het aangedui dat hulle dit wel sal gebruik, alhoewel daar verskillende redes daarvoor vestrek is:

> "Dit sal swaar dra maar die kliënt se instruksies sal voorrang geniet en oorgedra word."
>
> "Ek sal die aanbeveling gebruik as ek daarmee saamstem."
>
> "Die verslag/toetsing/onderhoude is 'n *poging* tot objektiewe evaluasie en dit moet gerespekteer word - eie gevoelens kom sekondêr."
>
> "Die professies bestaan daaruit om beroepsbesluite te neem - nie net vir geldelike gewin nie."

Dit blyk veral moeilik in die regsprofessie te wees waar die kliënt se belange vooropgestel moet word en die prokuruer/regter in die beste belang van die kliënt moet optree (Trombetta, 1982; Derdeyn, 1975).

- **Word toesig- en beheerevaluasie by u kliënte aanbeveel?**

| | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 2 | 2 | 5 | 71.43 |
| Nee | | | | | |
| **Totaal** | 1 | 2 | 2 | 5 | 71.43 |

**Tabel 7.33 Word toesig- en beheerevaluasie by u kliënte aanbeveel?**

Dit blyk uit Tabel 7.33 dat 71.43% van die respondente (almal wat die vraag beantwoord het) wel dié tipe evaluasie by hulle kliënte aanbeveel. Die aanname kan gemaak word dat toesig- en beheerevaluasies al meer onder die verskillende professies bekend en aanvaarbaar word.

- **Is die evaluasie uiteindelik ten gunste van die kind(ers)?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.34 Is die evaluasie uiteindelik ten gunste van die kind(ers)?**

Dit blyk dat die respondente meen dat die evaluasies ten gunste van die kinders is, en dit sluit aan by die oorspronklike rede waarom hierdie soort evaluasie ontwikkel is. Dit hang natuurlik af van die gehalte van die evaluasie en die aanbeveling wat gemaak word.

- **Is die evalueerders genoegsaam opgelei vir hierdie span-situasie?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 1 | | 2 | 1 | 4 | 57.14 |
| Nee | | | | 1 | 1 | 14.28 |
| Onseker | 1 | 1 | | | 2 | 28.57 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.35 Is die evalueerders genoegsaam opgelei vir hierdie span-situasie?**

Die meerderheid (57.14%) meen dat die evalueerders genoegsaam opgelei is vir hierdie situasie. 'n Veel kleiner persentasie (42.85%) meen egter dat hulle nie genoegsaam vir die situasie nie opgelei is. As na die verskillende professies gekyk word, is dit veral uit die regsprofessie waar daar onsekerheid is (28.57%) en dit stem ooreen met wat in die literatuur te vinde is. 'n Groot struikelblok, volgens Steinberg (in Hoffman & Pincus, 1989), is dat die betrokke professies verskillende filosofieë, oriëntasies, tradisies en waardes huldig (sien 4.2.1, p.37). Hoffman en Pincus (1989) beveel aan dat die verhouding tussen die sielkundige en regsprofessie oop moet wees en gereeld by heersende omstandighede aangepas moet word. Regspersone staan baie skepties teenoor sielkundiges en het sekere vooropgestelde opvattings oor hulle, wat bydra tot die belemmering van kommunikasie.

**Word die sielkundiges in sommige gevalle gebruik om 'n party se saak te versterk of om die teenparty se saak te benadeel?**

| | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | | 2 | 28.57 |
| Nee | | | 1 | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 1 | 1 | 1 | 3 | 42.85 |

**Tabel 7.36 Word die sielkundiges in sommige gevalle gebruik om 'n party se saak te versterk of om die teenparty se saak te benadeel?**

'n Minderheid van die respondente het hierdie vraag beantwoord (slegs 3). Dit blyk egter dat 28.57% meen dat sielkundiges wel gebruik word om sekere partye se saak te versterk óf te benadeel. Die literatuur waarsku reeds teen hierdie aspek veral as dit kom by die enkelsielkundige (Derdeyn, 1975; Trombetta, 1982).

- **Word die verandering in die toesig- en beheerreëlings as ontwrigtend of voordelig vir die kind beskou ?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ontwrigtend vir die kind | 1 | | | | 1 | 14.28 |
| Voordelig vir die kind | 1 | | 2 | 2 | 5 | 71.43 |
| **Totaal** | 2 | | 2 | 2 | 6 | 84.71 |

**Tabel 7.37 Word die verandering in die toesig- en beheerreëlings as ontwrigtend of voordelig vir die kind beskou?**

Dit blyk dat die meeste (71.43%) van die respondente meen dat herevaluering tot die voordeel van die kind strek. 14.28%, komende uit die regsprofessie, meen dit sal vir die kind ontwrigtend wees. Dit blyk dat die geestesgesondheidsprofessie dit veral as voordelig beskou. Hahlo en Sinclair (1990) dui aan dat die bevel alleenlik kan verander indien die kind se huidige omstandighede van so 'n aard is dat dit die kind in gevaar stel (sien 2.4.3, p.16).

- **Word die sielkundiges as meer deskundig op die gebied van ouer-kindverhoudings beskou?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | | 1 | 2 | 2 | 5 | 71.43 |
| Nee | | | | | | |
| Onseker | 2 | | | | 2 | 28.57 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.38 Word die sielkundiges as meer deskundig op die gebied van ouer-kindverhoudings beskou?**

Dit blyk dat 71.43 % meen dat die geestesgesondheidprofessie meer deskundig is op die gebied van ouer-kindverhoudings. Die evaluerende sielkundige dien as 'n deskundige ten opsigte van kinderontwikkeling (Cumes & Lambaise, 1987b). Dit blyk egter dat veral die regters (28.57%) onseker is oor die stelling.

- **Wat is die belangrikste by die evaluasie?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Evaluering van die kinders | | | | | | |
| Evaluering van die ouers | | | | | | |
| Evaluering van die verhouding | 1 | 1 | 2 | 1 | 5 | 71.43 |
| Al drie | 1 | | | 1 | 1 | 14.28 |
| Eerste twee | | | | 1 | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.39 Wat is die belangrikste by die evaluasie?**

Dit blyk uit Tabel 7.39 dat 71.43% van die respondente meen dat die evaluering van die *verhouding* tussen die ouers en die kinders die belangrikste is. Uit die sielkunde meen 14.28% dat al die aspekte belangrik is terwyl dieselfde persentasie meen dat die evaluering van die kinders en dié van die ouers die belangrikste is.

- **Word die aanpassing by huis, skool en gemeenskap in ag geneem?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Goed | 1 | 1 | 2 | | 4 | 57.14 |
| Redelik | 1 | | | 2 | 3 | 42.86 |
| Swak | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.40 Word die aanpassing by huis, skool en gemeenskap in ag geneem?**

Uit Tabel 7.40 blyk dit dat tussen 57.14% en 42.86% van die respondente meen dat die aanpassing by die huis, skool en gemeenskap goed tot redelik in ag geneem word.

- **Die respondente se begrip van psigometriese toetse**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Goed | | 1 | | 2 | 3 | 42.86 |
| Redelik | 1 | | 2 | | 3 | 42.86 |
| Swak | 1 | | | | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.41 Die respondente se begrip van psigometriese toetse**

Volgens die respondente is hulle begrip van psigometriese toetse redelik tot goed. Daar is slegs 14.28% uit die regsprofessie wat meen dat hul begrip van psigometriese toetse swak is.

- **Is die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n persoon van fundamentele belang by toesig- en beheergevalle?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 2 | 1 | 1 | 2 | 6 | 85.71 |
| Nee | | | 1 | | 1 | 14.29 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.42 Is die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n persoon van fundamentele belang by toesig- en beheergevalle?**

Oor die algemeen (85.71%) word gemeen dat die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n persoon van fundamentele belang is by die evaluering en finale besluit in toesig- en beheersituasies. Slegs 14.28% het nie saamgestem nie. Ackerman (1995) wys daarop dat die ouer beskou word as 'n persoon met 'n geskiedenis en lewenspatrone. Hierdie

patrone herhaal in die huweliksverhouding en in die verhouding met die kinders (sien 4.2.1, p.37).

- **Sienings oor sielkundiges se betrokkenheid by toesig- en beheersake**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ten gunste | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Teen gekant | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.43 Sienings oor sielkundiges se betrokkenheid by toesig-en beheersake**

Tabel 7.43 dui aan dat daar volle ondersteuning is vir die sielkundige se betrokkenheid by toesig- en beheersake.

- **Deur wie moet referente genader word?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Span | 1 | | | 1 | 2 | 28.57 |
| Sielkundige | | | | | | |
| M/werker | | 1 | 1 | 1 | 3 | 42.86 |
| Onpartydige persoon | | | 1 | | 1 | 14.28 |
| Onseker | 1 | | | | 1 | 14.28 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.44 Deur wie moet referente genader word?**

Die meerderheid (42.86%) het gemeen dat die maatskaplike werkers die verskillende referente moet nader. 28.57%, wat uit regters en sielkundiges bestaan, het egter gemeen dat die span die referente moet nader terwyl 14.28%, bestaande uit maatskaplike werkers, 'n onpartydige persoon verkies het om dit te doen en die res onseker was oor hierdie aspek.

- **Speel die kinders se ouderdomme 'n rol in waar hulle geplaas word tydens die toesig-en beheerevaluasie?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |
| Nee | | | | | | |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.45 Speel die kinders se ouderdomme 'n rol in waar hulle geplaas word tydens die toesig- en beheerevaluasie?**

Al die referente het gemeen dat die kinders se ouderdomme 'n rol speel by waar hulle geplaas word. Die volgende redes is aangevoer:

"In beginsel behoort jong kinders by hulle moeders te wees."

"Emosionele ontwikkeling en versorgingsbehoeftes."

"Ek dink die ontwikkelingsfase van 'n kind op 'n gegewe tyd moet in ag geneem word by die plasing."

"Verskillende ontwikkelingsbehoeftes vereis verskillende insette. Geslag speel ook 'n rol."

Uit die literatuur blyk dit egter dat die sielkundige siening meer neig na die "psigologiese ouer" en dat die biologiese band of geslag van die ouer ondergeskik hieraan is (sien 2.1.4, p.10).

- **Moet die ouers se finansiële posisie in ag geneem word by die evaluasie?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | | | 1 | 1 | 2 | 28.57 |
| Nee | 2 | | 1 | 1 | 4 | 57.13 |
| **Totaal** | 2 | 0 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.46 Moet die ouers se finansiële posisie in ag geneem word by die evaluasie?**

57.14%, veral uit die regsprofessie, meen dat die ouers se finansiële posisie nie in ag geneem moet word by die evaluasie nie, teenoor die 28.57% wat meen dat dit wel in ag geneem moet word. Die redes wat aangevoer is, is:

" Die finansiële posisie van beide ouers mag relevant wees tot die vraag of die kinders behoorlik versorg word. Indien een ouer meer vermoënd is as die ander ouer, behoort eersgenoemde laasgenoemde by te staan met die onderhoud."

"Die onderhoudsprobleem is die grootste verteenwoordigende konflik (en kontak) tussen die partye na die egskeiding."

- **Wie moet die finansiële koste van die evaluasie dra?**

| | Regters | Prokureurs | M/werkers | Sielkundiges | N | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Party wat die egskeiding aanvra | | | | 1 | 1 | 14.28 |
| Finasieel sterker party | | | | 1 | 1 | 14.28 |
| Albei partye | 2 | 1 | 2 | | 5 | 71.44 |
| **Totaal** | 2 | 1 | 2 | 2 | 7 | 100 |

**Tabel 7.47 Wie moet die finansiële koste van die evaluasie dra?**

71.43% van die respondente meen dat beide die partye die finansiële koste van die evaluasie moet dra. 14.28% van die respondente meen dat die party wat die egskeiding aanvra of die finansiële sterker party die koste moet dra. Dis veral die regsprofessie wat voel dat albei die partye die finansiële koste moet deel. Dit word ook so in die literatuur uitgewys om die objektiwiteit in die saak te behou.

### 7.2.1 Samevatting

Die aanname kan gemaak word dat, met betrekking tot toesig en beheer, meer professionele persone, en veral persone uit die regsprofessie, ten gunste is van alleentoesig (sole custody) as enige ander vorm van toesig (Tabel 7.27). Die meerderheid meen dat die hele gesin (ouers en kinders) by die evaluering ingesluit moet word terwyl 'n minderheid van 28.57% meen dat belangrike ander partye ook aan hierdie evaluering deel moet hê (Tabel 7.28).

Die mening is dat psigometriese toetse en die resultate wat daaruit voortvloei, steeds die primêre evalueringsmiddel is (Tabel 7.30). Dit word gevolg deur die opvolg van inligting en dan die mins belangrike, onderhoude. Die bydrae van maatskaplike werkers blyk 'n vereiste te wees (Tabel 7.31). Die evaluasie van die verhouding tussen die ouer en die kind is die belangrikste, gevolg deur die evaluasie van die kind en die ouers (Tabel

7.39). Daar word gemeen dat die aanpassing van die kind by die huis, skool en gemeenskap genoegsaam in ag geneem word (Tabel 7.40). Die meerderheid se mening was dat die kinders se ouderdomme beslis 'n rol speel by waar hulle geplaas word, en die aanname dat jong kinders by die moeders hoort, het nog steeds voorgekom (Tabel 7.45).

Die tendens in die hof blyk steeds te wees dat die inligting net tot die voordeel van die verteenwoordigende party gebruik word, alhoewel dit blyk dat die respondente meen dat die aanbeveling gebruik moet word al is dit teen die party wat verteenwoordig word (Tabel 7.32). Die opvatting tans is dat die evalueerders oor die algemeen ten gunste van die kinders in die hof getuig (Tabel 7.29).

Daar blyk ook 'n tendens te wees dat toesig- en beheerevaluasie by kliënte wat skei, aanbeveel word (Tabel 7.33). Die mening is sterk dat die evaluasie aan die einde ten gunste van die kinders is (Tabel 7.34). Die meerderheid beskou die sielkundiges as opgelei vir die span-situasie, alhoewel min respons ontvang is oor of sielkundiges gebruik word om partye te bevoordeel of te benadeel (Tabel 7.36). Die meerderheid (71.43%) respondente het gemeen dat die herevaluering van die kind voordelig vir hom/haar sal wees (Tabel 7.37).

Die meerderheid respondente beskou die geestesgesondheidsprofessie as meer deskundig op die gebied van ouer-kindverhoudinge (Tabel 7.38). Die meerderheid se begrip van psigometriese toetse was redelik goed (Tabel 7.41). 85.71% van die respondente het gemeen dat die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n persoon van fundamentele belang is by toesig- en beheersake en almal was positief oor die sielkundige se betrokkenheid by die evaluerings (Tabelle7.42,7.43). 'n Groot aantal het gemeen dat referente deur 'n maatskaplike werker genader moet word (Tabel 7.44).

57.14% van die respondente se mening was dat die finansiële posisie van die ouers nie in ag geneem moet word by die evaluasie nie (Tabel 7.46). Die meerderheid het gemeen dat albei die partye tot die finansiële koste van die evaluasie moet bydra. Slegs 14.28% van die respondente het gemeen die party wat die egskeiding aanvra of wat finansieel sterker is, moet alleen die koste dra (Tabel 7.47).

## HOOFSTUK 8

## GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN SLOT

***"Despite the atomic age of robots and automation in which we live, natural factors such as family life and mother-love are still fundamental in a child's life."***

Shäfer (1987:55)

### 8.1 ORIËNTERING

Die belangrikste bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings van die ondersoek word kortliks in hierdie hoofstuk uiteengesit. Sekere leemtes in die ondersoek word geïdentifiseer, waarna sekere aanbevelings vir verdere navorsing gemaak word.

#### 8.1.1 Doelstelling

Die algemene doelstelling was om die betekenisvolheid van 'n spanbenadering met betrekking tot die evaluasie van toesig en beheer by kinders te vergelyk met dié van 'n enkelsielkundige-benadering.

#### 8.1.2 Literatuuroorsig

Literatuur wat betrekking het op aspekte soos in die probleemstelling en navorsingsvraag asook in die doelstellings gestel is, is in hierdie afdeling ontleed. Begrippe soos huwelik, egskeiding, voogskap, toesig- en beheervorme, psigologiese ouer en die "beste belang van die kinders", is bespreek.

Die geskiedenis van egskeiding sowel as toesig- en beheerwette toon dat daar die afgelope eeu groot veranderinge plaasgevind het op die regsgebied sowel as op die sielkundige front. Die vereistes waaraan die toesig- en beheerevaluasie moet voldoen, is voorts in hierdie verhandeling uitgewys. Daar is bevind dat die sielkundige span grootliks aan hierdie vereistes voldoen. Heelwat vordering en verandering moet egter nog plaasvind om die nodige erkenning te kry wat hulle verdien.

In Suid-Afrika is die spanbenadering nog redelik vreemd en word hierdie taak veral deur enkelsielkundiges vervul. Samewerking oor verskillende professionele grense heen lei daartoe dat die vraag na opleiding ook onder die soeklig geplaas kan word.

**8.1.3 Bespreking van die toetsresultate**

Die belangrikste bevindings word in hierdie afdeling saamgevat.

**8.1.3.1 Demografiese gegewens**

Die gegewens toon dat die meerderheid vroulike respondente in die geestesgesondheidsprofessie werksaam is, maar die aaname gemaak kan word dat meer manlike respondente in die regsprofessie werksaam is. Die meeste respondente is Afrikaanssprekend. Die meerderheid is ouer as 50 jaar en al die respondente is getroud. Die meeste was al betrokke by toesig- en beheeraangeleenthede.

**8.1.3.2 Respondente se mening aangaande die verslae**

Dit blyk uit die response dat die enkelsielkundige-benadering en die spanbenadering op beide vlakke insette van gelykwaardige en hoë gehalte lewer. Alhoewel die enkelsielkundige as meer objektief geëvalueer word, word die span se finale aanbeveling meer geredelik aanvaar. Baie ooreenkomste kom voor met betrekking tot ondersteuningsnetwerke, die kinders se wense, individue se geestelike en fisiese gesondheid en die evalueerders se professionele menings. Talle verskille het egter ook voorgekom, byvoorbeeld dat die span die impak van spanning op die gesin meer in ag neem en dat, veral in die verslag wat opgestel is, die span meer bekende terme gebruik het en 'n meer logiese volgorde gevolg het. Daar is ook gemeen dat die span eerder in belang van die kind optree, wat dan ook aansluit by die oorspronklike rede waarom so 'n tipe benadering ontwikkel is. Die span se bydrae is ook as meer positief bevind as die enkelsielkundige-benadering.

**8.1.3.3 Algemene mening oor toesig en beheer**

Dit blyk dat baie van die ou aannames nog in die praktyk geld. Alleentoesig word nog as die belangrikste beskou. Net die gesin alleen, en in 'n mindere mate ander belangrike figure kom in die evaluasie ter sprake. Toetsing word nog steeds as die primêre

evalueringsmiddel beskou, gevolg deur die opvolg van inligting en dan, as mins belangrik, onderhoude. Die ou aanname dat jong kinders aan die moeder toegesê word, kom ook steeds voor.

Dit blyk dat die rol van die maatskaplike werker as baie belangrik in die evalueringsproses beskou word.

Die mening is dat sielkundiges genoegsaam opgelei is vir die sielkundige spansituasie, alhoewel die literatuur ten opsigte hiervan verskil. Daar is 'n sterk gevoel ten gunste van die betrokkenheid van die sielkundiges by toesig- en beheerevaluasies.

## 8.2 GEVOLGTREKKINGS

Dit blyk uit die demografiese gegewens dat die aanname gemaak kan word dat meer vrouens in die geestesgesondheidsprofessie werksaam is. Die meeste respondente is tweetalig, wat ook 'n vereiste is in die Nuwe Suid-Afrika. Die meeste respondente is ouer as 50 jaar en was reeds betrokke by toesig- en beheeraangeleenthede.

Dit blyk dat daar 'n betekenisvolle verskil is tussen die effektiwiteit van die psigologiese span en dié van die enkelsielkundige. Dit blyk dat die finale aanbeveling deur die psigologiese span meer aanvaarbaar is. Dit blyk verder ook dat die span meer bewus kan wees van onderliggende trauma en spanning wat voorkom. Die span word egter as meer subjektief beskou as die enkelsielkundige en die enkelsielkundige word deur meer respondente beskou as meer ten gunste van die kinders te wees as die sielkundige span.

Beide se aanbevelings van ondersteuningsnetwerke word aanvaar, en albei se professionele menings word vertrou. By die sielkundige span-verslag word gemeen dat die kinders eerder aan die onskuldige party toegesê word.

Die mening is dat die kinders se wense oor die algemeen in ag geneem word, asook al die individue se geestelike en fisiese gesondheid. So min as moontlike ontwrigting vir die kinders word vooropgestel.

Die span se skriftelike voorlegging van die geval is dan ook meer logies en verstaanbaar. Die terme wat gebruik word, is ook meer bekend en verstaanbaar, wat moontlik die gevolg van die invloed van die regsprofessie op die psigologiese span kan wees.

'n Aanname kan gemaak word dat die span eerder in die belang van die kind optree met minder negatiewe reaksie. Dit sluit aan by die rede waarom die psigologiese span saamgestel is. Die tendens is dat die span se bydrae as meer positief beskou word as dié van die enkelsielkundige.

Die aanbevelings van die span is ten volle aanvaar deur die respondente en die aanbevelings vir die plasing deur dié span word ook as meer aanvaarbaar in terme van die ouderdomme van die kinders beskou.

Die aanname kan gemaak word dat baie van die ou opvattings steeds gehuldig word soos dat alleentoesig 'n beter oplossing is en dat jong kinders eerder aan die moeders toegesê moet word. Die gesin word as die belangrikste beskou terwyl ander belangrike persone as ondergeskik daaraan gereken word. Toetsing en toetsresultate word belangriker geag as die opvolg van inligting, en onderhoude weer as nog minder belangrik.

Daar word wel nou gemeen dat die professionele persone eerder namens die kinders moet getuig en nie namens die verskillende partye nie. Evaluasie word beskou as tot voordeel van die kinders. Deurgaans word ook gemeen dat die kinders se ouderdomme 'n rol speel in waar hulle geplaas word, en wel met die oog daarop om emosionele ontwikkeling en versorgingsbehoeftes in gedagte te hou.

Sielkundiges word beskou as genoegsaam opgelei vir die span-situasie en as die deskundiges op die gebied van ouer-kindverhoudinge, hoewel hierdie feit nie altyd in die praktyk weerspieël word nie. 85.71% van die respondente het gemeen dat die ontwikkelingsgeskiedenis van die betrokke individue van fundamentele belang is by evaluasie.

Die aanname kan gemaak word dat die finansiële posisie van 'n individu nie 'n rol behoort te speel in die besluit ten opsigte van toesig en beheer nie. Die algemene mening is ook dat beide die partye tot die koste van die evaluasie moet bydra, met die doel om objektiwiteit te verkry.

## 8.3 LEEMTES IN DIE ONDERSOEK

### 8.3.1 Leemtes ten opsigte van die navorsingsmetode

Bepaalde leemtes in die ondersoek het daartoe bygedra dat die resultate minder gewig dra:

- Die feit dat daar slegs van 'n klein aantal professionele persone gebruik gemaak is, lei daartoe dat die resultate nie vir alle evaluasies veralgemeen kan word nie.
- Die gebruik van so 'n klein aantal persone lei daartoe dat die geslaagdheid van die spesifieke evaluering, ten opsigte van die betekenisvolheid van die benaderings, nie met ander nagevorsde groepe vergelyk kan word nie.
- Aangesien elke evaluasiegeval verskil, kan resultate moeilik gekopieer word.
- Die resultate van die huidige studie gee 'n beperkte beeld van die betekenisvolheid van die benaderings aangesien geen gesinne betrokke was aan wie evaluering voorgelê kon word nie.
- Daar is nie gebruik gemaak van 'n opvolgstudie wat die effek van evaluasie oor 'n lang termyn kon evalueer nie.

### 8.3.2 Leemtes ten opsigte van die meetinstrumente

- Geen meetinstrumente bestaan waarmee professionele persone ten opsigte van evaluerings getoets kan word nie.
- Die ondersoeker se selfopgestelde vraelys is nie vooraf gebruik om sekere verfynings aan te bring of die geldigheid of betroubaarheid daarvan te bepaal nie. Vergelykings met die algemene populasie kon ook nie deur middel van die toetsresultate getref word nie.

## 8.4 AANBEVELINGS

Die ondersoek het getoon dat die gebruikmaking van 'n sielkundige span 'n meer positiewe benadering is as die benadering waarby slegs 'n enkelsielkundige betrokke is.

Baie van die positiewe bydraes wat by die hantering van 'n enkelsielkundige voorkom, kom in elk geval ook by die spanbenadering voor. Die ondersoek bevestig egter dat die ondersoek deur die sielkundige span 'n betekenisvoller en nog positiewer bydrae lewer.

Vervolgens word daar sekere aanbevelings ten opsigte van die sielkundige span gemaak. Die beroepsituasie van die psigologiese span sal by die veranderende kultuur en samelewing moet aanpas. Die span sal voorts tred moet hou met die snelgroeiende ekonomiese, maatskaplike en industriële veranderinge.

- 'n Hoër vlak van opleiding en vaardighede sal gehandhaaf moet word, veral as forensiese sielkunde, waarvan toesig- en beheersake 'n onderafdeling is, in gedagte gehou word. Die sielkundige se beperkte kennis van die regsituasie en optrede in 'n hofsituasie bring baie probleme en misverstande mee. Aandag aan opleiding in dié verband sal kan meebring dat 'n sielkundige meer doeltreffend in 'n meer regsgeoriënteerde opset sal kan werk. Opleiding moet dus meer beroepsgerig wees. Navorsing rakende die plek van die sielkundige in veral die reg in die RSA kan dalk help om lig te werp op die huidige verhouding tussen sielkundiges en die regsprofessie.

- Die vereiste van beter kennis van 'n swart taal asook van die swart kultuur word beklemtoon. Weens die veranderende situasie in Suid-Afrika, asook die toenemende verwestering van die swartbevolking, gaan die dienste van die sielkundige span beslis benodig word. Daar sal nog redelik baie navorsing gedoen moet word oor die daarstelling van 'n kultuurbillike opleidingsisteem.

- Die effek van die sielkundige span, veral op die gesin, sal in die toekoms aandag moet geniet, sodat bepaal kan word wat die rol en impak daarvan is. Om tot 'n nog beter gevolgtrekking te kom oor die betekenisvolheid van die span sal die resultate van hulle insette oor 'n tydperk heen gemeet moet word, juis om te bepaal of dit in die beste belang van die kind is.

## SLOT

Die doel van hierdie ondersoek was om die betekenisvolheid van die psigologiese span in 'n toesig- en beheersitausie te bepaal. In die literatuuroorsig is daar sekere aspekte aangaande die evalueringsituasie oor die algemeen aangeraak, en verder spesifiek rakende die sielkundige span, uitgelig. Die empiriese ondersoek het besliste voor- en nadele van hierdie benadering ten opsigte van toesig en beheer na vore gebring. Daar sal bepaald veranderinge in die opleiding van veral dié evalueerders moet plaasvind. Die probleem is egter nie onoorkomelik nie. Indien sodanige opleiding verskaf en die geleentheid gegun word, kan hierdie benadering 'n veranderende geestesgesondheidstelsel inlui.

# BIBLIOGRAFIE


ACKERMAN, M.J. 1994. A child's shattered ego: the aftermath of divorce. *American journal of family law,* 8:17-72.

ACKERMAN, M.J. 1995. Clinician's guide to child custody evaluations. Canada: Wiley-Interscience.

AMATO, P.R. & BRUCE, K. 1991. Parents divorce and the well-being of children: a meta-analysis. *Psychological bulletin,* 110:26-46.

AMERICAN PSYCHOLOGICAL ASSOCIATION. 1993. Record keeping guidelines. *American psychologist,* 48:640-681.

ARDITTI, J. 1992. Differences between fathers with joint custody and non-custodial fathers. *American journal of orthopsychiatry,* 62:187-195.

ATKINSON. J. 1983. Criteria for deciding child custody in the Trail and Appelate courts. *Family law quarterly,* 18: 1-42.

AWAD, G.A. 1978. Basic principles in custody assessment. *Canadian Psychiatric Association journal,* 23:441-447.

BENTOVIM, A. & GILMOUR, L. 1981. A family therapy interactional approach to decisionmaking in child care, access and custody cases. *Journal of family therapy,* 3:65-77.

BLACK, A.G. & PEDRO-CARROLL, J. 1993. Role of parent-child relationships in mediating the effects of marital disruption. *Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry,* 32(5):1019-1027.

BUXTON, M. 1976. Applying the guidelines of "beyond the best interests of the child". *Child psychiatry and human development,* 7(2): 94-102.

CAPLAN, G. 1989 The Prevention of psychopathology and maladjustment in the children of divorce. New York: Human Sciences/Plenum Press.

CHARNAS, J.F. 1983. Joint child custody counselling - divorce 1980's style. *Social Caseworker,* 546-554, November.

CHASIN, R. & GRUNEBAUM, H. 1981. A model for evaluation in child custody disputes. *The American journal of family therapy,* 9:43-49.

CUMES, J.W. & LAMBAISE, E.A.A. 1987a. Child custody decisions: how legal and mental health professionals view the concept of "the best interests of the child". *S.A. tydskrif van die sielkunde,* 17(4) 127-130.

CUMES, J.W. & LAMBAISE, E.A.A. 1987b. Legal and psychological criteria for the determination of custody in S.A.: a review. *S.A. tydskrif van die Sielkunde,* 17(4): 119-126.

DERDEYN, A.P. 1975. Child custody consultation. *American journal of orthopsychiatry,* 45(5); 791-801, October.

DERDEYN, A.P. 1976. A concideration of legal issues in child custody contests. *Archives of general psychiatry,* 33:165-171.

DERDEYN, A.P. 1983. The family in divorce: issues of parental anger. *Journal of the American Academy of Child Psychiatry,* 22(4):385-391.

DUQUETTE, D.N. 1978. Child custody decision making: The lawyer - behavioral scientist interface. *Journal of clinical psychology,* 7:192-195.

EBERSOHN, D. 1982. Beroepsopleiding vir kliniese en voorligtingsielkundige. Pretoria: Universiteit van Pretoria (Verhandeling - M.A).

EBERSOHN, D. 1983. Die sielkundiges van die RSA. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

FAUBER, R.L. & LONG, N. 1991. Children in context: the role of the family in child psychotherapy. *Journal of clinical psychology,* 59:813-820.

FOSTER, H.H. 1983. Child custody and divorce: a lawyer's view. *Journal of the American Academy of Child Psychiatry*, 22(4):392-398.

GARRISON, E.G. 1991. Children's competence to participate in divorce custody decisionmaking. *Journal of clinical child psychology*, 20(1):78-87.

GLENN, N.D. & KRAMER, K.B. 1985. The psychological well-being of adult childrens of divorce. *Journal of marriage and the family*, 47:905-912.

GOLDSTEIN, J., FREUD, A. & SOLNIT, A. 1973. Beyond the best interest of the child. New York: MacMillan Publishing Company.

HAHLO, H.R. 1969. The South African Law of Husband and Wife. 3rd ed. Cape Town: Juta.

HAHLO, H.R. & SINCLAIR, J.D. 1990. The Reform of the SA law of divorce. Kenwyn: Juta.

HAT (Odendal F.F., red.) 1994. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Midrand: Perskor.

HEALY, J., MALLEY, J. & STEWART, A. 1990. Children and their fathers at parental separation. *American journal of orthopsychiatry*, 52:260-266.

HERMAN, S.P. 1990. Special issues on child custody evaluations. *Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry*, 29:969-974.

HESS, R.D. & CAMARA, K.A. 1979. Post-divorce family relationships as mediating factors in the consequences of divorce for children. *Journal of social issues*, 35(4):79-95.

HETHERINGTON, E.M., COX, M. & COX, R. 1985. Long-term effects of divorce and remarriage on the adjustment of children. *Journal of American Academy of Child Psychiatry*, 24(5):518-530.

HIEMSTRA, V.G. & GONON, H.L. 1992. Drietalige regswoordeboek 3de uitg. Kenwyn: Juta.

HODGES, W.F. 1986. Interventions for children of divorce: custody, access and psychotherapy. Canada: Wiley.

HOFFMAN, A. & PINCUS, B.K. 1989. The law of custody. Durban: Butterworths.

JACOBS, E. 1991. Die Suid-Afrikaanse psigologiese beroepsmodel: 'n verkennende studie. Potchefstroom: PU vir CHO (Skripsie – M.A.).

JACKSON, A.M., WARNER, N.S., HORNBEIN, R., NELSON, N. & FORTESCUE, E. 1980. Beyond the best interest of the child revisited: an approach to custody evaluations. *Journal of divorce*, 3(3):207-222.

KARRAS, D & BERRY, K.K. 1985. Custody evaluations: A critical review. *Professional psychology, research and practice*, 16:76-85.

KASLOW, F.W. & LINGER SCHWATZ, L. 1987. The dynamics of divorce: a life cycle perspective. New York: Brumer/Mazel Inc.

KERLINGER, F.N. 1973. Foundations of behaviour research. London: Holt, Rinehart & Watson.

LANDMAN, M. 1983. The role of the mental health practitioner in divorce and custody litigation. Cape Town: UCT (Dissertation - MA).

LOUW, G.P. 1990. Die professionalisering van die psigologie in Suid-Afrika: 'n historiese vergelykende perspektief. Potchefstroom: PU vir CHO (Doktorale proefskrif).

LOWERY, C.R. 1985. Child custody evaluations: criteria and clinical implications. *Journal of clinical and child psychology*, 14:35-41.

LUEPNITZ, D.A. 1982. Child custody: a study of families after divorce. USA: DC Heath.

MALAN, F.R. & LABASCHAGNE, E. reds. 1989. Butterworths Wetbundel: Persone- en Familiereg. Natal: Kohler Carton & Print.

McDERMOTT, J.F. 1968. Parental divorce in early childhood. *American journal of psychiatry*, 124:1424-1432.

MUELLER, C.W. & POPE, H. 1977. Marital instability. *Journal of marriage and the family,* 39:83-93.

MURRAY, J. 1993. What every family should know about the law in SA: a practical guide. 3rd ed. Johannesburg: Print and Copy Centre.

MUSETTO, A.P. 1978. Evaluating families with custody or visitation problems. *Joint marraige and family counseling,* (4)59 - 65.

MUSETTO, A.P. 1981. Standards for deciding contested custody. *Journal of clinical child psychology,* 10(1):51-55, Winter.

MUSETTO, A.P. 1982. Child custody and visitation: The role of the clinician in relation to the family. *Family therapy,* 6(1):78-84.

PEARSON, J., MUNSON, P. & THOENNES, N. 1983. Children's rights and child custody proceedings. *Journal of divorce,* 7(2):1 – 21.

PHILLIPS, R. 1991. Untying the knot: a short history of divorce. New York: Cambridge University Press.

PLUG et. al. 1987. Psiglogiesewoordeboek. Johannesburg: McGraw-Hill.

PLUNKETT, J.W., SCHAEFER, M., KALTER, N., OKLA, K. & SCHREIER, S. 1986. Perceptions of quality life following divorce: a study of children's prognostic thinking. *Psychiatry,* 49:1-12, February.

RAPPORT (Suid – Afrika). 1992. Vroue se rol word groter, boere se aandeel minder… Sake – Rapport, 13 Des.

RASCUSIN, R.J., ALBERTINI, R., WISHIK, H.R., SCHNURR, P. & MAYBERRY, J. 1989. Factors associated with joint custody awards. *Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry,* 29(2):164-170.

ROBINSON, J.A. 1992. Rule 43 of the uniform rule of court and the family advocate. *Tydskrif van die SA reg,* 4: 725-727.

ROSEN, R. 1977. Children of divorce: what they feel about access and other aspects of the divorce experience. *Journal of clinical child psychology*, 24 – 27.

SHÄFER, I. 1987. Joint custody. *The South African law journal*, 104: 149-164.

SCHOETTLE, U.C. & CANTWELL, D.P. 1980. Children of divorce: demografic variables, symptoms and diagnoses. *American acadamy of child psychiatry*, 19:453-475.

SCHULTZ, B.M., DIXON, E.B., LINDENBERG, J.C. & RUTHER, N.J. 1989. Solomon's Sword: a practical guide to conducting child custody evaluations. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

SELTZER, J.A. 1991. Relationships between fathers and children who live apart: the father's role after separation. *Journal of marriage and family*, 53:79-101.

SORNARAJAH, M. 1973. Parental custody: the recent trends. *South African law journal*, 90131-149.

SPRENKLE, D. H. red. 1985. Divorce Therapy. New York: Haworth Press:

STEYN, A.F., VAN WYK, D. & LE ROUX, T. 1989. Die gesin gister en vandag. Pretoria: Academica.

STEINMETZ, S.K., CLAVON, S. & STEIN, K.F. 1990. Marriage and family realities: historical and contemporary perspectives. New York: Harper & Row Publishers.

SUID – AFRIKA. 1979. Wet op egskeidings, no.70 van 1979. Pretoria:Staatsdrukker.

SUID – AFRIKA. 1993. Wet op voogdy, n0. 192 van 1993. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD (SAGTR). 1997. Register of psychologists, psychometrists, psycho-technicians and intern-psychologists to the Republic of South Africa. Volume 8. Pretoria.

TROMBETTA, D. 1982. Custody evaluations and custody mediations. *Family therapy*, 6(1):65-76.

WALLERSTEIN, J.S. 1985. Children of divorce: Preliminary report of a ten-year follow-up of older children and adolescents. *Journal of the American Academy of Child Psychiatry*, 24(5):545-553.

WALLERSTEIN, J.S. 1991. The long-term effects of divorce on children. *Journal of American Academy of Child and Adolescent Psychiatry*, 30:3, May.

WARNER, N.S. & ELLIOT, C.J. 1979. Problems of the interpretive phase of divorce custody evaluations. *Journal of divorce*, 2(4):371-382.

WATSON, M.A. 1981. Custody alternatives: defining the best interest of the children. *Family relations*, 30:474-479, July.

WEINER, B.A. 1985. An overview of child custody laws. *Hospital and community psychiatry*, 36(8):838-843.

WETTE. **kyk** SUID - AFRIKA

WOODY, R.H. 1977. Behavioral science criteria in child custody determinations. *Journal of marriage and family counseling*, 3(1):103-108.

ZARSKI, L.P., KNIGHT, R. & ZARSKI, J.J. 1985. Child custody disputes: a review of legal and clinical resolution methods. *Journal of family therapy*, 7(2):96-106, Summer.

# BYLAES

BYLAAG A

# DIE SIELKUNDIGE SPAN-VERSLAG

# Gesamentlike Psigologiese Verslag

| | | |
|---|---|---|
| Posbus | Prokureur EN | R & H<br>Andersonstraat |

Geagte mnre. L en L

**U kliënte Mnr. M W en Mev. S W**

Dankie vir die verwysing van bogenoemde kliënte, en hul seuns. Vind hierby aangeheg 'n verslag vir u kennisname. Enige verdere navrae sal met graagte beantwoord word.

Vriendelike groete

VERTROULIKE VERSLAG

1. IDENTIFISERENDE GEGEWENS

1.1 Ouers betrokke

1.1.1 Vader: Mnr. W
1.1.2 Moeder: Mev. W

1.2 Kinders betrokke

1.2.1 W - 10 jaar (St. 2)
1.2.2 R - 7 jaar (Gr 1)
1.2.3 F - 5 jaar (voorskools)

2. PROBLEEMSTELLING

Mnr. en mev. W meld aan met verskillende doelstellings:

2.1 Mnr. meld aan met die probleem dat daar klagtes van molestering van R en moontlik ook W teen hom gelê is. Hy versoek dat die kinders geëvalueer moet word ten einde te bepaal of die kinders wel gemolesteer is en indien wel deur wie aangesien hy die klagtes teen hom ten sterkste ontken. Voorts versoek hy dat 'n aanbeveling rakende beheer en toesig asook toegang gemaak moet word.

2.2 Mev. meld aan met die probleem dat daar indikasies van molestering van R en moontlik ook W bestaan. Sy versoek evaluasie ten einde te bepaal of molestering deur die vader wel plaasgevind het. Sy toon aan dat sy nie 'n probleem met betrekking tot "billike toegang" het nie, wat sy dan definieer as elke 3de naweek en 1 week elke vakansie. Vir haar is dit 'n uitgemaakte saak dat sy beheer en toesig sal hê.

3. WERKSWYSE

Op 28 Oktober 1994 het mnr, mev en die drie seuns aangemeld. Die volgende werkswyse is gevolg:

3.1 'n Individuele onderhoud is met mev. W gevoer deur 2 spanlede, terwyl 2 lede van die span agter eenrigting glas geobserveer het;

3.2 Daarna is 'n individuele onderhoud met mnr. W gevoer nadat die spanlede omgeruil het;

3.3 'n Observasie-sessie met mnr. en die drie seuns is daarna gehou;

3.4 Ten laaste is 'n observasie-sessie met mev. en die drie seuns gehou.

3.5 Op Saterdag 29 Oktober het die spanlede verdeel en is elke gesinslid individueel geëvalueer.

3.5 Psigometrie (Volwassenes)

Die volgende meetinstrumente is gebruik

- Projektiewe tekentegnieke
- 16 PF
- SORT
- TAT
- Rorschach
- IPAT-Angsskaal
- Simptoomskaal
- Beck Depressieskaal

3.6 Psigometrie (Kinders)

- Projektiewe tekentegnieke
- Bene Anthony Gesinsverhouding vraelys (R en F )
- Bar Ilan Semi-projektiewe tegniek (F )
- Roberts Appersepsie Skaal (W en R )
- 16-Steps towards legally sound abuse investigations
- Pendulumtoets vir ouditiewe persepsie, foutanalise van skoolboeke en evaluering van leesvaardighede (R en W

3.7 Enkele eksterne bronne wat die ouers as verwysingsbronne opgegee het, is gekontak.

4. MNR. W

*4.1 ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS*

Mnr. W groei op as oudste van twee kinders. Sy suster is ses jaar jonger as hyself. Sy vader was 'n baie hardwerkende persoon en het aan hom 'n ideale voorbeeld vir 'n man gestel wat presteer en nooit ledig was nie. Sy moeder was 'n liefdevolle persoon en hy het 'n nabye verhouding met haar oor die jare gehad.

Skolasties en op sportgebied presteer hy goed en word hoofseun van sy koshuis en onderhoofseun van die Hoër Landbouskool in waar hy gematrikuleer het. Hy speel as hoërskoolseun vir voetbal en neem in Judo deel vir die Span. Hy vorder ook goed in debatkompetisies en is 'n bekwame

redenaar. Hy sing ook in die koor van die skool en neem op skool reeds aktief aan kerk-jeugaktiwiteite deel.

Gedurende sy weermag-opleiding kry hy rang en neem steeds daarna ook deel aan kommando aktiwiteite sodat hy tans die rang van majoor dra. Hy bekwaam homself na sy diensplig aan die Technikon van in die Diereproduksie en bemarking en tree daarna toe tot die landbousektor te wete by C waar hy ook klasse vir studente aanbied.

Uit sy huwelik hierna waaruit drie kinders gebore is, het hy baie goeie en bevredigende herinneringe dog ook benouende en spanningsvolle herinneringe. Hy verbind laasgenoemde veral aan tye waar sy vrou baie bedruk was en dit in die huwelik moeilik gegaan het. Daar was na sy mening tye waar sy baie aggressief was en soms baie onberekenend opgetree het. Konflik en rusies tussen hulle was dan algemeen en die fases het ook afbrekende effek op die gesin en dus op die kinders gehad. Sy vrou het vir etlike jare psigiatriese behandeling gehad en medikasie gebruik. Hy meen tog dat dit die laaste tyd nadat sy by 'n psigiater is wat baie op geloofsaspekte werk, beter begin gaan het en sedertdien het hulle ook van kerk denominasie verander waar hulle by een van die huisgemeentes is en waar kontak en ondersteuning meer betekenisvol is.

As gevolg van mnr. W se dinamiese aard en streng werk- en suksesgeörienteerdheid was hy by 'n instelling waar hy gewerk het op vroeë ouderdom bestuurder en het dit finansieel baie goed gegaan. 'n Oormaat selfvertroue en minder goeie beplanning het egter daartoe gelei dat hy 'n tyd gelede gelikwideer is wat ook 'n swaar slag was en hom finansieel baie laat verloor het. Hy meen dat hy in die tyd ook vêr van werklike geloof sake probeer hanteer het en dat die terugslag sy geloof ook ingrypend beïnvloed het.

Hy het gelukkig tans weer 'n goeie beroep wat hom meer standvastigheid gegee het en help om geleidelik finansieel ook weer by die algemene lewenseise te kom. Die egskeiding en gesinsontwrigting wat tans aan die gang is, ontwrig hom weer baie en is vir hom baie onlogies juis omdat hy nie wil skei nie en steeds kans sien om die huwelik te sien werk.

## *4.2 INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING*

Mnr. W vertoon meer ekstroverties, is dus redelik sterk ingestel op affeksie na en van buite ten opsigte van ander mense. Hy is 'n geharde tipe persoon met 'n konserwatiewe tipe ingesteldheid en lê baie avontuurlus aan die dag. Hy is 'n relatief ontspanne tipe persoon wat voldoende geborgenheid as mens ervaar en dan ook baie naïef kan wees.

Hy het hoog gemiddelde ego-krag en ook gewetenskontrole. Hy is ook outokraties binne konteks en laat mense op hom vertrou alhoewel hy tog ook groepafhanklik is en hou van die goedkeuring en aanvaarding van ander. Sy beeld van suksesvolheid is vir hom belangrik en hy verkies om 'n goeie indruk op mense te maak. Hy kan op 'n bepaalde mate as 'n "go getter" bestempel word met 'n relatief hoë energievlak en intensiteit ten opsigte van mense, sy werk en dit waarmee hy hom besig hou. Hy is emosioneel opreg, reguit en spontaan uitgesproke. Hy vertoon redelik vry van frustrasie en herstel gou na emosionele ontsteltenis.

Lewenseise word op 'n logies, realistiese wyse hanteer. Hy kan as emosioneel stabiel en volwasse beskryf word. Hy aanvaar ook verantwoordelikheid vir sy gedrag en besluite.

Ooreenstemmend met sy persoonsaard en sy vermoë om stres te hanteer kom geen beduidende simptome van angs of depressie voor wat van patologiese omvang is nie.

Daar is tekens van twyfel by hom te bespeur wat spesifiek saamhang met sy huidige gesins- en huweliksituasie en sy frustrasie betreffende toegang tot die minderjarige kinders.

Aggressie blyk nie 'n probleem te wees nie en die volgorde van reaksie op aggressiewe stimuli blyk aanvanklik eers op verbale vlak te lê, nou verbind met skuldgevoelens en om eers in laaste en finale stimulus situasie uit te kom by fisiese aggressie. Dus ook eers nadat alle ander metodes tot emosionele ordening hanteer is.

### 4.3 *INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING*

Op psigodinamiese vlak blyk beide sy verhoudings met die vader- en moederfigure betekenisvol en funksioneel suksesvol. Die moederfiguur verbind met affeksie en emosionele versorging terwyl die vaderfiguur rasioneel sterk en hardwerkend gevisualiseer word.

Die gesinsinteraksie word tot 'n mate geïdealiseerd voorgestel terwyl veral geloofs en Skrifnorme belangrik as suksesvolle ankers geag word.

Beide die man-vrou interaksie as die heteroseksuele kontak word gemaklik aangedui en sonder komplikasies of oormatige verdedigings vertolk en hanteer.

Mnr. W is 'n persoon wat graag mense ontmoet en kontak bewerkstellig. Hy is sosiaal vrypostig en vrymoedig om sy mening te lig. Hy beskik oor avontuurlustige, warm en sosiaal dinamiese kwaliteite. Sy belangstellings is gewoonlik gerig op die kundige en emosionele terreine. Hy mag soms op impulsiewe wyse optree en die lewe as minder ernstig beskou. Hy vertoon natuurlike weerstand teen emosionele uitputting en stres wat mag ontstaan as gevolg van sekere interpersoonlike kontak. Overte belangstelling in die teenoorgestelde geslag word aangetref.

Opsommend kan hy as vriendelik, behulpsaam en entoesiasties beskou word.

Mnr. W is baie lief vir sy kinders en hy hanteer hulle op volwasse en verantwoordelik wyse. Die ervaring van versorging deur sy eie ouers tydens sy jeugjare was vir hom baie positief en hy dui aan dat hy baie graag aan sy kinders soortgelyke geleentheid sal wil gee.

Om laasgenoemde rede sal hy dan ook, indien hy 'n geskikte ouer blyk te wees, graag aansoek vir beheer en toesig van die kinders wil doen.

### 4.4 *INTEGRASIE*

Soos uit die gegewens geblyk het kan Mnr. W as 'n gebalanseerde en volwasse, verantwoordelike persoon gesien word. Daar blyk geen tekens van psigopatologie by hom voor te kom wat hom as ouer vir sy kinders sal benadeel nie. Sy liefde vir die kinders is positief en hy het voldoende en goeie vaardighede om as ouer die kinders goed te kan versorg en op te voed. Sy werksywer sal ook bydra dat

hy 'n positiewe en goeie rolmodel vir die seuns sal wees. Hy sal egter wel vanweë sy geaardheid daarteen moet waak om onrealistiese hoë eise aan sy kinders te stel.

Andersins word geen probleme tussen die vader en sy drie seuns geantisipeer nie en interaksie tussen hom en hulle behoort konstruktief aangemoedig te word. Sy geloofsverdieping oor die laaste maande kan die situasie alleen maar bevorder en verder uitbou.

## 5. RESULTATE: MEV W

### *5.1 ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS*

W tipeer haar kinderjare as gelukkig. Sy kom uit 'n gesin van drie dogters. Haar vader sterf toe sy twaalf jaar oud was en haar moeder tree na drie jaar weer in die huwelik. As kind het hulle dikwels verhuis en moes sy herhaaldelik aanpas by nuwe omstandighede. Sy behaal matriek in waarna sy vir een jaar na die Universiteit van gaan vir studie in die BSc-rigting. Na een jaar termineer sy studies en werk as kliniese tegnoloog in die HF-Verwoerd hospitaal. Sy bekwaam haar intussen in rekenaars en begin 'n rekenaaronderneming in Die gesin verhuis en mev. onderneem weereens haar eie besighede. Na 'n periode waarin dit baie voorspoedig gaan, neem finansiële probleme toe weens verskeie faktore en dwing dit finansiële ondergang af. Die gesin begin weer van vooraf in waar mnr. W 'n goeie werksaanbod aanvaar. Tans is mev. werksaam by , te . Sy is verwyder van haar man en woon in 'n woonstel met die drie seuns.

Mev. W meld dat huweliksprobleme reeds na een jaar getroude lewe begin kop uitsteek het. Die volgende oorsake vir konflik word deur haar aangedui: mnr. W se selfgesentreerdheid, sy beheptheid met geld en aansien, aftakeling van mev. se selfbeeld deur voortdurende en oormatige kritiek op haar, asook finansiële probleme. Tydens die onderhoude is deur beide partye gemeld dat mev. W aan depressie gely het, soos ook haar moeder, en dat dit 'n neerdrukkende en ontwrigtende effek op die huwelik gehad het. Mnr W het sy vrou as emosioneel labiel en onvoorspelbaar beleef terwyl die kinders nie hulle moeder se emosionele reaksies verstaan het nie. Hierbenewens was mev. W ook vir sewe jaar aan verslankingsmiddels verslaaf wat newe-effekte van humeurigheid, prikkelbaarheid en angstigheid kon meebring.

Die volgende aspekte wat gesinsinteraksie geaffekteer het, word pertinent genoem:

- Mev. W en haar moeder was en is steeds baie betrokke by mekaar. Mnr. W tipeer die moeder-dogterverhouding as oorbetrokke en ongesond aangesien hulle mekaar negatief beïnvloed en mekaar se depressiewe gedagtes voed. Mev. W evalueer haar verhouding met haar moeder as ondersteunend van aard.

- Mev. W sluit hegte vriendskappe met buitestaanders soos vriendinne wat dan mettertyd bykans deel van die gesin word. Mev. W beklemtoon dat die vriendskappe ondersteunend was toe dit sleg met die huwelik gegaan het.

- Die egpaar het dikwels oor geldsake verskil. Dit blyk dat hulle nie gemeenskaplike finansiële bestuur beoefen het nie maar dat elkeen sy eie kop gevolg het.

- Die egpaar het herhaaldelik huweliksverryking en -beradingskursusse gevolg ten einde die kwaliteit van hulle huwelik te verbeter. Nadat beide persone tot geestelike bekering gekom het, het hulle verhouding dramaties verbeter asook mev. W se hantering van haar depressiewe gemoedstoestand. Sy meen dat sy nie heeltemal vry van die depressie is nie maar dat sy, na christelike berading, beter in staat is om dit te kan hanteer.

### *5.2 KOGNITIEWE FUNKSIONERING*

Die meetinstrumente toon dat mev. oor goeie verstandelike funksies beskik. Sy kan met gemak veelsydig en logies dink. Sy is verstandelik aanpasbaar en openbaar goeie konsentrasie. Uit haar persoonlikheidsprofiel blyk dit dat sy intellektuele belangstellings het, skepties en ondersoekend is. Sy put genot uit die implementering en toepassing van eie idees.

Tydens die toetsing was daar geen aanduiding dat depressie haar kognitiewe funksies benadeel het nie.

### *5.3 INTRAPSIGIESE FUNKSIONERING*

Emosionele funksionering word gekenmerk deur gereserveerdheid, kritiese lewensuitkyk, 'n gebrek aan warmte en 'n versigtigheid in emosionele

betrokkenheid. Sy verkies haar eie besluite bo die van ander en vertrou op haarself vir die bereiking van doelwitte. Sy kan emosioneel hard wees en min empatie toon ter wille van 'n taak op hande. Die beeld korreleer met haar beroepsbelangstelling wat min interpersoonlike kontak vereis maar 'n groter mate van feitelike analise.

Die toetsresultate toon aan dat sy hoë ambisie en sterk wilskrag het. In sommige situasies reflekteer sy egter 'n mate van onverskilligheid en opportunisme asook 'n traak-my-nie-agtige houding. Sodanige teenstrydige temperamentseienskappe kan in die alledaagse lewe tot konflik bydra. Dit kan daartoe lei dat sy haarself oorskat en te veel hooi op die vurk laai. Wanneer dit by die langdurige volharding van 'n taak kom, mag belangstelling kwyn en aandag weer na 'n nuwe terrein verskuif word.

Lae angstellings dui daarop dat sy redelik vry van frustrasies is en oor die algemeen ontspanne, rustig en bedaard is. Haar lae angstelling word egter met 'n mate van versigtigheid geïnterpreteer. Enersyds dui dit op oormatige onderdrukking van die gevoelslewe, soos deur die projektiewe toetsresultate bevestig. Andersyds is dit aanduidend van swak integrasie van gewetensfunksies.

Toetsresultate toon voorts aan dat sy oor baie selfvertroue beskik en gewilligheid om uitdagings van die lewe aan te pak. Sy kom daarom ook opgeruimd, geesdriftig en entoesiasties voor. Die projektiewe toetse dui aan dat sy probleemoplossend dink en nie toelaat dat lewensomstandighede haar onderkry nie. So 'n persoon benodig gewoonlik 'n hoë mate van volharding en innerlike aanspreeklikheid (gewete) om hulle ideale te bereik. Mev. W behaal gemiddelde tellings in die verband.

### *5.4 INTERPERSOONLIKE FUNKSIONERING*

W het begrip vir sosiaal aanvaarbare gedrag en etiket. Alhoewel sy min empatie met ander mense het, is sy gewillig om sosiaal diensbaar en verantwoordlik te wees. Hiervan getuig haar betrokkenheid by kerklike en skoolaktiwiteite. Sy kan voldoende emosionele distansie inneem om haar persoonlike doelwitte te bereik wat soms as opportunisties of manipulerend geïnterpreteer kan word. In haar persoonlike lewe blyk dit dat sy sterk steun op emosionele goedkeuring van mense na aan haar. Sy het dan ook mnr. W se oormatige kritiek op haar erg negatief en afbrekend beleef. Sy beskou die periode van huwelikskonflik as uiters traumaties omdat haar eiewaarde en selfvertroue daaronder gely het.

In die protokolle word die vaderbeeld as dreigend en koud, en die moederbeeld as ondersteunend en getrou voorgestel. Dit kan enersyds terugreflekteer na haar eie belewenis as kind maar ook haar huidige persepsie van haarself en mnr. W aandui. Dit sou egter baie jammer wees indien mev. W bewustelik die vaderbeeld by die kinders aftakel en hulle negatief beïnvloed. Indien R se bewerings (vgl. 6.2.1) dus die waarheid is naamlik dat sy moeder hom "vertel" het van die molestering, mag dit daarop dui dat mev. die kinders tot haar voordeel mag probeer gebruik.

## *5.5 INTEGRASIE*

W beskik oor voldoende potensiaal om haarself te handhaaf en om haar alledaagse verantwoordelikhede na te kom. Sy is tans sterk ingestel op die bevrediging van die behoeftes/ideale en streef om dit te bereik. Mev. W kan voldoende emosionele distansie inneem om mense en omstandighede tot haar voordeel aan te wend. Sy ervaar huidiglik 'n bevryding uit 'n huwelik waarin haar selfbeeld afgetakel en haar eiewaarde gering geskat is. Sy twyfel of haar man haar ooit aanvaar het soos sy is. Sy twyfel egter nie oor sy liefde vir sy kinders nie.

Mev. W openbaar goeie ego-integrasie maar die psigometriese evaluasie lê enkele probleemareas bloot:

- Lae angstellings op al die angsfaktore is nie in ooreenstemming met die kliniese beeld van depressie nie. Die vraag onstaan dan of mev. haar beter voorgedoen het in die toets as wat sy werklik is? Haar MD-telling op die 16 PF = 7 wat hoog maar steeds statisties betroubaar is, bevestig dat mev. haar beter voorgedoen het. In dié verband sê Cattell et al (Handleiding, p. 85) "the problem with a low anxiety profile, coupled with a high MD is that we know that the person is hiding something, but we can't know precisely what". W poog bewustelik of onbewustelik om onaangename emosionele inhoude te onderdruk of te ontken. Sy probeer om 'n beeld van lighartigheid en ongeërdheid voor te doen ten einde innerlike konflik te hanteer. Sy kan haarself sodanige dissosieer van haar probleme dat integrasie van ego-funksies verlore gaan en dit tot neurotiese gedragspatrone aanleiding kan gee. Aan die ander kant kan W se lae angs en spanning haar help om vinnig te herstel na traumatiese gebeure.

- Trekke van affektiewe gehardheid en lae empatie soos by mev. voorkom, wek kommer. Sodanige trekke word normaalweg nie met gesonde moederskap en goeie interpersoonike verhoudings geassosieer nie. Gevoelloosheid, emosionele koudheid en gehardheid van die moeder se kant wat deurwerk na die kinders toe voorspel probleme vir gesonde persoonlikheidsontwikkeling kinders.

- W het 'n afhanklikheid-onafhanklikheidskonflik in interpersoonlike verhoudings. Dit manifesteer in 'n "naby-ver" dualiteit. Mense kan haar enersyds as ontoeganklik beleef en andersyds as te intiem. W vind dit derhalwe moeilik om interpersoonlike grense te stel en kan grense oorskry. In die alledaagse lewe kan dit neerslag vind daarin dat sy mense opeis vir haarself maar dan weer boodskappe van verwerping gee - 'n tendens wat veral in kinderopvoeding negatiewe effekte kan hê.

Met betrekking tot die klag van molestering wat mev. teen mnr. gemaak het, kon die evaluering van haar persoonlikheidsfunksionering geen direkte lig op die saak werp nie. Die resultate het wel sekere psigologiese ongesonde tendense in mev. se persoonlikheid blootgelê wat aandag behoort te ontvang terwille van haar eie psigiese welsyn en ter wille van gesonde opvoedingspraktyke tot voordeel van die drie seuns.

## 6. RESULTATE TEN OPSIGTE VAN DIE KINDERS

### *6.1 W , 10 Jaar*

#### *6.1.1 Algemene observasie en inligting verkry*

Op navraag aan W "hoe verstaan jy wat moet julle hier kom doen?" het hy die volgende aangetoon: "Ons moet kom om uit te vind of my ma die waarheid vertel het."

"Watse waarheid?"
"Of my pa ons gemolesteer het"
"En wat verstaan jy onder molestering?"
"Dit is wanneer iemand aan jou verkeerde plekke vat"
"En?"
"My ma sê my pa het R nee, eintlik ons almal gemolesteer"
"En?"

"Nee, hy het nie"
"Nou hoekom sê sy so?"
"Want F kry baie blaasinfeksie. Maar het Tannie-hulle al daaraan gedink dit kan mos enige iets wees. Dit kan mos sy ook wees."
Op verdere navraag oor hoekom dink hy sy ma en pa gaan skei, het hy aangetoon dat "my ma en Ouma is aan 'n kant. Hulle dink my pa is ryk. Hy is nie so ryk nie". W het voorts aangetoon dat hy baie ongelukkig voel omdat sy ma sy pa "lelik" behandel. Hy toon aan dat hy baie na sy pa verlang, en na hulle huis. Dit is vir hom moeilik by sy ma want "R is mos haar witbroodjie" en sy ma word "baie keer *verskriklik* kwaad dan raak sy *skreeuerig* of sy slaap baie"

Op navraag rakende hoekom hy dink sy punte nie so goed is nie, het hy aangetoon dat hy dikwels nie al sy huiswerk doen of leer nie.

### *6.1.2 Resultate verkry uit die psigometrie*

Uit die evaluasie blyk dit dat W baie sterk met sy vader identifiseer. Hy idealiseer die vaderfiguur en streef na om soos hy te wees. Dit wil voorkom of daar moontlike aggressie teenoor beide ouers, maar meer spesifiek teenoor die moeder presenteer. Hy hou hulle, maar haar in 'n grotere mate, verantwoordelik vir die ongelukkige omstandighede waarin hy hom tans bevind. Dit wil ook voorkom of daar tans sibbe-wedywering bestaan - veral ten opsigte van R . Hy is moontlik beskermend teenoor F Met betrekking tot 16-steps kon geen indikasie van molestering, hetsy deur die vader of deur enigeen gevind word nie. Die seun is emosioneel wel tans ontwrig.

Ten opsigte van skolastiese funksionering is indikasie gekry van negatiwiteit ten opsigte van skool, asook 'n moontlike lees- en spelprobleem. Hy het egter van Gr 1 af gemiddeld gevaar en dit wil voorkom of hier moontlik wel onderprestasie kan wees, maar nie 'n drastiese daling in prestasie nie. Lees- en spelvaardighede behoort remediërende aandag te geniet.

Samevattend blyk dit dat W sy vader idealiseer en konflikterende gevoelens jeens sy moeder ervaar. Skolasties is daar sprake van moontlike onderprestasie. Geen indikasie vir molestering is gevind nie.

## 6.2 *R W , 7 JAAR*

### *6.2.1 Algemene observasie en inligting verkry*

R het gepresenteer as lusteloos en depressief. Hy het aangetoon dat hy baie moeg voel aangesien hulle die vorige aand baie laat gaan slaap het. Op navraag oor hoekom hy dink hy hier is, het hy aangetoon dat sy pa het "aan my gevat". Na die vraag: "Ek verstaan nie mooi nie, verduidelik vir my hoe het hy aan jou gevat?" het hy aangetoon "Tannie ek weet eintlik nie. Ek kan dit nie onthou nie my ma het my net vertel dat my pa aan my verkeerde plek gevat het." "Kan jy vir my meer vertel?" "Nee tannie sal my ma moet vra, sy het my net vertel". Hy kon geen spesifieke geleentheid of insident herroep nie. Op navraag "ek hoor jy kry nagmerries, wil jy my vertel?" het hy aangetoon "ek kan dit nie onthou nie, my ma het my net vertel". Hierdie inligting wek ernstige kommer.

### *6.2.2 Resultate verkry uit die psigometrie*

Uit die psigometrie blyk dit dat R ernstige verskeurdheid tussen sy vader en moeder ervaar. Dit het so erg gepresenteer dat hy op die Bene Anthony glad nie keuses kon uitoefen ten opsigte waar hy sy briefies moes pos nie. Sterk ontkenning van emosies vind plaas en dit blyk dat hy moontlik sy gevoelens internaliseer. Dit is dan ook vreemd dat indien dit so is dat sy vader hom gemolesteer het, daar geen negatiewe gevoelens of vrees jeens die vader gepresenteer het nie.

Die depressie wat op die psigometrie presenteer wek ernstig kommer en sal terapeuties aangespreek moet word. Hy presenteer as 'n gespanne, sensitiewe tipe kind wat baie vatbaar vir eksterne stressors is.

Uit ekstene bronne blyk dit dat R en sy moeder wel 'n nouer band het as sy en die ander twee - moontlik vanweë die feit dat hy as baba baie ernstig siek was.

Ten opsigte van sy skolastiese funksionering het daar ernstige uitvalle met betrekking tot perseptuele prosesse na vore getree wat baie beslis verband hou met sy swak funksionering. Ouditiewe analise is uiters swak en hy het bykans geen benul van dubbelklanke nie. Ouditiewe diskriminasie is ook baie swak. Hy het probleme met ruimtelike oriëntasie en sy skrif is onegalig. 'n Volledige evaluasie met betrekking tot ouditiewe persepsie behoort deur 'n spraakterapeut gedoen te word asook verwysing na 'n arbeidsterapeut. Die swak skolastiese prestasie kan verband

hou met emosionele faktore, maar selfs in die mees ideale omstandighede sal probleme met ouditiewe persepsie lei tot skolastiese problematiek.

Evaluerend wil dit voorkom of daar by R moontlik suggesties van molestering gelaat is. Sy reaksie op 16-Steps rym glad nie met dié van 'n kind wat gemolesteer is nie. Dit blyk ook dat ten spyte van "bloeding" soos deur die moeder beweer, die geneesheer niks kon bemerk nie.

Indien dit so is dat Mev. W wel bloot inligting aan R oorgedra het soos hy beweer, wek dit ernstig kommer. Dit kan erge implikasies vir sy persoonlikheidsontwikkeling inhou, veral met betrekking tot die ontwikkeling van seksualiteit. Ongelukkig word kinders by wie daar 'n moontlikheid van molestering was (hetsy waar of nie) dikwels deur die portuurgroep en die breër gemeenskap geetiketteer, en deur andere verny. Dit is uiteraard ideale teelaarde vir verdere patologie.

### *6.3 F , 5 JAAR*

#### *6.3.1 Algemene observasie en inligting verkry*

Hy het spontaan begin vertel dat sy ma en pa baie baklei. Op navraag waaroor het hy aangetoon "oor die Mazda, sy wil hom nie hê nie". Hy het verder aangetoon dat hy graag 'n "masjiengun" wil hê, wil verjaar en wil see toe gaan. Hy toon aan hy het die lekkerste by hulle "ander huis" gebly.

#### *6.3.2 Resultate verkry uit die psigometrie*

Hieruit blyk dit dat F baie sterk identifiseer met die vaderfiguur, asook met W Geringe betrokkenheid met betrekking tot die moeder en R het gepresenteer. Dit wil voorkom of hy ook op hierdie stadium ontwrig is deur die omstandighede, maar dat hy moontlik nie die volle implikasie van alles besef nie.

Met 16-Steps het hy aangetoon dat wanneer hulle TV kyk sy moeder "aan my verkeerde plek vat - ek hou nie daarvan nie". Hy het aangetoon dat dit bo-oor sy klere geskied. Hy beweer dat dit "baie" gebeur. Die moeder behoort kennis te neem dat dit hom ongemaklik maak, en dat dit moontlik ook as 'n vorm van molestering gesien kan word!

## 7. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Dit wil voorkom of die W        gesin tans erg ontwrig is. Die hele kwessie van beweerde molestering blyk nie substansie te hê nie en het ongelukkig gesneeubal tot ernstige reperkussies vir die hele gesin. Dit is werklik jammer dat die egliede tot egskeiding oorgaan aangesien die huwelik tog met die nodige hulp waarskynlik sou kon herstel. Dit is ook jammer dat soveel persone klaarblyklik in kennis gestel is van die sogenaamde molestering.

Beide ouers beskik oor sterk en swak punte wat nie van een van hulle die ideale of 'n "onbevoegde" ouer maak nie. Beide ouers sal ook met die nodige hulp hul ouerskappotensiaal kan ontwikkel.

'n Aspek wat hierdie ondersoek bemoeilik het was die feit dat die ouers vanuit twee invalshoeke aangemeld het, naamlik mev. versoek 'n aanbeveling met betrekking tot toegang en mnr. versoek 'n aanbeveling met betrekking tot beheer en toesig *asook* toegang.

Indien die ouers dus wel onderling sou skik en besluit om die status quo te handhaaf en die regskwessie dus bloot gaan om toegang (soos die moeder aantoon), word aanbeveel dat dié skikking tussen die ouers aanvaar word, ***maar*** dat die vader baie gereelde toegang sal hê (alternatiewe naweke, een week elke vakansie asook 'n besoektyd gedurende die week word as absoluut die minimum geag).

Indien daar egter wél 'n dispuut bestaan met betrekking tot ***beheer en toesig,*** wil dit uit die onderhoude, eksterne bronne en psigometrie tog voorkom of plasing by die vader tans meer in belang van die kinders sal wees. Sy persoonsprofiel en verhouding met sy seuns is tans op 'n meer gesonde basis as die van die moeder. Die moeder se persoonsprofiel en gedrag mag moontlik haar moederskap negatief beïnvloed, maar maak haar nie in geheel onbevoeg nie. Indien plasing by die vader wel aanvaar word, geld dieselfde toegangsreëlings as in bogenoemde paragraaf.

Ongeag van watter regskwessie hier ter sprake is, word aanbeveel dat:

- beide ouers weereens moet besin rakende die egskeiding
- al die gesinslede psigoterapie moet ontvang

- volledige skolastiese evaluering van R en W onderneem moet word ten einde die aard en omvang van hul leerprobleme te bepaal, sodat die nodige hulp verleen kan word.

Ons versoek die onderskeie prokureurs om die ouers by te staan ten einde spoedig 'n sinvolle skikking te bereik aangesien die blootstelling aan so 'n langdurige stres die gesin nadelig beïnvloed.

Adv.
Kantoor van die Gesinsadvokaat

Geagte Adv

**Mnr W , Mev W en hul drie minderjarige kinders verwys (saak no: )**

Soos telefonies met die Gesinsraadgewer Me M C bespreek, is versoek dat 'n aanvullende verslag tov bogenoemde kliënte saamgestel word.

Vind hierby aangeheg ons gevolgtrekkings en aanbevelings van ons aanvullende ondersoek.

Enige navrae sal met graagte beantwoord word.

## 1. IDENTIFISERENDE GEGEWENS

1.1 Ouers betrokke

Mnr W

Mev W

1.2 Kinders betrokke

W (11 jr)

R (8 jr)

F (6 jr)

## 2. PROBLEEMSTELLING

Mnr en mev W kan steeds nie tot 'n vergelyk kom mbt beheer en toesig van die drie minderjarige kinders nie. Die ondergetekendes het gedurende aanbeveel dat beheer en toesig aan mnr W behoort toegeken te word. Die kinders is inderdaad ook in sy sorg sedert 'n Aanvullende verslag word aangevra om te bepaal of dit wel in die kinders se belang is indien hulle in mnr se sorg bly en hy dus wel beheer en toesig verkry.

## 3. WERKSWYSE

Aangesien die gesinslede alreeds psigometries geëvalueer is, is die verskillende toetse nie herhaal nie. Die volgende werkswyse is gevolg:

* Op Vrydag het die hele gesin weer aangemeld. Daar is deur twee spanlede 'n onderhoud met mev gevoer, terwyl die ander twee spanlede van agter eenrigtingglas geobserveer het. Daarna is dieselfde prosedure met mnr gevolg.

* Daarna is individuele onderhoude met die drie seuns gevoer terwyl die ander spanlede van agter eenrigtingglas geobserveer het.

* Die volgende persone is daarna telefonies gekontak ten einde sekere inligting te verifieer:

| | | |
|---|---|---|
| Mev K | : | W se onderwyseres |
| Mev. H | : | R se onderwyseres |
| Mev W | : | F se onderwyseres |
| Mev. M | : | R se RO onderwyseres |
| Mev E | : | Help met die versorging van die drie kinders in die middae |

* Daarna is 'n spanvergadering gehou waarin al die verkreë inligting bespreek is en tot 'n finale aanbeveling gekom is.

## 4. RESULTATE

Uit die opvolgonderhoude kom die volgende aspekte na vore:

4.1 Mnr W het suksesvol daarin geslaag om tot op hede die kinders in sy sorg goed te versorg en te laat stabiliseer. Dit blyk dat hy ook goeie ondersteuning van die huisgemeente ontvang. Dit wil voorkom of die vader gesonde opvoedingspraktyke handhaaf en nie net aan die kinders se fisiese behoeftes voldoen nie, maar ook baie emosionele steun bied. Voorts blyk dit dat hy 'n geroetineerde leefwyse volg en weinig praktiese probleme ondervind in die alledaagse hantering van die drie seuns. So byvoorbeeld sien 'n Mev E. om na F smiddae en sy help ook met toesighouding oor W en R wanneer hulle nie Nasorgsentrum toe gaan nie.

4.2 Die kinders tree deurgaans positief jeens die vader op - selfs R wat aanvanklik nie so 'n nabye verhouding met die vader gehad het nie. Dit wil voorkom of hulle tans 'n sterker binding met die vader as met die moeder toon. Hulle stel dit duidelik dat hulle by die vader wil woon en daar het in 'n mindere of meerdere mate negatiwiteit jeens die moeder na vore gekom. Hulle is nie ongeneë om by haar te gaan kuier nie, alhoewel dit wil voorkom of daar negatiwiteit jeens T bestaan en of die "toesluit" insident vir hulle 'n slegte ondervinding was. Hulle kla ook dat dit vervelig is by haar.

4.4 Die vader is gekonfronteer met die feit dat hy gesloer het met veral R se remediëring en psigoterapie. Hy het aangetoon dat die skool aanvanklik onderneem het om via die Onderwyshulpsentrum die diens te lewer maar dat dit nooit gerealiseer het nie. Toe daar teen die einde van Maart nog nie hulp verleen is nie, is 'n mev. Bezuidenhout gekontak wat wel RO in groepsverband verskaf het. Mnr toon aan dat hy nie tevrede was met die feit dat dit nie individueel was nie, en dat R te veel tuiswerk by dié dame gekry het. Hy ontvang tans by 'n mev Maree op 'n individuele basis remediëring. Mnr meld dat hy wel aangemeld het vir ouerleiding. Daar is wel nog nie met psigoterapie met die drie seuns begin nie.

4.5 Tov mev se funksionering het van die aspekte wat gedurende die -evaluering ons bekommer het weereens in die onderhoude na vore gekom:

- Mev is oënskynlik steeds meer ingestel op haar eie behoeftes as dié van die kinders;

- Trekke van affektiewe gehardheid presenteer steeds;

- Sy besef steeds nie altyd die konsekwensies van haar

gedrag en die effek daarvan op die seuns nie;

- Mev W se ouers gaan blykbaar nou by haar bly. In die ...-verslag (p.7) word haar verhouding met haar moeder juis genoem as een van die aspekte wat gesinsinteraksie in die verlede negatief geaffekteer het.

4.6 Die span neem met ernstige kommer kennis van die bewering dat Mev W en 'n ene T die kinders per geleentheid toegesluit het en geweier het dat hulle na die vader terugkeer. Hierdie insident is bevestig deur F se onderwyseres deurdat hy haar blykbaar daarvan vertel het. Sulke situasies kan ongelukkig net bydra om veral W se negatiwiteit jeens die moeder te versterk.

4.7 Uit die telefoniese gesprekke met die onderwyseresse kom die volgende temas na vore:

- Die kinders is ten alle tye goed versorg;
- W was in die begin van die jaar stillerig, en buierig, maar is tans "n ander kind". Hy lag en is vrolik, sy huiswerk word altyd gedoen en daar word aangetoon dat sy punte verbeter het. Sy algemene houding en gesindheid is positief. Daar word wel gemeld dat hy ontwykend oor sy ouers is.

- Tov R word gemeld dat hy gereeld en stiptelik aanmeld vir RO en dat hy dié individuele remediëring baie geniet. Daar word gerapporteer dat die vader hom na elke sessie kom haal en terugvoer vra oor sy vordering. Daar word aangetoon dat hy baat vind by die individuele remediëring en sy onderwyseres meld dat alhoewel die probleem steeds nie opgelos is nie, daar al verbetering plaasvind. Melding word ook gemaak van die feit dat die vader altyd sy huiswerkboeke teken en bemoedigende en opbouende kommentaar skryf. Daar word gerapporteer dat hy selde oor sy ma praat, maar baie betrokke is by sy pa.

- Tov F word gemeld dat hy in die begin van die jaar bietjie verward en soms aggressief was. Daar is aangetoon dat hy nou rustig is. Die onderwyseres meld dat dié tyd toe die moeder hom by die skool kom haal het, daar 'n definitiewe afname in sy funksionering was, en dat hy weer onttrek het. Tans gaan dit egter goed. Mnr W. is baie betrokke, en 'n sterk vader-seun verhouding is by die kleuterskool opgemerk. Daarteenoor word gemeld dat mev die jaar nog nie by 'n oueraand betrokke was of selfs eens navraag gedoen het oor hoe dit met F gaan nie.

4.8 Sonder dat die besonderhede soos deur Mev W in die dokumente van die Dringende Reël 43 aansoek aan die spanlede bekend was, het dit met die nagaan daarvan tydens die spanvergadering, duidelik geblyk dat van die bewerings

soos vervat in die aansoek en soos gemaak in die onderhoude, juis deur die kinders weerspreek word, bv. dat hulle saans alleen tuis bly, bang is vir die vader ens.

**5. AANBEVELING**

Uit die opvolgonderhoude en gesprekke met die onderwyseresse blyk dit dat die kinders gelukkig is by hul vader en dat daar in hul fisiese, psigologiese, opvoedkundige, sosiale en religieuse behoeftes voldoen word.

Derhalwe beveel ons steeds aan dat:

1. beheer en toesig aan die vader toegeken behoort te word;
2. die moeder gereelde toegang tot die kinders sal hê - alternatiewe naweke en die helfte van elke vakansie word as billik geag;
3. sodanige toegang sonder toesig kan geskied mits die moeder onderneem om nie weer te weier dat die kinders na hul vader terugkeer nie;
4. remediëring met R       sal voortgaan en dat al drie kinders sal inskakel vir psigoterapie;
5. mev ouerleiding moet ontvang;
6. hierdie saak so spoedig moontlik afgehandel moet word, omdat die voortdurende blootstelling aan stres uiteraard vir al die gesinslede negatief is.

Enige navrae sal met graagte beantwoord word.

## BYLAAG B

# DIE ENKELSIELKUNDIGE-VERSLAG

& Associates/Assosiate

Registered Psychiatrists - Geregistreerde Psigiaters
Registered Psychologists - Geregistreerde Sielkundiges

# VOORLOPIGE

# SIELKUNDIGE VERSLAG

opgestel deur

**Geregistreerde Voorligting en Opvoedkundige Sielkundige**

Informasie soos betrekking het op

## 1. BIOGRAFIESE INLIGTING

### *1.1. Biologiese vader*

1.1.1. **Naam:** **(hierna genoem mnr J )**

1.1.2. **Geboortedatum:**

1.1.3. **Ouderdom:** **40 jaar**

1.1.4. **Adres:** **JOHANNESBURG**

### *1.2. Biologiese moeder*

1.2.1. **Naam:** **(hierna genoem mev J )**

1.2.2. **Geboortedatum:**

1.2.3. **Ouderdom:** **40 jaar**

1.2.4. **Adres:** **JOHANNESBURG**

## 2. ONDERSOEKSPAN

2.1. , Geregistreerde Voorligting en Opvoedkundige Sielkundige, BA Hons (UP) MA (RAU) Thod (Pret).

2.2. Geregistreerde Bedryfsielkundige, B Admin (Hons) (Bedryfsielkunde) (UOVS), M Admin (Bedryfsielkunde) (UOVS).

2.3. . Intern-Opvoedkundige Sielkundige (BA Hons (Unisa) MA (Und).

## 4. DATUMS VAN KONSULTASIES EN EVALUASIES

Januarie

Februarie

## 5. ADRES WAAR DIE ONDERSOEK GEDOEN IS

5.1. ROODEPOORT.

5.2. JOHANNESBURG.

## 6. AANMELDINGSPROBLEEM

Mnr J. het my in Desember genader met die oog op 'n evaluasie van die drie kinders A J en C Na samesprekings met die ouers is daar besluit om 'n evaluasie van die partye te doen, met die kinders onderhoude te voer en tuisbesoeke te doen. Die prosedure het die goedkeuring van albei ouers gehad.

6.1. Ek het aangedui dat ek 'n mening sou gee indien aanvaar word dat:

a) ek in belang van die minderjarige en afhanklike kinders optree en nie in die belang van 'n ouer nie;

b) ek toestemming verleen word om met enige persone te konsulteer wat my kan help om 'n gevolgtrekking in hierdie saak te maak; en

c) ek die geleentheid gegee word om alle beskikbare dokumentasie te lees.

Dit moet aanvaar word dat ek net 'n opinie kan uitspreek gebaseer op persoonlike, sosiale, kliniese en psigometriese inligting.

## 7. PROSEDURE

7.1. Individuele onderhoude is met mnr J , mev J en die drie minderjarige en afhanklike kinders gebore uit die huwelik, te wete A J en C gevoer.

7.2. 'n Psigometriese evaluasie is op mnr J en mev J uitgevoer.

7.3. Ek het tuisbesoeke by die gemeenskaplike woning afgelê terwyl die kinders saam met mev J en by 'n latere geleentheid by mnr J was.

7.4. Die volgende dokumente is gelees:

1. Verslag van dr G P

# 8. INSTRUMENTE EN PROSEDURES WAT TYDENS DIE ONDERHOUD EN EVALUASIES GEBRUIK IS

## *8.1. Persoonlike Onderhoud*

Die persoonlike onderhoud word algemeen as erkende hulpmiddel in die veld van die sielkunde beskou. Beide ongestruktureerde en semi-gestruktureerde tegnieke word gebruik. Aanwysings vir die semi-gestruktureerde onderhoude gebruik word gevind in "Solomon's Sword: A practical guide to conducting child custody evaluations" geskryf deur B M Schutz, E B Dixon, J C Lindenberger, N J Rither, Jossey-Bass Uitgewers, San Francisco, 1989.

Die semi-gestruktureerde onderhoud verseker dat dieselfde grond met beide ouers op 'n sistematiese manier gedek word.

## *8.2. Persoonlikheidstoetse*

### 8.2.1. *Human Behaviour Questionnaire (HBQ)*

Hierdie vraelys is saamgestel om gedetaileerde informasie oor verskillende aspekte van menslike gedrag waaronder vroeëre geskiedenis, slaappatrone en aktiwiteite te verkry.

Daar is twee voorstellings van hierdie vraelys - 'n volwassene en 'n kindervoorstelling. Die volwassenevoorstelling het betrekking op mense van 14 jaar en ouer. Die kinder-voorstelling het betrekking op kinders jonger as 14 jaar oud.

Die vrae beslaan die volgende areas: persoonlike data, werk, vroeëre geskiedenis, slaappatroon, aktiwiteit, toetse, skool, lees, spraak, sosiale en ander geskiedenis, dissipline, fobies, vreesaanvalle, algemene angstigheid, obsessies, kompulsies en ander aktiwiteite, eetpatroon, seksuele gedrag, rook,alkohol, dwelms, stemming, huidige gevoelens oor jouself, diagnoses in die verlede, algemene gesondheid en spiertrekkings.

**Betroubaarheid en geldigheid**

Geen spesifieke inligting is bekend aangaande die geldigheid en betroubaarheid van hierdie vraelys nie.

### *8.2.2. Millon Clinical Multiaxial Inventory (MCMI)*

**Agtergrond:**

Dit is 'n onbegonne taak om 'n kliniese instrument te ontwikkel wat al die elemente van 'n persoon se huidige leefwêreld, asook sy leefwêreld in die verlede in ag neem. Betroubaarheid en geldigheid word ingeboet wanneer te veel afhanklike veranderlikes ter sprake is.

Die kern van onderskeidende kenmerke van 'n sindroom of versteuring word 'n kliniese prototipe genoem.

Volgens Millon is die drie belangrikste kenmerke vir 'n goeie klassifikasiestelsel die volgende:

1. Kategorieë moet volgens die ernstigheidsgraad gedifferensieer word.

2. Kategorieë moet so gerangskik wees dat dit duidelik toon dat die kliniese beeld uit 'n aantal kovariërende kenmerke en simptome bestaan.

3. Elke diagnostiese kategorie moet kan aandui dat dit 'n voorganger en/of verlengstuk en/of 'n modifikasie van ander kliniese kategorieë is eerder as wat dit as 'n diskrete entiteit alleen staan.

Millon gebruik vier kategorieë, naamlik:

(1) **Kliniese persoonlikheidspatroon:** wat bestaan uit die volgende skale:

- Skisoïd
- Vermydend
- Afhanklik
- Narsissisties
- Histrionies
- Antisosiaal

- Aggressief-sadisties
- Kompulsief
- Passief aggressief
- Selfverydelend.

(2) **Ernstige persoonlikheidspatologie:** wat bestaan uit die volgende skale:

- Skisotipies
- Grensgeval
- Paranoïes.

(3) **Kliniese sindroom:** wat bestaan uit:

- Angsversteuring
- Somatoformversteuring
- Bipolêr-maniese versteuring
- Distemiese versteuring
- Alkoholafhanklikheid
- Dwelmafhanklikheid.

(4) **Ernstige sindrome:** wat bestaan uit:

- Denkversteuring (psigotiese denke)
- Major depressie (psigotiese depressie)
- Delusionele versteuring (psigotiese delusie).

**Beskrywing van persoonlikheid**

Die ontwikkeling van 'n individu op sielkundige vlak kan op verskeie maniere beskryf word. Essensieel kan die gevolgtrekkings van die meeste van hierdie teorieë soos volg opgesom word:

Die kind ontwikkel en bereik volwassenheid deur 'n ontwikkelingsproses van interaksie met sy wêreld. Deur die proses word gedragspatrone of karaktertrekke vasgelê en kan die individu se gedrag kristalliseer in voorkeurpatrone wat hy as suksesvol vir homself ondervind. Hierdie patrone raak bestand teen uitwissing en omdat hulle suksesvol is, word hulle hoë-prioriteits-weerklankpatrone. Dus, gegewe 'n kontinuiteit in basiese biologiese ontwikkeling, asook 'n reeks van ondervindinge waarvolgens uitkiesing en aanvaarding van gedragspatrone plaasvind, ontwikkel die kind kenmerkende patrone van

omgewings- en interpersoonlike interaksie wat diep gesetel is en nie maklik veranderbaar is nie. Hierdie karaktertrekke is die essens en som van 'n persoon se persoonlikheid.

Persoonlikheid kan dus gedefinieer word as 'n patroon van deur-en-deur omgewe en wye kognitiewe, affektiewe en overte gedrags-patrone wat oor 'n langdurige tydperk volgehou word. Hierdie karaktertrekke ontwikkel vanuit 'n gekompliseerde matriks van biologiese disposisies en leer deur ondervinding. In die kern van persoonlikheid word twee prosesse aangetref:

1. Hoe die individu die eise van die omgewing hanteer; en

2. Hoe die individu homself beleef.

Die probleem is hoe om gedrag te evalueer en tussen normale en abnormale gedrag te differensieer. Dit is voldoende vir ons voorneme hier om op soos volg op te som:

**Normale persoonlikheid:**

Hierdie individu toon 'n aanpasbare en plooibare benadering tot lewenseise.

Die individu se karakteristieke persepsies van homself en sy omgewing is fundamenteel konstruktief.

Die individu se konsekwente gedragspartone kan gesien word as gesondheidsbevorderlik.

Daarenteen, as 'n individu oor 'n abnormale en ongesonde persoonlikheidspatroon beskik, kan die volgende as riglyn dien:

Die persoon probeer om gemiddelde verantwoordelikhede en daag-likse verhoudinge met onbuigsaamheid en wanaanpassing te hanteer. Sy persepsies van homself en die omgewing is fundamenteel selfondergrawend.

Die individu se overte gedragspatrone werk nadelig op sy gesondheid in.

**Abnormale persoonlikheidspatrone:**

In hul bespreking van die wese van normaliteit voer Millon en Everly (1985) aan dat abnormale persoonlikheidspatrone gedifferensieer kan word van normale persoonlikheidspatrone deur aanpasbare wanaanpassing, die tendens om periodes van boosaardigheid te demonstreer, asook swak stabiliteit. Hierdie faktore belemmer effektiewe hantering van 'n situasie en is essensieel selfvernietigend en kan vanuit 'n breeër perspektief as gesonheidsondergrawend beskou word.

a) Aanpasbaarheidsonbuigsaamheid: Hierdie term verwys na die konsekwente tendens van die individu om selfgerig te wees en om omgewingsituasies deur ontoepaslike rigiede en konsekwente strategieë te hanteer. So 'n rigiditeit belemmer verder die ontwikkeling van 'n breë repertoire van hanterings-bekwaamhede. Die individu is nie net onbevoeg om by gebeure aan te pas nie, maar poog ook om die omstandighede van die omgewing te verander sodat dit nie optredes buite sy beperkte optredingsrepertoire verg nie.

b) 'n Tendens om 'n wrede kringloop te koester: Alle individue probeer uiteraard om hulle omgewing te manipuleer ten einde versterking te verkry en straf vry te spring. Wat abnormale van normale persoonlikheidspatrone onderskei, is nie net ontoe-paslike rigiditeit en enersheid in hantering-strategieë nie, maar ook 'n tendens dat hierdie strategieë selfvernietigingsgedrag provokeer of in beweging sit. Dus, abnormale persoonlikheids-patrone is wesenlik patogenies deurdat dit bestaande probleme intensiviveer.

c) Swak stabiliteit: Abnormale persoonlik-heidspatrone is karakteristiek broos en toon geen elastisiteit onder omgewingsdruk nie. Daar word soms na hierdie toestand verwys as swak ego-sterkte. Wanneer pogings om die situasie te hanteer by herhaling ondoeltreffend blyk te wees, neig onopgeloste konflikte weer na vore te kom. Wanneer dit gebeur is die individu geneig om oor te gaan tot die patologiese manier van hantering, minder toereikende beheer oor sy emosies en uiteindelik tot subjektiewe en verdraaide persepsies van die werklikheid.

**Betroubaarheid/geldigheid:**

Uit die beskikbare inligting blyk dit dat die geldigheid en betroubaarheidsaspekte van die *Millon Clinical Multiaxial Inventory (MCMI)* op aanvaarbare peil is.

### *8.2.3. Minnesota Multiphasic Personality Inventory (MMPI)*

Die *Minnesota Multiphasic Personality Inventory (MMPI)* is 'n instrument wat in die kliniese situasie gebruik word om enersyds 'n persoonlikheidsanalise te maak en andersyds om 'n diagnose van moontlike persoonlikheidsteurnisse te maak.

Die *Minnesota Multiphasic Personality Inventory (MMPI)* word ideaal in samehang met die kliniese geskiedenis en diagnostiese inligting verkry uit 'n onderhoud, projeksie toetse met inagneming van die geestesgesondheid van die individu gebruik.

Die *Minnesota Multiphasic Personality Inventory (MMPI)* verskaf geldige en betroubare inligting op diagnostiese kategorieë waaronder hipochondriase, depressie, histerie, psigopatiese deviasie, paranoïdale

neigings, psigosthenie, skisofrenie, hipomanie, en dien ook as 'n maatstaf vir intro- en ekstroversie, manlikheid en vroulikheid.

Die *Minnesota Multiphasic Personality Inventory (MMPI)* beskik ook oor kontrole maatstawwe, 'n leuenskaal en geldigheidskale.

Die *Minnesota Multiphasic Personality Inventory (MMPI)* beskik, volgens Ziskin, (1981) oor superieure eienskappe vir gebruik in 'n forensiese ondersoek en is op bostaande gronde as 'n nuttige hulpmiddel in hierdie ondersoek beskou alhoewel die toets nie vir 'n Suid-Afrikaanse populasie gestandaardiseer is nie.

## *8.3. Aanpassingsvraelyste*

### 8.3.1. Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)

Die *Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)* evalueer die ouers se houding teenoor ouerskap en teenoor hulle kinders. Die *Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)* is ook opgestel om spesifieke aspekte van die ouer/kind verhouding wat probleme kan veroorsaak te evalueer, asook om 'n algehele beeld van die kwaliteit van die verhouding te gee.

Die huidige toename in hofsake rakende toesig, asook egskeidingsbemiddeling het 'n groot aanvraag geskep na gesofistikeerde evaluering van die verhoudings tussen ouers en kinders. Die *Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)* is veral nuttig in situasies van toesig, asook by ander instansies wat spesifiek na die behoeftes van kinders omsien. Die *Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)* is 'n belangrike element in aanduidings oor toesig en beheer en in die evaluering van die moontlikheid dat 'n ouer 'n kind misbruik en/of mishandel.

Die *Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)* het sewe inhoudskale en twee geldigheidsaanwysers. Elk van die inhoudskale ondersoek 'n spesifieke aspek van die ouer/kind verhouding. Die sewe inhoudskale is soos volg:

1. Die Skaal van Ouerlike Ondersteuning (SUP): Evalueer die vlak van emosionele en sosiale ondersteuning wat 'n ouer ontvang.

2. Die Skaal vir Tevredenheid met Ouerskap (SAT): Meet die plesier en vervulling wat 'n individu uit ouerskap put.

3. Die Betrokkenheidskaal (INV): Bestudeer die vlak van 'n ouer se interaksie met en kennis van sy of haar kind.

4. Die Kommunikasieskaal (COM): Evalueer 'n ouer se persepsie van hoe effektief hy of sy met 'n kind kommunikeer.

5. Die Skaal vir Perkstelling (LIM): Fokus op 'n ouer se ondervinding in die dissiplinering van 'n kind.

6. Die Outonomieskaal (AUT): Evalueer die vermoë van 'n ouer om die kind se onafhanklikheid te bevorder.

7. Die Rolorienteringskaal (ROL): Bestudeer ouers se houdings omtrent geslagsrolle in ouerskap.

Die twee geldigheidsaanwysers is:

1. Sosiale Gewensdheid (SOC): 'n Lae telling dui daarop dat die ouer die antwoorde/response verdraai het ten einde die ouer/kind verhouding in 'n onrealisties positiewe lig te stel.

2. Die Teenstrydigheidsaanwyser: 'n Hoë telling is aanduidend van onoplettendheid of lukrake beantwoording.

**Betroubaarheid:**

Daar is verskeie manier om die betroubaarheid van sielkundige toetse te bepaal. Die twee vernaamste is ramings van interne konsekwentheid en hertoetsstabiliteit. Beide metodes van betroubaarheidsmeting is beskikbaar in die *Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)*.

1. **Interne Konsekwentheid:** Die algehele interne konsekwentheid van die *Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)* is goed. Geen waarde is minder as 0.70 nie, en die gemiddelde waarde 0.82.

2. **Toets-hertoets betroubaarheid:** Die toets-hertoetsbetroubaarheid is twee keer gemeet. Die resultate van hierdie twee studies dui daarop dat die *Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)* goeie temporale stabiliteit het.

Die uitslae van die eerste studie dui die volgende aan:

Die individuele waardes reflekteer 'n wye veranderlike (0.68 to 0.93). Die gemiddeldeskaaloutokorrelasie is egter 0.81.

Die uitslae van die tweede studie dui die volgende aan:

Die gemiddeldeskaaloutokorrelasie is 0.55, en dit is binne aanvaarbare norme vir houdings en persoonlikheidsmetings.

**Geldigheid:**

Geldigheidstandaarde vir konstruk en voorspellings is beskikbaar.

Inhoudsgeldigheid

Die term inhoudsgeldigheid verwys na hoe goed die interne elemente van die toets die gedrag verteenwoordig, waarvoor die toets ontwerp is. Die gemiddelde T-telling van die inhoudskale is konsekwent met die ontwrigte gesinslewe wat kenmerkend is van diegene wat genoodsaak word om die dienste van buite instansies te verkry om probleme rondom toesig en beheer op te los.

Konstrukgeldigheid

Die term konstrukgeldigheid verwys na die mate waarin die eienskap gemeet word waarvoor dit opgestel is. Vir die *Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)*, is die sentrale vrae oor konstrukgeldigheid of die beeld van ouers se houdings en waardes spesifiek genoeg om gemeet te word en of die resultate van sulke meting kenmerke toon wat in ooreenstemming is met dit wat oor ouerskap bekend is.

Die statistiek wat gewoonlik gebruik word om interne konsekwentheid te bereken is die koëffisiënt alfa. Daar word algemeen aanvaar dat skale van sielkundige toetsing interne konsekwentheidsramings van tenminste

0.70 moet hê. Vir hierdie vraelys is geen waarde minder as 0.70 nie en die mediaan is 0.82.

Voorstellings

Die term voorspellingsgeldigheid verwys na die toets se vermoë om optrede op ander relevante metings te voorspel. Oor die algemeen word matige korrelasies met verwante metings beskou as bewys van goeie voorspellingsgeldigheid.

Korrelasie tussen die *Personality Inventory for Children (PIC)* en die *Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)* vraelyste is matig. Geen waarde is laer as 0.44 en geen waarde is meer as 0.64 nie. Die gemiddelde korrelasie vir die *Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)* is 0.47 en die gemiddelde korrelasie vir die *Personality Inventory for Children (PIC)* is 0.53 , 0.75.

Ons kan dus die gevolgtrekking maak dat beide die *Personality Inventory for Children (PIC)* en die *Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)* sensitief is vir die ongelukkigheid wat meegebring word deur egskeiding en verwyder.

verstaan nie, maar begrypend te verstaan. Hoe sien en beleef iemand sy wêreld? Hoe is hy in dialoog daarmee? Wat is die moontlikhede vir toekomstige gedrag en watter potensialiteite lê verskuil wat sy toekoms ook anders kan maak as die tendense wat die interpretasie in vooruitsig stel? Daaruit is dit duidelik dat die *Tematiese Appersepsietoets (TAT)* veral fenomenologies bruikbaar is - vir sover onder fenomenologie verstaan word die beskrywing van hoe 'n persoon in sy wêreld staan en daarin leef.

# 9. KLINIESE GESKIEDENIS

## *9.1. Mnr J*

Mnr J het in (destyds grootgeword. Sy ouers leef albei en woon tans in Mnr J is die jongste van drie seuns. Mnr J beskryf sy gesin as mense wat familievas en die sibbe as huisvas is.

Mnr J dui aan dat hy nie spesifieke probleme in sy huis van oorsprong gehad het nie. Mnr J het geen traumas beleef nie en was nie fisies, emosioneel of seksueel mishandel nie.

Mnr J dui aan dat die huwelik vroeg reeds onder druk was as gevolg van wat hy beskou as mev J se onsekerheid oor hulle verhouding. Mev J het aan mnr J die boodskap gegee dat hulle huwelik van die eerste dag 'n mislukking was omdat hy "nooit regtig vir haar lief was nie".

Mnr J. dui aan dat hy wel vir mev J lief was, maar dat mev J se onbeheerste manier om oor dinge te skreeu wat haar nie aangestaan het nie sy gevoelens verander het.

Uit die inligting verstrek deur mnr J skyn dit asof die egpaar nie sinvol met mekaar oor hulle gevoelens gekommunikeer het nie. Polarisasie het ontstaan wat daartoe gelei het dat elke ouer die kinders, sonder die ander ouer by sy of haar aktiwiteite betrek het. Die gevolg was dat elke ouer 'n goeie verhouding met die kinders opgebou het.

Mnr J dui aan dat sy sosiale lewe huidiglik beperk is. Mnr J is egter sportief en neem aan sport deel.

Mnr J bedryf sy eie besigheid wat weens die aard daarvan seisoenaal is. Mnr J werk normale kantoorure en beplan om sy kantoor tuis sodanig in te rig dat hy in die toekoms meer van die huis af kan werk ten einde sy beskikbaarheid te verhoog.

Inligting deur mnr J verstrek dui daarop dat hy 'n aktiewe deelnemende vader is. Daar was 'n duidelike verdeling in die dat mev J die versorgende ouer was, wat by wedersydse ooreenkoms nie buitenshuis gewerk het nie. Mnr J daarteenoor het sy verhouding met die kinders gevestig deur sy belangstelling in sport en ander sosiale bedrywighede.

Beskikbare inligting dui daarop dat die dissiplinêre struktuur sinvol is. Mev J het, volgens mnr J , egter grootliks die verantwoordelikheid gehad om toe te sien dat die reëls nagevolg word ten opsigte van televisie kyk, takies afhandel en huiswerk doen.

Beskikbare inligting dui daarop dat daar geen godsdiensverskille tussen die ouerpaar is nie.

Beskikbare inligting dui verder daarop dat daar nie beduidende verskille tussen die ouers is oor die opvoeding van die kinders. algemene versorging en ook mediese sorg van die kinders is nie.

### 9.2. Mev J

Mev J is op gebore as die oudste van vier kinders. Sy het nog twee susters onderskeidelik ses en vier jaar jonger as sy, asook 'n broer wat twaalf jaar jonger is as sy. Mev J se vader was 'n mynwerker en haar moeder 'n huisvrou. Volgens mev J het sy nie 'n vertrouensverhouding met enige van haar ouers gehad nie, alhoewel sy haar verhouding met haar vader as goed beskryf en was sy sy oogappel. Haar moeder was, volgens mev J kwaai en sy het eers later haar waarde besef.

Mev J rapporteer dat haar ouers nooit geskei het nie, alhoewel sy bewus was van huweliksprobleme as gevolg van verhoudings wat haar vader met ander vrouens aangeknoop het.

Mev J beskryf haarself as 'n onseker kind, wat nie altyd goed oor die weg gekom het met haar susters en broer nie. Tans het sy egter noue kontak met haar moeder, susters en broer. Haar vader is reeds oorlede, maar haar moeder. ondersteun haar baie. Sy het ook 'n goeie verhouding met haar skoonouers, wat in woon.

Mev J rapporteer geen geskiedenis van fisiese of seksuele molestering nie.

Mev J rapporteer dat sy op skool akademies goed presteer het. Sy het aan sport deelgeneem, maar nie uitgeblink nie. Sy het ook aan kulturele aktiwiteite deelgeneem. Na skool het sy die graad B.Sc Huishoudkunde en 'n Hoër Onderwysdiploma behaal aan die Universiteit van waar sy ook haar eggenoot ontmoet het. Volgens mev J was sy aangetrokke tot hom omdat sy gedink het dat hy goeie maniere het, goed opgevoed was en pligsgetrou was. Hulle is getroud direk nadat sy haar studies voltooi het. Vanaf tot het mev J volgens haar in die onderwys gestaan.

Mev J rapporteer dat die huweliksverhouding vanaf die begin nie goed was nie. Sy het altyd gevoel dat mnr J nie lief vir haar was nie. Sy het geen warmte van haar eggenoot se kant ervaar nie en hulle het op seksuele gebied probleme ondervind. Volgens mev J het haar eggenoot haar dikwels daarvan beskuldig dat sy vet is en dit as 'n verskoning aangevoer waarom hy nie gemeenskap met haar wil hê nie. Mev J rapporteer dat haar eggenoot tien jaar gelede 'n verhouding met 'n 25-jarige meisie gehad het en tans weer met 'n 25-jarige vrou. Volgens mev J het hulle oor die afgelope nege jaar verskeie pogings

aangewend om hulle huwelik te red en het van die dienste van predikante en sielkundiges gebruik gemaak. Mev J het, volgens haar, die inisiatief geneem in die egskeidingsgeding nadat sy met behulp van 'n privaatspeurder bewyse bekom het dat haar eggenoot weer 'n verhouding met 'n ander vrou het.

Twee dogters, tans vyftien en nege jaar oud, en 'n seun van elf jaar oud is uit die huwelik gebore. Volgens mev J was al drie die kinders onbeplan. Mev J rapporteer dat sy hoofsaaklik verantwoordelik was vir die versorging van die kinders, maar dat haar eggenoot hulle dikwels gebad het en baie met hulle gespeel het. Tans is beide mev J en haar eggenoot baie betrokke by die kinders se skool deur byvoorbeeld ouerkomitee aktiwiteite.

Mev J beskryf haar oudste dogter as 'n leier. Sy het 'n goeie selfbeeld, is spontaan, is sosiaal goed aangepas en presteer akademies goed. Sy voel dat haar selfbeeld tans nie so goed is soos dit was nie. Volgens mev J is haar seun baie emosioneel en ondervind hy probleme met konsentrasie. Hy is, volgens haar, ongemotiveerd en toon 'n gebrek aan verantwoordelikheid. Mev J beskryf haar jongste dogter ook as 'n leier, goed aangepas, akademies sterk en spontaan. Sy is wel meer gereserveerd as haar oudste suster.

Volgens mev J het sy ouerskap moeilik gevind, aangesien sy gevoel het dat sy alleen staan en dat haar eggenoot die kinders tussen hulle twee probeer plaas het. Nadat sy die besluit geneem het om te skei voel sy egter dat sy baie meer selfvertroue het en dat haar verhouding met haar kinders goed is. Sy voel dat sy meer verantwoordelik as ouer is as haar eggenoot en dat sy die een is wat perke stel, wat dan weer deur haar eggenoot verslap word.

Volgens mev J is haar eggenoot nalatig met finansies en laat hy byvoorbeeld die kinders toe om na televisieprogramme te kyk wat 'n ouderdomsbeperking van agtien jaar het. Hy gee, volgens mev J ook aan hul seun die verkeerde lekkernye, ten spyte van die feit dat hy 'n hoë risiko cholestrolgeval is.

Mev J rapporteer dat haar eggenoot aansoek gedoen het vir tussentydse toesig en beheer, maar dat dit aan haar toegeken is. Volgens mev J. besef die kinders dat hulle saam met haar gaan verhuis sodra sy 'n geskikte huurhuis bekom in die omgewing waar hulle tans woon. Mev J het, volgens haar, die hele situasie aan die kinders verduidelik. Sy voel sy behoort toesig en beheer oor die kinders te verkry met redelike toegang deur haar eggenoot, wat per afspraak gereël moet word.

## 10. KLINIESE INDRUKKE

### *10.1. Mnr J*

Mnr J was netjies geklee en goed versorg tydens sy besoeke aan hierdie kantoor. Hy het deurgaans sy volle samewerking gegee. Sy denkprosesse was logies en samehangend.

Mnr J het rapporteer dat hy fisies uitgetput voel. By verdere navraag het dit na vore gekom dat hy lang ure werk.

### *10.2. Mev J*

Mev J was netjies versorg en het 'n goeie indruk gemaak tydens die evaluasieproses. Sy het deurgaans haar volle samewerking gegee. Mev J was aanvanklik ietwat emosioneel oor die feit dat sy voel dat haar ouerskapsbevoegdheid nou bevraagteken word. Sy was egter in staat om haar emosies onder beheer te bring en op 'n rasionele wyse aan die onderhoud deel te neem.

# 11. PSIGOMETRIESE EN ANDER SIELKUNDIGE INLIGTING

Toetsresultate soos verkry uit die individuele toetse word bespreek. Daar mag oënskynlike konflikterende inligting voorkom, maar die besonderhede mag van groot belang vir 'n ander professionele persoon wees. Beskou die opsomming as die mening van die ondergetekende sielkundige aangesien die opsomming die integrasie is van alle relevante besonderhede verkry in hierdie ondersoek en/of evaluasie.

## *11.1. Mnr J*

### 11.1.1. Human Behaviour Questionnaire (HBQ)

Volgens die inligting verkry uit die *Human Behaviour Questionnaire (HBQ)*, het die volgende geblyk:

- oormatig betrokke by werksaktiwiteite;
- simptome gepaardgaande met die teenwoordigheid van stres;
- indikasies van 'n depressiewe gemoedsingesteldheid;

- 'n tendens tot matige kompulsiwiteit; en

- kompeterende houding.

*11.1.2. Millon Clinical Multiaxial Inventory (MCMI)*

Volgens die inligting verkry uit die *Millon Clinical Multiaxial Inventory (MCMI)*, het die volgende geblyk:

Geen tekens is gevind dat mnr J probleme ontken of geminimaliseer het nie. Die profiel word as geldig beskou. Geen skale is beduidend verhoog nie en dus word min. indien enige. aanduidings van patologie gevind.

11.1.3. *Minnesota Multiphasic Personality Inventory (MMPI)*

Volgens die inligting verkry uit die *Minnesota Multiphasic Personality Inventory (MMPI)*, het die volgende geblyk:

Geen tekens is gevind dat mnr J probleme ontken of geminimaliseer het nie. Die profiel word as geldig beskou.

**Beduidende skale:** Depressie en Manlik/Vroulik.

Terwyl 'n hoë Manlik/Vroulike skaal 'n indikasie van ontoereikende gevoelens binne die manlike rol kan wees, behoort hierdie skaal met versigtigheid in terme van mnr J geïnterpreteer word. Mnr J presenteer as 'n opgevoede persoon, wat waarde aan kognitiewe aktiwiteite, sowel as kreatiwiteit het. Hierdie kwaliteite word dikwels binne die verhoogde Manlik/Vroulike skaal gevind.

Mnr J mag gevoelens van refleksie en depressie openbaar. Gepaardgaande hiermee kan skuldgevoelens oor vorige gedrag teenwoordig wees. 'n Algemene ontkenning van positiewe gevoelens kan deur mnr J ervaar word. Hierdie skaal is nie so beduidend dat 'n konklusie van algemene swak aanpassing gemaak kan word nie.

*11.1.5. Tematiese Appersepsietoets (TAT)*

Volgens die inligting verkry uit die *Tematiese Appersepsietoets (TAT)*, het die volgende geblyk:

1. **Hantering van eise:** Mnr J is in staat om die eise wat aan hom gestel word te identifiseer. Mnr J se persepsie is dat eise op hom afgedwing word en dit laat hom moeg en moedeloos voel. Eerder as om direkte aksies te neem om hierdie situasie reg te stel. mag mnr J passiwiteit demonstreer.

2. **Interpersoonlike/Gesinsverhoudinge:** Mnr J is nie in staat om die gesinseenheid te identifiseer nie. maar tog die ouerlike rol. Hy mag geneig wees om eise aan homself te stel eerder as om aan die eise van ander te voldoen. Hierdie formele ingesteldheid kan binne interpersoonlike verhoudinge reflekteer word.

3. **Frustrasie/Aggressie:** Mnr J toon 'n baie goeie insig in die emosies wat met die tema van frustrasie verband hou. Gevoelens van verwerping en isolasie word geopenbaar. Mnr J

se verdedigingsmeganismes blyk onvoldoende te wees om frustrasie effektief te hanteer. Dit blyk moontlik dat hy sy gevoelens van frustrasie internaliseer eerder as om daaraan ekspressie te gee.

Tekens word egter gevind dat mnr J sy aggressiewe gevoelens op 'n sosiaal aanvaarbare wyse hanteer. 'n Ontkenning van eie aggressiewe gevoelens vind moontlik plaas. Die tema van aggressie is moontlik bedreigend vir mnr J

4. **Moeder/seun verhouding:** Mnr J is in staat om die moeder/seun verhouding te identifiseer. Hy mag die moeder as versorgend en moontlik oorbetrokke ervaar. Mnr J kon verantwoordelik gevoel het vir die emosionele welvaart van sy moeder en hierdie tendens kon oorgedra gewees het na sy huweliks- en intieme verhouding. Hy blyk sensitief te wees vir die vrou se gevoelens, maar terselfdertyd is hy geneig om emosioneel betrokke te raak.

5. **Vader/seun verhouding:** Mnr J is in staat om die vader/seun verhouding te identifiseer. Hierdie verhouding

word gekenmerk deur emosionele betrokkenheid. Mnr J: blyk gemaklik te wees met persone van dieselfde geslag en is in staat om op interpersoonlike vlak gemaklik met hulle om te gaan.

6. **Intimiteit/seksualiteit:** Mnr J is in staat om intimiteit binne 'n romantiese verhouding te identifiseer, maar dit mag wees dat hy huiwerig is om dit binne huweliksverband te herken. Mnr J assosieer intimiteit met wedersydse vertroosting en 'n noue band. Hy mag die man en vrou binne die verhouding as gelykes sien.

Mnr. J blyk bedreig te wees deur die tema van seksualiteit. 'n Ontkenning van seksualiteit word gevind. Hierdie tema word met gevoelens van spyt en skuld geassosieer. Hierdie skuldgevoelens kan verwys na vorige gebeurtenisse en/of aksies.

## 11.2. Mev J

### 11.2.1. Human Behaviour Questionnaire (HBQ)

Volgens die inligting verkry uit die *Human Behaviour Questionnaire (HBQ)*, het die volgende geblyk:

- mev J rapporteer dat sy voor die egskeidingsbesluit dikwels haar humeur met haar kinders verloor het, maar dat dit na die besluit nog net soms gebeur;

- mev J het soms baie kwaad geword as gevolg van die onopgeloste huweliksprobleme;

- mev J het gedurende haar huwelik verwerp, magteloos, eensaam en onvergenoegd gevoel en ook onseker oor haar verhouding met en gesag oor haar kinders. Tans voel sy egter in totale beheer van haarself, haar rol as moeder en haar gesag as ouers. Sy voel ook dat sy tans 'n beter verhouding met haar kinders het; en

Mev J mag soms geneig wees om te oorreageer op gebeure rondom haar en daardeur die aandag op haarself te vestig. Sy het 'n behoefte daaraan om op 'n deurlopende basis erkenning te kry.

Mev J mag geneig wees om besliste menings te hê oor wat reg en verkeerd is. Struktuur, reëls en regulasies is vir haar belangrik.. Andere mag haar as perfeksionisties en betroubaar beleef.

### 11.2.3. *Minnesota Multiphasic Personality Inventory (MMPI)*

Volgens die inligting verkry uit die *Minnesota Multiphasic Personality Inventory (MMPI)*. het die volgende geblyk:

Die tellings op die geldigheidskale is almal binne aanvaarbare perke en die profiel kan dus as geldig aanvaar word.

Geen verhoogde skale is aangeteken nie. wat dui op die afwesigheid van patologie.

### *11.2.4. Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)*

Volgens die inligting verkry uit die *Parent-Child Relationship Inventory (PCRI)*, het die volgende geblyk:

Mev J voel dat dit 'n goeie besluit was om kinders te hê en identifiseer op 'n positiewe wyse met haar rol as ouer. Sy put genot uit ouerskap. Sy voel egter tans baie alleen en sonder ondersteuning in haar rol as ouer. Mev J is egter in staat om uit te reik na haar kinders en toon 'n belangstelling in al hulle

aktiwiteite. Sy staan waarskynlik baie van haar tyd af aan haar kinders. Sy blyk dan ook in staat te wees om met haar kinders op 'n toepaslike vlak te kommunikeer. Mev J is bereid om perke te stel vir haar kinders om sodoende dissipline te handhaaf. Sy pas dit egter so toe dat haar kinders steeds ruimte het om hulle onafhanklikheid te ontwikkel. Mev J neig om 'n meer tradisionele siening te hê ten opsigte van die geslagsrolle, soos byvoorbeeld dat 'n moeder net behoort te werk as dit regtig nodig is.

### *11.2.5. Tematiese Appersepsietoets (TAT)*

Volgens die inligting verkry uit die *Tematiese Appersepsietoets (TAT)*, het die volgende geblyk:

1. **Hantering van eise:** Mev J identifiseer die eise wat aan haar gestel word en besef wat van haar verwag word. 'n Mate van huiwering om aan die eise te voldoen kom voor, waarskynlik omdat sy tans ietwat oorweldig voel deur die eise wat aan haar gestel word.

2. **Gesins/interpersoonlike verhoudinge:** Mev J is in staat om die interpersoonlike verhouding tussen 'n man en 'n

vrou te identifiseer. Sy toon 'n bewustheid van en insig in die moontlike oorsake vir die verbrokkeling van verhoudings en identifiseer sterk daarmee. Dit wil voorkom asof sy nie tans negatiewe emosies het ten opsigte van die verbrokkeling nie. Sy blik in staat te wees om die situasie in perspektief te sien.

3. **Frustrasie/aggressie:** Mev J toon goeie insig in gevoelens, soos frustrasie en moedeloosheid. Sy toon bewustheid van hierdie kwesbaarhede in haar verlede, maar dit wil voorkom asof sy dit op 'n positiewe wyse gehanteer en verwerk het en nou vorentoe beweeg. Sy identifiseer ook aggressie, maar dit wil voorkom asof sy bedreig voel daardeur en haar eerder sal wil distansieer van sulke situasies.

4. **Vader/dogter verhouding:** Indikasies is gevind dat mev J die mansfiguur as egosentries beleef. Sy toon egter nie sterk negatiewe gevoelens teenoor mans nie.

5. **Moeder/dogter verhouding:** Mev J identifiseer die moeder/dogter verhouding. Sy identifiseer ook sterk met die moederlike rol. Hierdie rol beteken vir haar 'n belangstelling en uitreiking na die kind.

### *11.3. A. J en C*

Soos reeds aangedui is daar geen psigometriese evaluasie van die kinders gedoen nie, maar is individuele onderhoude met elkeen van die kinders gevoer en is twee tuisbesoeke gedoen met die oog daarop om die kinders in hulle tuisomgewing in die teenwoordigheid van hulle ouers waar te neem.

Die eerste besoek was in die teenwoordigheid van mev J en die tweede in die teenwoordigheid van mnr J Tydens die tweede geleentheid was A laat weens netbaloefening.

Al drie die kinders presenteer as intelligente en goed aangepaste kinders. A is goed ingelig oor die situasie. Ek is van mening dat dit nie in haar belang is nie en het die aangeleentheid met mev J bespreek. wat skynbaar hoofsaaklik verantwoordelik was vir die oordra van inligting. Albei ouers behoort sorg te dra dat A nie ingetrek raak by die situasie nie - soos sy self aan my bevestig het.

A het goeie insig in haar ouers se wyse van situasies hanteer, naamlik dat haar moeder besonder pedanties is en dat haar vader 'n meer gemaklike en laissez-faire houding het.

A is verder van mening dat haar ouers albei goeie versorgende ouers is, wat mekaar ten opsigte van ouerskap aanvul.

A 'bepleit 'n oop verhouding met haar ouers waar sy gereelde kontak met albei ouers het. Dit is tipies die behoefte van die adolessent en ek meen die ouerpaar behoort 'n manier te vind waarop hulle dit kan fasiliteer.

Uit my kontak met J is dit duidelik dat hy, soos A ook deur die inligting tot sy beskikking by 'n proses ingetrek word waarvoor hy emosioneel nog nie gereed is nie. Sake wat J veral angstig maak is aangeleenthede soos die besit van die huis en die verdeling daarvan; hantering van geld; die redes vir die egskeiding; latere verblyf's- en toegangsreëlings.

J het 'n duidelike uitgesproke wens tot gereelde kontak met sy vader. Soos aangedui, bekommer hy hom reeds dat sy moeder kontak sal beperk; dat hy sy vader net elke tweede naweek sal kan sien; dat sy vader sal verongeluk en dat sy vader nie sy beloftes sal nakom om hom op gesette tye af te haal nie.

J het ook uitgesproke probleme met mev J se onvermoë om haar humeur te beteuel. Dit skyn asof hy besondere probleme in die verband ondervind.

Hierdie aspek sal aandag in psigoterapie moet geniet daar dit die kinders in die huweliks- en egskeidingskonflik gevange hou.

Ek wil graag beklemtoon dat albei ouers goeie ouers is. Mev J is die versorgende ouer, terwyl mnr J die stimulusouer is. Ek meen dat die besondere eienskappe van die ouers tot voordeel van die kinders aangewend moet word. Mnr J is myns insiens ewe bevoeg om die toesighoudende ouer te wees, maar soos aangedui sal word meen ek dat die primêre woning by mev J sal wees met die kontak soos aangedui sal word: gesamentlike besluitneming oor belangrike aspekte soos skool-, godsdiens- en mediese aangeleenthede - waar daar weinig, indien enige, verskille tussen die ouers is; en op die onderneming dat mev J nie die Gautengarea permanent sal verlaat sonder oorlegpleging met mnr J en sonder om 'n geleentheid te gee waarin 'n herevaluasie gedoen kan word ten einde te bepaal wat in die belang van die kinders sal wees nie.

Die kinders het 'n duidelike uitgesproke behoefte aan kontak met albei ouers. Soos reeds aangedui, het A 'n behoefte aan gereelde kontak met albei ouers wat by haar ontwikkelingsbehoeftes inpas. Die aangewese reëling in die verband sou wees dat A een naweek in 'n vierweeksiklus in haar moeder en een naweek in haar vader se sorg is en die ander twee naweke "floating" naweke is. Dit sal A 'n gevoel van groter beheer oor haar lewe gee, maar ook vir haar geleentheid gee om sonder konflik kontak met haar vriende te maak. Ek sal verder ook aanbeveel dat mnr J

, soos A duidelik verlang, verantwoordelikheid vir sekere aktiwiteite soos koor. sal neem. Dit sal beteken dat mnr J volle verantwoordelikheid vir A se kooroefening en optredes sal neem. Dit sal mnr J nie alleen op 'n volgehoue basis deel van A se lewe maak nie, maar sal ook 'n las van mev J neem om haar die geleentheid te gee om aandag aan haar nuwe werksituasie te gee.

J het 'n duidelike uitgesproke behoefte aan kontak met sy vader. Mnr J behoort ook verantwoordelikheid vir 'n aktiwiteit van J te neem. Ek sou graag wou aanbeveel dat J se kontak met sy vader so struktureer word dat hy elke Donderdag of Maandag by sy vader oorslaap, wat hom nie net weekliks kontak met sy vader gee nie, maar ook elke alternatiewe naweek 'n verlengde naweek sal gee wat vier oorslaapgeleenthede sal gee.

Ten einde die reëlings te vergemaklik behoort C die geleentheid met J te deel. Die ideale situasie sou wees as een van die kinders op die Donderdag oorslaap en die ander op die Maandag. Elke kind sou dan vier oorslaapgeleenthede hê plus een "alleentyd" saam met hulle vader. In praktyk sal dit dus wees:

J Donderdag tot Maandagoggend; en

C Vrydag tot Dinsdagoggend.

## 12. OPSOMMING

### *12.1. Mnr J*

Mnr J demonstreer huidiglik simptome wat verband hou met depressie wat situasioneel is. Hy is ooglopend oorbetrokke by sy werksaktiwiteite. Hierdie aspek bied aan hom die geleentheid om die hantering van sy emosies te vermy. Dit wil voorkom asof struktuur aan hom 'n gevoel van sekuriteit bied.

Mnr J demonstreer hoë standaardvlakke, maar terselfdertyd 'n lae selfesteem en dit mag lei tot die persepsie dat hy homself en ander teleurgestel het. Hy het my die indruk gelaat van 'n ernstige en opregte persoon, wat die beste belange van sy kinders op die hart het. Min, indien enige, indikasie van patologie is gevind en dit wil voorkom asof mnr J se persoonlikheidsfunksionering geïntegreerd is.

### *12.2. Mev J*

Mev J het oor 'n tydperk van meer as tien jaar huweliksprobleme ondervind en het gedurende hierdie tyd verskeie pogings aangewend om die huwelik te red, insluitende 'n bereidwilligheid om die

## 13. AANBEVELING

13.1. Gesamentlike toesig en beheer met die primêre woning by mev J

13.2. Toegangsreëlings soos aangedui.

13.3. Beperking op permanente verlating van die Gaugtengarea.

13.4. Terapie vir albei ouers

13.5. Egskeidingsbegeleiding en/of terapie vir die drie kinders soos nodig mag wees.

13.6. 'n Bemiddelingsklousule behoort in 'n Hofbevel vervat te word.

**Verslag opgestel en geteken deur ', geregistreerde Voorligting en Opvoedkundige Sielkundige**

**BYLAAG C**

# DIE VRAELYS AAN DIE REGTERS, PROKUREURS, MAATSKAPLIKE WERKERS EN SIELKUNDIGES

Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

**DEPARTEMENT PSIGOLOGIE**
Tel (0148) 21722
E-Pos
PSGAJVB@PUKNET.PUK.AC.ZA

Posbus 13791
Clubview
0014
Tel:012-3432974
Fax:012-3410123

Geagte Prof/Dr/Mnr/Me

Die toename in die egskeidingsyfer en die veranderende wetgewing rondom toesig-en-beheer van kinders, lei tot alternatiewe metodes in die besluitneming van bogenoemde sake. Sielkundiges en deskundige getuies in die hof is al redelik in gebruik maar tans is die gebruik van 'n psigologiese span 'n redelik onbekende metode. Die doel van beide metodes is om die hof by te staan met evaluerings en aanbevelings. Die doel van die ondersoek is om die effektiwiteit van die spanbenadering vas te stel.

U hulp word gevra met hierdie navorsing deur die invul van vrelyste wat u plus minus 30 minute sal neem. As u bereid is om deel te neem aan hierdie navorsing sal u my asseblief so gou as moontlik kontak by bogenoemde nommer sodat die nodige vraelys aan u gestuur kan word?

U hulp in die verband word opreg waardeer.

L.N. Rossouw
M-Student

M.R. de Waal

Mev. M.R. de Waal
Studieleier

# VRAELYS VIR SIELKUNDIGES, MAATSKAPLIKE WERKERS, PROKUREURS, ADVOKATE EN REGTERS

STRENG VERTROULIK

Vraelysnommer | 0 | 2 | |

Vir kantoorgebruik

## Afdeling A: Demografiese Gegewens

1. Geslag

| | | |
|---|---|---|
| Manlik | 1 | 1 |
| Vroulik | 2 | |

2. Ouderdom: Binne watter ouderdomsgroep ressorteer u?

| | | |
|---|---|---|
| 20 - 30jr | 1 | 2 |
| 30 - 40jr | 2 | |
| 40 - 50jr | 3 | |
| 50 + jr | 4 | |

3. Taalverband :

Huistaal:

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaans | 1 | 3 |
| Engels | 2 | |
| Ander.......................... (Spesifiseer) | 3 | |

Werkstaal:

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaans | 1 | 4 |
| Engels | 2 | |
| Ander.......................... (Spesifiseer) | 3 | |

4. Huwelikstatus:

| | | |
|---|---|---|
| Enkel | 1 | 5 |
| Getroud | 2 | |
| Vervreemd | 3 | |
| Geskei | 4 | |
| Weduwee / Wewenaar | 5 | |
| Ander.......................... (Spesifiseer) | 6 | |

# VRAELYS VIR SIELKUNDIGES, MAATSKAPLIKE WERKERS, PROKUREURS, ADVOKATE EN REGTERS
## STRENG VERTROULIK

5. Beroep:

| | | |
|---|---|---|
| Sielkundige | 1 | 6 |
| Maatskaplike Werker | 2 | |
| Gesinsadvokaat | 3 | |
| Prokureur | 4 | |
| Regter | 5 | |

6. Waar is u werksaam?

| | | |
|---|---|---|
| Staatsdepartement | 1 | 7 |
| Semi-staatsdepartement | 2 | |
| Openbare Koöperasie | 3 | |
| Privaat Firma | 4 | |
| Ander........................ (Spesifiseer) | 5 | |

7. Het u voorheen met sake gewerk met betrekking tot toesig en beheer van kinders by egskeidings?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | 8 |
| Nee | 2 | |

## Afdeling B: Evaluasie

### OPINIE AANGAANDE VERSLAE

(Let asseblief na: Wit blokkies is vir die sielkundige span - verslag en die lig-grys blokkies vir die enkel sielkundige verslag. U moet dus u opinie oor altwee gee by elke vraag.)

8. Die evaluering was volgens u oordeel:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Objektief | 1 | 1 | 9 |
| Subjektief | 2 | 2 | |

9. Die finale besluit oor toesig en beheer was ten gunste van:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kind(ers) | 1 | 1 | 10 |
| Ouers | 2 | 2 | |
| Sisteem | 3 | 3 | |

## VRAELYS VIR SIELKUNDIGES, MAATSKAPLIKE WERKERS, PROKUREURS, ADVOKATE EN REGTERS

STRENG VERTROULIK

10. Die besluit word deur u:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aanvaar | 1 | 1 | 11 |
| Verwerp | 2 | 2 | |

Indien verwerp, gee rede(s).

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

11. Dit is noodsaaklik dat die evulueerder(s) se aanbeveling aan al die partye oorgedra word.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 12 |
| Nee | 2 | 2 | |

Indien Nee, gee rede(s).

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

12. Voel u dit is nodig dat ondersteuningsnetwerke aanbeveel en/of opgevolg moet word?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 13 |
| Nee | 2 | 2 | |

Indien Ja, gee rede(s).

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

13. Kan u die evalueerder(s) se professionele opinie vertrou?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 14 |
| Nee | 2 | 2 | |

Indien Nee, gee rede(s).

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

# VRAELYS VIR SIELKUNDIGES, MAATSKAPLIKE WERKERS, PROKUREURS, ADVOKATE EN REGTERS

STRENG VERTROULIK

14. Vanuit die verslae blyk dit dat die kind(ers) vir die onskuldige party(e) gegee word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 15 |
| Nee | 2 | 2 | |

15. Word die wense van die kind(ers) in ag geneem?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 16 |
| Nee | 2 | 2 | |

16. Die geestelike en fisiese gesondheid van die individu word in ag geneem

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 17 |
| Nee | 2 | 2 | |

17. Word die minimum ontwrigting voorgestel?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 18 |
| Nee | 2 | 2 | |

18. Word die impak van spanning op die gesin in ag geneem?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 19 |
| Nee | 2 | 2 | |

19. Is u op hoogte met die nodige terme wat gebruik word in die verslae?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 20 |
| Nee | 2 | 2 | |

20. Lees u:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die totale verslag | 1 | 1 | 21 |
| Slegs die aanbevelings | 2 | 2 | |

21. Is die tydperk van die evaluasie aanneemlik?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 22 |
| Nee | 2 | 2 | |

Indien Nee, gee rede(s).

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

## VRAELYS VIR SIELKUNDIGES, MAATSKAPLIKE WERKERS, PROKUREURS, ADVOKATE EN REGTERS

STRENG VERTROULIK

22. Word daar in die beste belang van die kind(ers) opgetree?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 23 |
| Nee | 2 | 2 | |

23. Word die interaksie en interverhouding tussen kind(ers), ouers en sibbe in ag geneem?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 24 |
| Nee | 2 | 2 | |

24. Bydrae van die sielkundige(s) word gesien as:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Positief | 1 | 1 | |
| Negatief | 2 | 2 | 25 |
| Verwarrend | 3 | 3 | |

25. Is verslae:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Logies | 1 | 1 | |
| Onverstaanbaar | 2 | 2 | 26 |
| Vaag | 3 | 3 | |

26. Is die ondersoek deeglik genoeg om 'n afleiding te kan maak met betrekking tot beherende toesig?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 27 |
| Nee | 2 | 2 | |

27. Met betrekking tot die ouderdomme van die kind(ers), is die aanbeveling van beheer en toesig uit u oogpunt aanvaarbaar.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 28 |
| Nee | 2 | 2 | |

Indien Nee, gee rede(s).

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

# VRAELYS VIR SIELKUNDIGES, MAATSKAPLIKE WERKERS, PROKUREURS, ADVOKATE EN REGTERS

STRENG VERTROULIK

## OPINIE OOR TOESIG EN BEHEER IN DIE ALGEMEEN

28. Watter toesig en beheer ooreenkoms staan u voor?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Alleen toesig | 1 | 1 | 29 |
| Gedeelde toesig | 2 | 2 | |
| Ander............................... (Spesifiseer) | 3 | 3 | |

29. Die partye betrokke by die evaluasie moet volgens u opinie bestaan uit:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Almal (Die hele gesin) | 1 | 1 | 30 |
| Een ouer en kind(ers) | 2 | 2 | |
| Ander belangrike partye | 3 | 3 | |

30. Getuig die evalueerder(s) in die hof namens:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Een van die partye | 1 | 1 | 31 |
| Die kind(ers) | 2 | 2 | |
| Die sisteem | 3 | 3 | |

31. Bestaan alle evaluasie uit:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Toetsing | 1 | 1 | 32 |
| Onderhoude | 2 | 2 | |
| Opvolging van inligting | 3 | 3 | |

32. Word 'n maatskaplike werker(s) se bydrae vereis?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 33 |
| Nee | 2 | 2 | |

33. Sal u die aanbeveling gebruik al is dit teen die partye wat u verteenwoordig?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 34 |
| Nee | 2 | 2 | |

Indien Ja, gee rede(s):

........................................................................................
........................................................................................
........................................................................................
........................................................................................

# VRAELYS VIR SIELKUNDIGES, MAATSKAPLIKE WERKERS, PROKUREURS, ADVOKATE EN REGTERS

STRENG VERTROULIK

34. Beveel u die soort evaluasie by u kliënte aan?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 35 |
| Nee | 2 | 2 | |

35. Dink u dat so 'n evaluasie uiteindelik ten gunste van die kind(ers) is?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 36 |
| Nee | 2 | 2 | |

36. Dink u die evalueerder(s) is genoegsaam opgelei vir hierdie span - situasie?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 37 |
| Nee | 2 | 2 | |

Indien Nee, gee rede(s):

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

..................................................................................................

37. Gebruik u somtyds 'n sielkundige(s) om u party se saak te versterk en/of om die teen party se saak te benadeel?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 38 |
| Nee | 2 | 2 | |

38. By herevaluering, sien u die verandering van toesig as:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ontwrigtend vir die kind(ers) | 1 | 1 | 39 |
| Voordelig vir die kind(ers) | 2 | 2 | |

39. Aanvaar u dat die geestelike gesondheidsorg meer deskundig is op die gebied van ouer-kind verhoudinge?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 40 |
| Nee | 2 | 2 | |

40. Wat beskou u as die belangrikste?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Evaluering van die kind(ers) | 1 | 1 | |
| Evaluering van die ouer(s) | 2 | 2 | 41 |
| Evaluering van die verhouding tussen die ouer(s) en die kind(ers) | 3 | 3 | |

## VRAELYS VIR SIELKUNDIGES, MAATSKAPLIKE WERKERS, PROKUREURS, ADVOKATE EN REGTERS

STRENG VERTROULIK

41. In watter mate word die aanpassing by die huis, skool en gemeenskap in ag geneem?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Goed | 1 | 1 | 42 |
| Redelik | 2 | 2 | |
| Swak | 3 | 3 | |

42. U begrip van psigometriese toetse is:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Goed | 1 | 1 | 43 |
| Redelik | 2 | 2 | |
| Swak | 3 | 3 | |

43. Beskou u die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n persoon as fundamenteel?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 44 |
| Nee | 2 | 2 | |

44. Met betrekking tot sielkundiges se betrokkenheid by toesig en beheer evaluasies, is u:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ten gunste daarvan | 1 | 1 | 45 |
| Daarteen gekant | 2 | 2 | |

45. Referente word gekontak. Sou u verkies dat hulle deur ...

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die span | 1 | 1 | 46 |
| Sielkundige | 2 | 2 | |
| Maatskaplike werker | 3 | 3 | |
| Of 'n onpartydige persoon | 4 | 4 | |

gekontak word?

46. Speel die ouderdom(me) van die kind(ers) 'n rol by wie hy/sy/hulle geplaas word?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 47 |
| Nee | 2 | 2 | |

Indien Ja, gee rede(s):

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

## VRAELYS VIR SIELKUNDIGES, MAATSKAPLIKE WERKERS, PROKUREURS, ADVOKATE EN REGTERS

STRENG VERTROULIK

47. Word die ouers se finasiële posisie in ag geneem met betrekking tot die evaluasie?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | 1 | 48 |
| Nee | 2 | 2 | |

48. Wie moet volgens u die finansiële aspek van die evaluering dra?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Party wat die egskeiding aanvra | 1 | 1 | |
| Finansiëel sterker party | 2 | 2 | 49 |
| Albei partye | 3 | 3 | |

U samewerking in die voltooing van die vraelys word opreg waardeer.

Plaas asseblief die voltooide vraelys in die gefrankeerde koevert en stuur dit terug voor die 31ste Julie 1997 aan:

Mej. LN Rossouw
Posbus 13791
Clubview
0014

Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

DEPARTEMENT
PSIGOLOGIE
Tel (0148) 21722
E-Pos
PSGAJVB@PUKNET.PUK.AC.ZA

P.O. Box 13791
Clubview
0014
Tel:012-3432974
Fax:012-3410123

Dear Prof/Dr/Mr/Me

The increase in the divorce rate and the changes in the law lead to alternative methods of deciding custody cases. Psychologists have become known allies as expert witnesses in these cases and from this arise the relative unknown alternative of a psychological team that assist the court in its decision making, with evaluation and recommendation. The research is done to estimate the effectiveness of a team approach in the court.

Your assistance is asked in this research by filling in a questionnaire that will take about 30 minutes of your time. If you are willing to participate in this research, would you be so kind as to contact me at the above mentioned telephone number as soon as possible, so that the questionnaire can be forwarded to you.

You assistance regarding this matter will sincerely be appreciated.

Yours sincerely

L.N. Rossouw
M-Student

M.R. de Waal
Mevr. M.R. de Waal
Supervisor

# QUESTIONNAIRE FOR PSYCHOLOGISTS, SOCIAL WORKERS, LAWYERS, ADVOCATES AND JUDGES

STRICTLY CONFIDENTIAL

| | |
|---|---|
| Questionnaire Number 0 2 | For Office Use |

## Section A: Personal Particulars

1. Sex:

| | | |
|---|---|---|
| Male | 1 | 1 |
| Female | 2 | |

2. Age: Within which age group category do you fall?

| | | |
|---|---|---|
| 20 – 30yr | 1 | 2 |
| 30 – 40yr | 2 | |
| 40 – 50yr | 3 | |
| 50 + yr | 4 | |

3. Language:

Home language:

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaans | 1 | 3 |
| English | 2 | |
| Other........................ (Specify) | 3 | |

Work language:

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaans | 1 | 4 |
| English | 2 | |
| Other........................ (Specify) | 3 | |

4. Marital status:

| | | |
|---|---|---|
| Single | 1 | 5 |
| Married | 2 | |
| Separated | 3 | |
| Divorced | 4 | |
| Widowed | 5 | |
| Other........................ (Specify) | 6 | |

# QUESTIONNAIRE FOR PSYCHOLOGISTS, SOCIAL WORKERS, LAWYERS, ADVOCATES AND JUDGES

STRICTLY CONFIDENTIAL

5. Career/Profession:

| | | |
|---|---|---|
| Psychologist | 1 | 6 |
| Social worker | 2 | |
| Advocate | 3 | |
| Lawyer | 4 | |
| Judge | 5 | |

6. Where do you work?

| | | |
|---|---|---|
| State department | 1 | 7 |
| Semi-state department | 2 | |
| Public corporation | 3 | |
| Private firm | 4 | |
| Other...................... (Specify) | 5 | |

7. Where you ever previously involved with custody cases?

| | | |
|---|---|---|
| Yes | 1 | 8 |
| No | 2 | |

## Section B: Evaluation

## OPINION REGARDING REPORTS

(Please note: White squares are for the psychological team report and the light gray squares for the single psychologist report at each question)

8. In your opinion the evaluation was:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Objective | 1 | 1 | 9 |
| Subjective | 2 | 2 | |

9. The recommendation of custody was in favor of:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Child(ren) | 1 | 1 | 10 |
| Parent(s) | 2 | 2 | |
| The system | 3 | 3 | |

## QUESTIONNAIRE FOR PSYCHOLOGISTS, SOCIAL WORKERS, LAWYERS, ADVOCATES AND JUDGES

STRICTLY CONFIDENTIAL

10. Did you accept/reject this decision?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Accept | 1 | 1 | 11 |
| Reject | 2 | 2 | |

If Reject, give reason(s):

.................................................................................................

.................................................................................................

.................................................................................................

.................................................................................................

11. It is essential that the recommendation is given to all the parties involved:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 12 |
| No | 2 | 2 | |

If NO, give reason(s):

.................................................................................................

.................................................................................................

.................................................................................................

.................................................................................................

12. Do you feel it is necessary for the mental health practitioners to recommend support networks and/or that it is followed up?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 13 |
| No | 2 | 2 | |

If YES, give reason(s):

.................................................................................................

.................................................................................................

.................................................................................................

.................................................................................................

13. Can you trust the mental health practitioner(s)' professional opinion?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 14 |
| No | 2 | 2 | |

If NO, give reason(s):

.................................................................................................

.................................................................................................

.................................................................................................

.................................................................................................

## QUESTIONNAIRE FOR PSYCHOLOGISTS, SOCIAL WORKERS, LAWYERS, ADVOCATES AND JUDGES

STRICTLY CONFIDENTIAL

14. In the report, does it seem as if the child(ren) is given to the innocent party(ies)?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 15 |
| No | 2 | 2 | |

15. Is the child(ren)'s wishes, regarding their future, taken into consideration in the evaluation?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 16 |
| No | 2 | 2 | |

16. The mental and physical health of each individual are considered?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 17 |
| No | 2 | 2 | |

17. Is the minimum disruption recommended by the practitioners?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 18 |
| No | 2 | 2 | |

18. Is the impact of stress on the family considered?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 19 |
| No | 2 | 2 | |

19. Are the terms used in the report known to you?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 20 |
| No | 2 | 2 | |

20. Do you read:

| | | | |
|---|---|---|---|
| The full report | 1 | 1 | 21 |
| Only the recommendation | 2 | 2 | |

# QUESTIONNAIRE FOR PSYCHOLOGISTS, SOCIAL WORKERS, LAWYERS, ADVOCATES AND JUDGES

STRICTLY CONFIDENTIAL

21. Is the time period of the evaluation acceptable?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 22 |
| No | 2 | 2 | |

If NO, give reason(s):

.....................................................................................................

.....................................................................................................

.....................................................................................................

.....................................................................................................

22. Is the final recommendation in the best interest of the child(ren)?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 23 |
| No | 2 | 2 | |

23. Do the practitioner(s) consider the interaction and interrelationship between the child(ren), its parents and siblings?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 24 |
| No | 2 | 2 | |

24. The involvement of the mental health practitioner is seen as:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Positive | 1 | 1 | |
| Negative | 2 | 2 | 25 |
| Confusing | 3 | 3 | |

25. The report is:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Logical | 1 | 1 | |
| Confusing | 2 | 2 | 26 |
| Vague | 3 | 3 | |

26. Is the evaluation thorough enough in order to come to a conclusion regarding custody?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 27 |
| No | 2 | 2 | |

# QUESTIONNAIRE FOR PSYCHOLOGISTS, SOCIAL WORKERS, LAWYERS, ADVOCATES AND JUDGES

STRICTLY CONFIDENTIAL

27. In light of the child(ren)'s ages, is the recommendation regarding custody acceptable?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 28 |
| No | 2 | 2 | |

If NO, give reason(s):

.......................................................................................

.......................................................................................

.......................................................................................

.......................................................................................

## OPINION REGARDING CUSTODY IN GENERAL

28. Which custody arrangement are you in favor of:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Sole custody | 1 | 1 | 29 |
| Joint custody | 2 | 2 | |
| Other.............................. (Specify) | 3 | 3 | |

29. The parties involved in the evaluation must consist of:

| | | | |
|---|---|---|---|
| The whole family | 1 | 1 | 30 |
| One parent and the child(ren) | 2 | 2 | |
| Other important parties | 3 | 3 | |

30. The mental health practitioner(s) testify in court on behalf of:

| | | | |
|---|---|---|---|
| One of the parties | 1 | 1 | 31 |
| The child(ren) | 2 | 2 | |
| The system | 3 | 3 | |

31. Do all the evaluations consist of:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tests | 1 | 1 | 32 |
| Interviews | 2 | 2 | |
| Follow up on information | 3 | 3 | |

32. Is the involvement of a social worker required?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 33 |
| No | 2 | 2 | |

# QUESTIONNAIRE FOR PSYCHOLOGISTS, SOCIAL WORKERS, LAWYERS, ADVOCATES AND JUDGES

STRICTLY CONFIDENTIAL

33. Would you use the recommendation even if it is to the disadvantage of the party that you represent?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 34 |
| No | 2 | 2 | |

If YES, give reason(s):

........................................................................................

........................................................................................

........................................................................................

........................................................................................

34. Do you recommend evaluations like these to your clients/patients?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 35 |
| No | 2 | 2 | |

35. In your opinion, is such an evaluation eventually in the best interest of the child(ren)?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 36 |
| No | 2 | 2 | |

36. In your opinion, are the mental health practitioners qualified to work in a team situation regarding custody?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 37 |
| No | 2 | 2 | |

If NO, give reason(s):

........................................................................................

........................................................................................

........................................................................................

........................................................................................

37. Do you sometimes use mental health practitioners to your party's advancement and the disadvantage of the opposition?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 38 |
| No | 2 | 2 | |

38. In the reevaluation of custody arrangements, do you see the change of custody as:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Disruptive to the child(ren) | 1 | 1 | 39 |
| Advantageous to the child(ren) | 2 | 2 | |

# QUESTIONNAIRE FOR PSYCHOLOGISTS, SOCIAL WORKERS, LAWYERS, ADVOCATES AND JUDGES

STRICTLY CONFIDENTIAL

39. Do you agree that the mental health practitioner is more of an expert on parent-child relationships?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 40 |
| No | 2 | 2 | |

40. What do you consider the most important?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Evaluation of the child(ren) | 1 | 1 | 41 |
| Evaluation of the parent(s) | 2 | 2 | |
| Evaluation of the relationship between parent and child(ren) | 3 | 3 | |

41. To what extent is adjustment regarding home, school and society considered?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Good | 1 | 1 | 42 |
| Reasonable | 2 | 2 | |
| Poor | 3 | 3 | |

42. Your knowledge of psychometric tests is:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Good | 1 | 1 | 43 |
| Reasonable | 2 | 2 | |
| Poor | 3 | 3 | |

43. Do you consider the developmental history of a person as fundamental to custody cases?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 44 |
| No | 2 | 2 | |

44. How do you feel regarding psychologist's involvement in custody cases?

| | | | |
|---|---|---|---|
| In favor thereof | 1 | 1 | 45 |
| Against it | 2 | 2 | |

45. The contacting of different references should be done by:

| | | | |
|---|---|---|---|
| The team | 1 | 1 | 46 |
| Psychologist | 2 | 2 | |
| Social worker | 3 | 3 | |
| Uninvolved party | 4 | 4 | |

# QUESTIONNAIRE FOR PSYCHOLOGISTS, SOCIAL WORKERS, LAWYERS, ADVOCATES AND JUDGES

STRICTLY CONFIDENTIAL

46. Does the child(ren)s age play a role in his/her/their placement with a parent?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 47 |
| No | 2 | 2 | |

If YES, give reason(s):

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

47. Is the parent's financial position a factor to be considered in evaluation?

| | | | |
|---|---|---|---|
| Yes | 1 | 1 | 48 |
| No | 2 | 2 | |

48. The financial cost of the evaluation should be carried by:

| | | | |
|---|---|---|---|
| The party that requests the divorce | 1 | 1 | |
| The stronger financial party | 2 | 2 | 49 |
| Both the parties | 3 | 3 | |

Your co-operation in the completion of this questionnaire is appreciated.

Please place the completed questionnaire in the enclosed stamped envelope and return before the 31st of July 1997 to:

Ms. LN Rossouw
P O Box 13791
Clubview
0014

# BYLAAG D

**WET OP EGSKEIDING, NO. 70 VAN 1979**

Om die reg met betrekking tot egskeiding te wysig en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

**1. Woordomskrywing.**-(1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

**„egskeidingsgeding"** 'n geding waarby 'n egskeidingsbevel of ander regshulp wat daarmee in verband staan, aangevra word , en ook -

(a) 'n aansoek *pendente lite* om 'n interdik of om die tussentydse bewaring van of toegang tot 'n minderjarige kind uit die betrokke huwelik of om die betaling van onderhoud; of

(b) 'n aansoek om 'n bydrae tot die koste van so 'n geding of om so 'n geding of so 'n aansoek *in forma pauperis* in te stel of te doen of die ediktale sitasie van 'n party, in so 'n geding of aansoek;

**„hof"** die provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, of 'n egskeidingshof ingestel kragtens artikel 10 van die Swart Administrasiewet, 1927 (Wet No.9 van 1929), wat met betrekking tot 'n egskeidingsgeding jurisdiksie het.

**„pensioenbelang"**, met betrekking tot 'n party in 'n egskeidingsgeding wat-

(a) 'n lid is van 'n pensioenfonds (uitgesonderd 'n uittredingsannuïteitsfonds), die voordele waarop daardie party as so 'n lid ingevolge die statute van daardie fonds geregtig sou gewees het as sy lidmaatskap van die fonds op die datum van die egskeiding beëindig sou geword het weens sy bedanking uit sy betrekking;

(b) 'n lid is van 'n uittredingsannuïteitsfonds wat *bona fide* ingestel is met die oogmerk om lyfrentes vir die lede van die fonds beskikbaar te stel, en wat 'n pensioenfonds is, die totale bedrag van daardie party se bydraes tot die fonds tot

op die datum van die egskeiding, tesame met 'n totale bedrag van jaarlikse enkelvoudige rente op die bydraes tot op die datum, bereken teen dieselfde koers as die koers wat op daardie datum deur die Minister van Justisie ingevolge artikel 1 (2) van die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers,1975 (Wet no. 55 van 1975), vir die doeleindes van daardie Wet voorgeskryf is;

**„pensioenfonds"** 'n pensioenfonds soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op pensioenfondse,1956 (Wet No. 24 van 1956), ongeag of die bepalings van daardie Wet op die pensioenfonds van toepassing is of nie;

**„statute"** met betrekking tot pensioenfonds, statute soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op Pensioenfondse, 1956.

(2) By die toepassing van hierdie Wet word 'n egskeidingsgeding geag ingestel te word op die datum waarop die dagvaardiging uitgereik of die kennisgewing van mosie ingedien

**2. Jurisdiksie.**-(1) 'n Hof het jurisdiksie in 'n egskeidingsgeding indien -

(a) die partye in die geding op die datum waarop die geding ingestel word gewoonlik in die regsgebied van daardie hof gedomisilieer is; of

(b) die vrou die eiser of applikant is en sy op die datum waarop die geding ingestel word gewoonlik in die regsgebied van daardie hof woonagtig is en vir 'n tydperk van een jaar onmiddellik voor daardie datum gewoonlik in die Republiek woonagtig was en -

(I) in die Republiek gedomisilieer is; of

(ii) in die Republiek gedomisilieer was onmiddellik voor die samewoning tussen haar en haar eggenoot beëindig is; of

(iii) onmiddellik voor haar huwelik 'n Suid-Afrikaanse burger was of in die Republiek gedomisilieer was.

(2) 'n Hof wat kragtens subartikel (1) (b) jurisdiksie het, het ook jurisdiksie ten opsigte van 'n teeneis of 'n teenaansoek in die betrokke egskeidingsgeding.

(3) 'n Hof wat kragtens hierdie artikel jurisdiksie het in 'n geval waar die partye nie in die Republiek gedomisilieer is nie, beslis enige geskilpunt ooreenkomstig die reg wat van toepassing sou gewees het indien die partye op die datum waarop die egskeidingsgeding ingestel is, in die regsgebied van die betrokke hof gedomisilieer was

(4) Die bepalings van hierdie Wet doen nie afbreuk aan die jurisdiksie wat 'n hof ingevolge 'n ander wet of die gemene reg het nie.

**3. Ontbinding van huwelik en egskeidingsgronde.-** 'n Huwelik kan deur 'n hof deur 'n egskeidingsbevel ontbind word en die enigste gronde waarop so 'n bevel verleen kan word, is-

(a) die onherstelbare verbrokkeling van die huwelik soos in artikel 4 beoog;

(b) die geestesgesteldheid of die voortdurende bewusteloosheid, soos in artikel 5 van 'n party by die huwelik.

**4. Onherstelbare verbrokkeling van huwelik as egskeidingsgrond.-** (1) 'n Hof kan 'n egskeidingsbevel op grond van die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik verleen indien hy oortuig is dat die huweliksverhouding tussen die partye by die huwelik so 'n toestand van verbrokkeling bereik het dat daar geen redelike vooruitsig op die herstel van 'n normale huweliksverhouding tussen hulle bestaan nie.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (1), en sonder die uitsluiting van enige feite of omstandighede wat op die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik dui, kan die hof getuienis-

(a) dat die partye vir 'n ononderbroke tydperk van minstens 'n jaar onmiddellik voor die datum van instelling van die egskeidingsgeding nie as man en vrou saamgeleef het nie;

(b) dat die verweerder owerspel gepleeg het en dat dit vir die eiser onbestaanbaar met 'n voorgesette huweliksverhouding is; of

(c) dat die verweerder kragtens 'n vonnis van 'n geregshof tot 'n gewoontemisdadiger verklaar is en ten gevolge van daardie vonnis gevangenisstraf ondergaan, as bewys van die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik aanvaar.

(3) Indien daar na die hof se oordeel 'n redelike moontlikheid bestaan dat die partye deur huweliksraadgewing, behandeling of oordenking versoen kan raak, kan die hof die verrigtinge uitstel sodat die partye 'n poging tot versoening kan aanwend.

(4) Waar 'n egskeidingsgeding wat nie verdedig word nie ingevolge subartikel (3) uitgestel word, kan die hof gelas dat die geding op die datum van hervatting daarvan *de novo* deur 'n ander regter van die betrokke hof verhoor word.

**5. Geestesongesteldheid of voortdurende bewusteloosheid as egskeidingsgronde.-**

(1) 'n Hof kan 'n egskeidingsbevel op grond van geestesongesteldheid van die verweerder verleen indien die hof oortuig is -

(a) dat die verweerder ingevolge die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet No.18 van 1973)-

(i) kragtens 'n opnemingsbevel as 'n pasiënt in 'n inrigting opgeneem is;

(ii) as 'n Presidentspasiënt in 'n inrigting of ander plek deur die Minister van Gevangenisse aangedui, aangehou word; of

(iii) as 'n geestesongestelde veroordeelde gevangene in 'n inrigting of gevangenishospitaal vir psigopate aangehou word,

en dat hy, vir 'n aaneenlopende tydperk van minstens twee jaar onmiddellik voor die instel van die egskeidingsgeding, nie as so 'n pasiënt, Presidentspasiënt of geestesongestelde gevangene onvoorwaardelik ontslaan is nie; en

(b) na die aanhoor van die getuienis van minstens twee psigiaters, van wie een deur die hof aangestel is, dat die verweerder geestesongesteld is en dat daar geen redelike vooruitsig bestaan dat hy van sy geestesongesteldheid genees sal word nie.

(2) 'n Hof kan 'n egskeidingsbevel verleen op grond daarvan dat die verweerder weens fisiese ongesteldheid in 'n toestand van voortdurende onbewustheid verkeer, indien die hof oortuig is -

(a) dat die verweerder se bewusteloosheid vir 'n ononderbroke tydperk van minstens ses maande onmiddellik voor die instel van die egskeidingsgeding geduur het; en

(b) na die aanhoor van die getuienis van minstens twee geneeshere, van wie een 'n neuroloog of 'n neurochirurg moet wees wat deur die hof aangestel is, dat daar geen redelike vooruitsig bestaan dat die verweerder sy bewussyn sal herwin nie.

(3) Die hof kan 'n regspraktisyn aanstel om die verweerder by verrigtinge ingevolge hierdie artikel te verteenwoordig en kan gelas dat die koste van sodanige verteenwoordiger deur die eiser betaal word.

(4) Die hof kan enige bevel gee wat hy goedvind met betrekking tot die stel van sekerheid deur die eiser ten opsigte van enige vermoënsregtelike voordele waarop die verweerder as gevolg van die ontbinding van die huwelik geregtig mag wees.

(5) By die toepassing van hierdie artikel het die uitdrukkings, „geestesongesteldheid", „inrigting", „opnemingsbevel", „pasiënt" en "Presidentspasiënt" die betekenis wat in die Wet op Geestesgesondheid, 1973, daaraan geheg word.

**6. Beskerming van belange van afhanklike en minderjarige kinders.-** (1) 'n Egskeidingsbevel word nie verleen nie alvorens die hof oortuig is dat die voorsiening wat vir die welsyn van 'n minderjarige of afhanklike kind uit die huwelik gemaak is of beoog word, bevredigend is of die beste is wat in die omstandighede bewerkstellig kan word.

(2) By die toepassing van subartikel (1) kan die hof enige ondersoek wat die hof nodig ag, laat instel en enigiemand gelas om voor hom te verskyn en die partye of enigeen van hulle gelas om die koste van so 'n ondersoek en verskyning te betaal.

(3) 'n Hof wat 'n egskeidingsbevel verleen, kan ten opsigte van die onderhoud van 'n afhanklike kind uit die huwelik of die bewaring van of voogdy oor of toegang tot 'n minderjarige kind uit 'n huwelik, enige bevel gee wat die hof goedvind, en kan in die besonder, indien dit na die hof se oordeel in belang van so 'n minderjarige kind sou wees om dit te doen, die uitsluitlike voogdy oor die minderjarige (waarby inbegrepe is die bevoegdheid om tot die huwelik van die kind toe te stem) of die uitsluitlike bewaring van die minderjarige, aan enige van die ouers toeken, en die hof kan gelas dat by die vooroorlye van die ouer naas wie die uitsluitlike voogdy oor die minderjarige toegeken word, 'n ander persoon as die langslewende ouer, hetsy gesamentlik met of met uitsluiting van die langslewende ouer, die voog oor die minderjarige sal wees.

(4) By toepassing van hierdie artikel kan die hof 'n regspraktisyn aanstel om die kind by die verrigtinge te verteenwoordig en kan die hof die partye of enigeen van hulle gelas om die koste van die verteenwoordiging te betaal.

**7. Verdeling van bates en onderhoud van partye.-** (1) 'n Hof wat 'n egskeidingsbevel verleen, kan in ooreenstemming met 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye, 'n bevel gee met betrekking tot die verdeling van die bates van die partye of die betaling van onderhoud deur die een party aan die ander.

(2) By ontstentenis van 'n bevel gegee kragtens subartikel (1) met betrekking tot die betaling van onderhoud deur een party aan die ander kan die hof, met inagneming van die bestaande of verwagte vermoëns van elk van die partye, hulle onderskeie verdienvermoëns, finansiële behoeftes en verpligtinge, die ouderdom van elk van die partye, die duur van die huwelik, die lewenspeil van die partye voor die egskeiding, hulle gedrag vir sover dit op die verbrokkeling van die huwelik betrekking het, 'n bevel ingevolge subartikel (3) en enige ander faktor wat na die oordeel van die hof in aanmerking geneem behoort te word, 'n bevel gee wat die hof billik ag met betreking tot die betaling van onderhoud deur die een party aan die ander vir enige tydperk tot die dood of hertroue van die party ten gunste van wie die bevel gegee is, na gelang die een of die ander eerste plaasvind.

(3) 'n Hof wat 'n egskeidingsbevel verleen ten opsigte van 'n huwelik buite gemeenskap van goedere wat voor die inwerkingtreding van die Wet op Huweliksgoedere, 1984,

gesluit is ingevolge huweliksvoorwaardes waardeur gemeenskap van goed, gemeenskap van wins en verlies en aanwasdeling in enige vorm uitgesluit is, kan, behoudens die bepalings van subartikels (4), (5) en (6) op aansoek van een van die partye by die huwelik, by ontstentenis van 'n ooreekoms tussen hulle betreffende die verdeling van hul bates, beveel dat die bates of die gedeelte van die bates, van die ander party wat die hof billik ag aan eersgenoemde party oorgedra word.

(4) 'n Bevel kragtens subartikel (3) word nie gegee nie tensy die hof oortuig is dat dit billik en regverdig is op grond daarvan dat die party ten gunste van wie die bevel gegee word tydens die duur van die huwelik direk of indirek bygedra het tot die instandhouding of groei van die boedel van die ander party, hetsy deur die lewering van dienste, of die besparing van uitgawes wat andersins aangegaan sou moes word, of op enige ander wyse.

(5) By die bepaling van die bates, of die gedeelte van die bates wat oorgedra moet word soos in subartikel(3) bedoel, neem die hof, benewens enige direkte of indirekte bydrae deur die betrokke party tot die instandhouding of groei van die boedel van die ander party gelewer soos in subartikel (4) bedoel, ook in aanmerking-

(a) die bestaande vermoëns en verpligtinge van die partye

(b) enige skenking wat tydens die duur van die huwelik deur die een party aan die ander gemaak is, of wat kragtens die betrokke huweliksvoorwaardes verskuldig of afdwingbaar is;

(c) enige bevel deur die hof kragtens artikel 9 van hierdie Wet of kragtens enige ander wet gemaak wat die vermoënsposisie van die partye raak; en

(d) enige ander faktor wat na die oordeel van die hof in aanmerking geneem behoort te word.

(6) 'n Hof wat 'n bevel kragtens subartikel (3) gee, kan, op aansoek deur die party teen wie die bevel gegee word, gelas dat voldoening aan die bevel uitgestel word op die voorwaardes, met begrip van voorwaardes betreffende die stel van sekerheid, die betaling van rente, die betaling van paaiemente, en die lewering of oordrag van bepaalde bates, wat die hof billik ag.

(7)(a) By die bepaling van die vermoënsregtelike voordele waarop die partye in enige egskeidingsgeding geregtig is, word 'n party se pensioenbelang behoudens paragrawe (b) en (c), geag deel van sy bates te wees.

**8. Intrekking, opskorting of wysiging van bevele-** (1) 'n Onderhoudsbevel of 'n bevel met betrekking tot die bewaring van of voogdy oor of toegang to 'n kind ingevolge hierdie Wet gegee, kan te eniger tyd deur 'n hof ingetrek of gewysig word of, in die geval van 'n onderhoudsbevel of 'n bevel met betrekking tot toegang tot 'n kind, opgeskort word, indien die hof bevind dat daar voldoende rede daarvoor bestaan.

(2) 'n Ander hof as die hof wat 'n bevel bedoel in subartikel (1) gegee het, kan so 'n bevel intrek, wysig of opskort indien die partye in die regsgebied eersbedoelde hof gedomisilieer is of die applikant in die regsgebied van bedoelde hof gedomisilieer is en die respondent tot die jurisdiksie van daardie hof toestem.

(3) Die bepalings van subartikel (1) en (2) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n bevel in subartikel (1) bedoel wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet deur 'n hof in 'n egskeldingsgeding gegee is.

**9. Verbeuring van vermoënsregtelike voordele van huwelik.** -(1) Wanneer 'n egskeidingsbevel op grond van die onherstelbare verbrokkeling van 'n huwelik verleen word, kan die hof 'n bevel gee dat die vermoënsregtelike voordele van die huwelik in die geheel of gedeeltelik deur een party ten gunste van die ander verbeur word, indien die hof, met inagneming van die duur van die huwelik, die omstandighede wat tot die verbrokkeling daarvan aanleiding gegee het en enige wesenlike wangedrag aan die kant van enigeen van die partye, oortuig is dat, as die verbeuringsbevel nie gegee word nie, die een party met betrekking tot die ander ombehoorlik bevoordeel sal word.

(2) In die geval van 'n egskeidingsbevel verleen op grond van die geestesongesteldheid of voortdurende bewusteloosheid van die verweerder, word geen bevel tot verbeuring van enige vermoënsregtelike voordele van die huwelik teen die verweerder gegee nie.

**10. Koste.-** Die hof is in 'n egskeidingsgeding nie gebonde om 'n kostebevel ten gunste van die suskesvolle party te gee nie, maar die hof kan, met inagneming van die vermoëns

van die party, en hulle gedrag vir sover dit ter sake is, die bevel gee wat hy billik ag, en die hof kan gelas dat die koste van die verrigtinge tussen die partye verdeel word.

**11. Prosedure.-** Die prosedure wat met betrekking tot 'n egskeidingsgeding van toepassing is, is die prosedure wat van tyd tot tyd by hofreëls voorgeskryf word.

**12. Beperking op die publikasie van besonderhede van egskeidingsgeding.-**

(1) Behalwe vir die bekendmaking of publikasie van die name van die party in 'n egskeidingsgeding, of dat 'n egskeidingsgeding tussen die partye in 'n geregshof hangende is, of die uitspraak of bevel van die hof, mag niemand enige besonderhede van 'n egskeidingsgeding of enige inligting wat in die loop van so 'n geding aan die lig kom, in die openbaar bekend maak of vir kennisname deur die publiek of enige deel van die publiek publiseer nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie met betrekking tot die publikasie van besonderhede of inligting-

(a) vir die doeleindes van die regspleging;

(b) in ''n *bona fide*-hofverslag wat nie deel uitmaak nie van 'n ander publikasie as 'n versameling-van verslae van die verrigtinge in geregshowe;of

(c) vir die bevordering van of gebruik in 'n besondere beroep of wetenskap.

(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot verrigtinge betreffende die toepassing of wysiging van 'n bevel kragtens hierdie Wet gegee.

(4) Iemand wat in stryd met die bepalings van hierdie artikel besonderhede of inligting publiseer, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens duisend rand of met gevangenistraf vir 'n tydperk van hoogstens 'n jaar of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

**13. Erkenning van sekere vreemde egskeidingsbevele.-** (1) Die geldigheid van 'n egskeidingsbevel verleen in 'n land of gebied waarin die eggenoot nie ten tyde van die verlening van die bevel gedomisilieer was nie, word deur 'n hof in die Republiek erken

indien daardie land of gebied vir die doeleindes van die erkenning van sodanige bevele deur die Minister van Justisie by kennisgewing in die Staatskoerant aangewys is.

**14. Afskaffing van bevele tot herstel van huweliksregte en geregtelike skeiding.-** 'n Hof is nie bevoeg om 'n bevel vir die herstel van huweliksregte of vir geregtelike skeiding te gee nie.

**15. Toepassing van Wet.-** Hierdie Wet is nie van toepassing met betrekking tot 'n egskeidingsgeding of verrigtinge van herstel van huweliksregte of vir geregtelike skeiding wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingestel is nie.

**16.** Wysig artikel 5 van die Wet op Huweliksaangeleenthede, No. 37 van 1953, as volg:- paragraaf (a) vervang subartikel (1); paragraaf (b) vervang subartikel (2); paragraaf (c) vervang subartikel(3); en paragraaf (d) vervang subartikel (6).

**17.** Wysig artikel 72 van die Boedelwet, No. 66 van 1965, deur daardie gedeelte van subartikel (1) wat paragraaf (b) daarvan voorafgaan, te vervang.

**18. Herroeping van wette.-** Die wette in die Bylae vermeld, word hierby herroep in die mate in die derde kolom van die Bylae uiteengesit.

**19. Kort titel en inwerkingtreding.-** Hierdie Wet heet die Wet op Egskeiding, 1979, en tree in werking op 1 Julie 1979.

## BYLAAG E

**WYSIGINGSWET OP EGSKEIDING, NO. 7 VAN 1989**

Tot wysiging van die Wet op Egskeiding, 1979, ten einde voorsiening te maak dat 'n party in 'n egskeidingsgeding in die pensioenbelang van die ander party kan deel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

**1. Wysiging van artikel 1 van Wet 70 van 1979.-** Artikel 1 van die Wet op Egskeiding, 1979, word hierby gewysig deur die volgende omskrywings by subartikel (1) te voeg:

„ Pensioenbelang", met betrekking tot 'n party in 'n egskeidingsgeding wat -

(a) 'n lid is van 'n pensioenfonds (uitgesonderd 'n uitredingsannuïteitsfonds), die voordele waarop daardie party as so 'n lid ingevolge die statute van daardie fonds geregtig sou gewees het as sy lidmaatskap van die fonds op die datum van die egskeiding beëindig sou geword het weens sy bedanking uit sy betrekking;

(b) 'n lid is van 'n uittredingsannuïteitsfonds wat *bona fide* ingestel is met die oogmerk om om lyfrentes vir die lede van die fonds beskikbaar te stel, en wat 'n pensioenfonds is, die totale bedrag van daardie party se bydraes tot die fonds tot op die datum van die egskeiding, tesame met 'n totale bedrag van jaarlikse enkelvoudige rente op die bydraes tot op die datum, bereken teen dieselfde koers as die koers wat op daardie datum deur die Minister van Justisie ingevolge artikel I(2) van die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, 1975 (Wet No. 55 van 1975), vir die doeleindes van daardie Wet voorgeskryf is;

‚pensioenfonds' 'n pensioenfonds soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), ongeag of die bepalings van daardie Wet op die pensioenfonds van toepassing is of nie;

‚statute', met betrekking tot 'n pensioenfonds, statute soos omskryf in artikel 1

(1) van die Wet op Pensioenfondse, 1956

**2. Wysigings van artikel 7 van Wet 70 van 1979, soos gewysig deur artikel 36 van Wet 88 van 1984.-** Artikel 7 van die Wet op Egskeiding, 1979, word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg:

„(7) (a) By die bepaling van die vermoënsregtelike voordele waarop die partye in enige egskeidingsgeding geregtig is, word 'n party se pensioenbelange, behoudens paragrawe (b) en (c) geag deel van sy bates te wees.

(b) Die bedrag wat aldus geag word deel van 'n party se bates te wees, word verminder met enige bedrag van sy pensioenbelang wat, uit hoofde van paragraaf (a), by 'n vorige egskeiding-

(I) aan 'n ander party oorbetaal of toegewys is; of

(ii) vir die doeleindes van 'n ooreenkoms bedoel in subartikel (1) ten voordele van 'n ander party in berekening gebring is.

(c) Paragraaf (a) is nie van toepassing nie op 'n egskeidingsgeding ten opsigte van 'n huwelik buite gemeenskap van goed wat op of na 1 November 1984 gesluit is ingevolge huweliksvoorwaardes waardeur gemeenskap van goed, gemeenskap van wins en verlies en die aanwasbedeling uitgesluit is.

(8) Ondanks die bepalings van enige ander wet of van die statute van enige pensioenfonds-

(a) kan die hof wat 'n egskedingsbevel ten opsigte van 'n lid van so 'n fonds verleen, 'n bevel gee dat -

(i) enige deel van die pensioenbelang van daardie lid wat uit hoofde van subartikel (7) die ander party in die betrokke egskeidingsgeding toekom of aan hom toegewys word, deur daardie fonds aan daardie ander party betaal moet word wanneer enige pensioenvoordele ten opsigte van daardie lid toeval;

(ii) 'n aantekening in die rekords van daardie fonds gemaaak word dat daardie deel van die betrokke pensioenbelang aldus aan daardie ander party betaalbaar is;

(b) is enige wet wat van toepassing is met betrekking tot die vermindering, oormaking, oordra, sedering, verpanding, verhipotekring of inbeslagneming van die pensioenvoordele, of enige rente ten opsigte daarvan, in daardie fonds, *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot daardie ander party se reg ten opsigte van daardie deel van die betrokke pensioenbelang,"

3. **Kort titel en inwerkingtreding.-** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Egskeiding, 1989 en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die staatskoerant bepaal ( Malan & Labaschagne,1985).

## BYLAAG F

### WET OP VOOGDY NO. 192 VAN 1993

( GOEDEGEKEUR OP 22 DESEMBER 1993) (DATUM VAN INVOERING 1 MAART 1994)

### WET

**Om verdere voorsiening te maak vir voogdy oor minderjarige kinders; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

1. **Voogdy.** – (1) Ondanks andersluitende bepalings van enige wet of die gemene reg, maar behoudens enige bevel van 'n bevoegde hof met betrekking tot uitsluitlike voogdy oor 'n minderjarige kind of enige reg, bevoegdheid of plig wat iemand ten aansien van so 'n kind het of nie het nie, is 'n vrou voog van haar minderjarige kinders uit 'n huwelik gebore en is sodanig voogdy gelykwaardig aan dié wat 'n vader kragtens die gemene reg ten aansien van sy minderjarige kinders het.

(2) Wanneer sowel 'n vader as 'n moeder voogdy oor 'n minderjaige kind uit hul huwelik het, is elkeen van hulle, behoudens enige bevel van 'n bevoegde hof tot die teendeel, bevoeg om selfstandig en sonder die toestemming van die ander enige reg of bevoegdheid uit te oefen of enige plig te verrig wat uit sodanige voogdy voortspruit; met dien verstande dat, tensy 'n bevoegde hof anders gelas, beide ouers se toestemming nodig is ten aansien van –

(a) die aangaan van 'n huwelik deur die minderjarige kind;

(b) aanneming van die kind;

(c) die verwydering van die kind uit die republiek deur een van die ouers of deur iemand anders as een van die ouers;

(d) die aansoek om 'n paspoort deur een van die ouers waarin die minderjarige kind as kind van die voornemende paspoorthouer aangedui staan te word;

(e) die vervreemding of beswaring van onroerende goed of 'n reg op onroerende goed wat aan die minderjarige kind behoort.

2. *Wysig artikel 5 van die Wet op Huweliksaangeleenthede, No. 37 van 1953, as volg:- paragraaf (a) vervang subtitel (3) (b); paragraaf (b) skrap subtitel (4); paragraaf (c) vervang subtitel (5); en paragraaf (d) skrap subtitel (7) – sien titel* Man en Vrou.

3. *Wysig artikel 72 (1) van die Boedelwet, No. 66 van 1965, as volg.- paragraaf (a) vevang die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan; paragraaf (b) vervang paragraaf (a) (i); paragraaf (c) vervang paragraaf (a) (ii); en paragraaf (d) vervang paragraaf (a) (iii) - sien titel* Boedels.

4. *Herroep artikel 13 van die Wet op Huweliksgoedere, No. 88 van 1984 – sien titel* Man en Vrou.

5. **Kort titel en inwerkingtreding.** – Hierdie Wet heet die Wet op Voogdy, 1993, en tree inwerking op 'n datum wat die Staatspresident by proklomasie *Staatskoerant* bepaal.